# MA ' AT IN EGIPTE -

# en veranderinge in die Amarna Periode

**deur**

**RODNEY PETER VAN WYK**

Mini-tesis ter gedeeltelike vervulling van

die vereistes vir die

**Graad M.Phil. aan die**

**Universiteit van Wes-Kaapland**

Departement Bybelkunde en Bybeltale

**Supervisors:** **Dr D Laurie**

**Dr I Cornelius**

1998 -

UWC THES (SPC)
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND
BIBLIOTEEK
299.31 VANW
LIBRARY
UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE

Ek verklaar hiermee dat **MA'AT IN EGIPTE - EN VERANDERINGE IN DIE AMARNA PERIODE** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings aangedui of erken het.

.............................................................................. ..........................................

**RP VAN WYK** **DATUM**

# *DANKWOORDE*


- My innige dank aan my God, Drie-enig, vir wie ek na hierdie studie nog groter waardering het.
- My supervisors, drs D Laurie en I Cornelius vir hulle motivering en begeleiding.
- Berni Millar, wie aanvanklik my belangstelling in die antieke Egiptiese religie geprikkel het.
- Die faktulteit Teologie en Religieuse studies vir vriendelike hulpvaardigheid.
- My vriende Baryl du Plessis en Paul Stohrer wat tikwerk en probleme met my komper help uitsorteer het.
- Bets Koen wie die finale dokument voorberei het.
- Die Gereformeerde kerk Elsiesrivier,my vriend en kollega dr P W Bingle vir finansiële ondersteuning.
- My vrou Ray en twee seuns Ridley-Ryan en Raldon vir hulle geduld en ondersteuning gedurende my studie.
- My ouers aan wie ek met dank hierdie tesis opdra.

# INHOUDSOPGAWE


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | **INLEIDING** | | 5 |
| | 1.1 | Werkswyse | 6 |
| | 1.2 | Amama Periode | 6 |
| 2. | **DIE BEGRIP MA'AT** | | 9 |
| | 2.1 | Verskillende Beskrywings van Ma'at | 9 |
| | 2.1.1 | James H Breasted | 9 |
| | 2.1.2 | Helmer Ringgren | 10 |
| | 2.1.3 | Jaroslav Čemy | 10 |
| | 2.1.4 | Siegfried Morenz | 11 |
| | 2.1.5 | William C Hayes | 12 |
| | 2.1.6 | Othmar Keel | 12 |
| | 2.1.7 | Erik Homung | 12 |
| | 2.1.8 | Jan Assmann | 13 |
| | 2.1.9 | Vincent A Tobin | 14 |
| | 2.1.10 | David P Silverman | 14 |
| | 2.1.11 | Miriam Lichtheim | 15 |
| | 2.1.12 | Michael V Fox | 15 |
| | 2.1.13 | Bespreking | 16 |
| | 2.1.14 | Gevolgtrekking | 19 |
| | 2.2 | Definisie vir Ma'at | 19 |
| | 2.3 | Uitbeelding van Ma'at | 22 |
| | 2.3.1 | Gevolgtrekking | 24 |
| | 2.4 | Ma'at in Samelewingsverband | 24 |
| | 2.4.1 | Ma'at in verhouding tot ander begrippe in die Egiptiese samelewing | 24 |
| | 2.4.2 | Ma'at se aanvanklike verband met die koning | 25 |
| | 2.4.3 | Ma'at se latere verband met die koning | 28 |
| | 2.5 | Die kultus van die godin Ma'at en haar verhouding met ander gode. | 30 |
| | 2.6 | Ma'at in vergelyking met soortgelyke begrippe in ander kulture | 36 |
| | 2.6.1 | Ander moontlike vergelykings | 38 |
| | 2.7 | Gevolgtrekking | 40 |

3. VERANDERINGS GEDURENDE DIE AMARNA PERIODE 44

3.1 Was daar verandering? 44

3.2 Die Amarna Himne 45
3.2.1 Assmann se beoordeling van die Amarna religie 45
3.2.2 Assmann se bespreking van die Amarna himne 46

3.3 Assmann se hipotese 51

3.4 Kritiek op die hipotese van 'n verdwyning van Ma'at 55

4. HIPOTESE OOR DIE OORSPRONG VAN DIE ATEN 59

4.1 Inleidend 59

4.2 Wie was hierdie god? 60

5. REDES VIR DIE VERANDERING VAN DIE KULTUS 64

5.1 Uitskakeling van afbrekende faktore en die uitbreiding van die kwaliteite van die hoofgod 64

5.2 Die magstryd tussen die kultus van Amun en die Aten 64

6. DIE BEÏNVLOEDING VAN MA'AT 70

6.1 Uitbeelding van Ma'at 70

6.2 Samelewingsverband 73

7. GEVOLGTREKKING 75

8. LYS VAN SKETSE 82

9. BIBLIOGRAFIE 83

10. OPSOMMING 88
ABSTRACT 89

11. TIEN SLEUTELWOORDE 90

# 1. INLEIDING

Gedurende die Amarna Periode vind daar belangrike gebeure plaas wat ingrypende veranderinge in die lewe van die Egiptiese mens teweeg gebring het. Na die dood van Akhenaten, is hierdie koning, wat bekendheid daarvoor verwerf het dat hy verantwoordelik was vir die veranderings wat in die Amarna Periode plaasgevind het, tot ketter verklaar en is daar 'n terugkeer na die ou orde (Ortodoksie). Daar bestaan ook 'n "Restorasie Stele", wat opgestel is deur Tutankhamun ('n koning wat na Akhenaten aan bewind gekom het) waarin die opmerking gemaak word dat Ma'at nou weer herstel is.

Dit is teen hierdie agtergrond dat ons met hierdie studie probeer om vas te stel of die veranderinge gedurende die Amarna Periode sodanig was dat dit die verstaan van Ma'at kon beïnvloed het. Daarmee saam sal ons moet vra of Ma'at die potensiaal gehad het om te verdwyn. Het die konsep Ma'at werklik verdwyn, of was daar dalk 'n verarming of selfs 'n verryking van die konsep Ma'at gedurende die Amarna Periode?

Die vraag is belangrik, omdat 'n verandering in die verstaan van Ma'at ingrypende verandering in die Egiptiese samelewing kon impliseer. Op byna elke terrein van die Egiptiese kultuur wat bestudeer word, kom Ma'at na vore. Dit wil dan lyk asof Ma'at onlosmaaklik met die totale lewensstyl van die antieke Egiptenaar verbind was. Daar sou dus nie van 'n verandering in betekenis of van 'n verdwyning van Ma'at gepraat kan word sonder dat die samelewing ook daardeur geraak sou word nie.

Geleerdes het dikwels die betekenis van Ma'at verklaar vanuit die spesifieke terrein en periode wat hy of sy bestudeer het. Dit mag dien as 'n verduideliking waarom verskillende betekenisse aan die begrip geheg is. Dit gebeur egter ook dat geleerdes wat dieselfde terrein bestudeer het, ook van mekaar verskil oor die betekenis van Ma'at. Daar is ook geleerdes wat die begrip Ma'at eenders verklaar het. Dit beteken egter nie dat menings oor die betekenis van Ma'at wat algemeen uitgespreek word voldoende is nie. Dit is duidelik dat geleerdes met ooreenstemmende menings oor Ma'at dikwels hierdie menings van mekaar oorgeneem het. Hoewel dit nie die fokus van ons studie sal wees nie, is dit tog belangrik dat ons ook die verskille sal uitwys. Dit sal ons in staat stel om vas te stel of daar 'n verandering in betekenis plaasgevind het en of Ma'at gedurende hierdie periode "verdwyn" het. Dit is ook belangrik dat ons sal aandag skenk aan die moontlikheid dat en die omstandigheid waaronder gode sou kon verdwyn. Ons sal moet vasstel of die omstandighede in die Amarna Periode sodanig was dat

Ma'at, wat ook 'n godin was, kon verdwyn het. Aangesien die konsep Ma'at onlosmaaklik verbind was met die samelewing, moet die rol van die koning, wat in beheer was van daardie samelewing, in ag geneem word. Dit is immers ook die koning wat hierdie veranderinge in die Amarna Periode veroor-saak het en dit is dus belangrik dat ons sal weet wat die koning se rol ten opsigte van Ma'at was.

## 1.1 Werkswyse

In hierdie studie word probeer om 'n omskrywing vir die begrip Ma'at soos dit in Egipte in gebruik was, te vind. Daar word gekyk na die verskillende omskrywings van geleerdes, na die funksie van Ma'at in die samelewing en na haar verhouding met die ander gode. Die begrip Ma'at word ook vergelyk met ander soortgelyke begrippe in ander kulture, wat 'n beter verstaan van die aard van Ma'at behoort te openbaar. Die fokus val ook op die veronderstelling dat die verande-ringe van die Amarna Periode 'n invloed sou hê op die verstaan en plek van Ma'at, dus word hierdie veranderinge ook toegelig. Veral die standpunte van Assmann, wat belangrike werk gedoen het deur die "tradisionele religie" teenoor die van die Amarna Periode te stel, word bespreek. 'n Verdere veronderstelling is dat hierdie veranderinge veral gekoppel is aan die aanbidding van die sonskyf, en dit is dus belangrik dat die oorsprong en ontwikkeling van die religie van die sonskyf ondersoek word. 'n Duisendjarige ryk verander nie sonder rede nie, dus is dit noodsaaklik om na redes vir die veranderinge te soek en te vra hoe Ma'at deur die veranderinge geakkommodeer of verander is. Daar word veronderstel dat daar wel in die Amarna Periode religieuse veranderinge en 'n nuwe gestileerdheid na vore gekom het en dat hierdie veranderinge ook 'n invloed op die verstaan van Ma'at sou hê. Daarom word Ma'at se nuwe uitbeelding en funksionering in die samelewing uitgelig. Om die genoemde doelwitte te bereik, word veral gesteun op die literatuur oor die geskiedenis, religie en kunste van Egipte, veral in die Amarna Periode.

## 1.2 Die Amarna Periode

Die geskiedenis van Antieke Egipte word in verskillende periodes ingedeel. Die begin van 'n Egiptiese staat word rondom 3050 vC geplaas. Die periodes begin by die Vroeë Dinastiese Periode en strek tot die Grieks-Romeinse Periode in 395 nC. Elkeen van hierdie periodes word weer volgens dinastieë, wat numeries benoem word, onderverdeel. Die Amarna Periode

val in die tyd van die 18de Dinastie en strek vanaf 1352 tot 1333 vC volgens Baines & Malek (1984:8ev.). Millar (1989:9), wat Redford se chronologie volg, plaas die periode vanaf 1377 tot 1347 vC. Dit is egter nie van grondliggende belang vir ons studie nie.

Die Amarna Periode kry sy naam van die pleknaam wat verbind word met die antieke stad Akhetaten ("horison van die Aten"), wat vir die eerste keer in 1737 deur die Deense reisiger Norden besoek is. Na hierdie plek is soms foutiewelik verwys as "Tell el-Amarna" (Baikie 1926:1; Osman 1990:125). Die plek waar die stad geleë is, vorm geen heuwel of tell nie. Hierdie stad is net vir een periode bewoon en was in 'n semi-sirkel geleë wat ongeveer 8km lank en 3km breed was. Dit was gebou op die vrugbare strook aarde tussen die rivier aan die een kant en die gebergte en woestyn aan die ander kant. Hierdie faktore het natuurlike beskerming aan die stad gebied. Die grense van die stad word aangedui met massiewe grensstelae waarop die verhaal van die stigting van die stad op klip van die omringende klowe uitgekap is. Die meer korrekte benaming "el-Amarna" word al hoe meer deur geleerdes gebruik (Osman 1990:126).

Die persoon wat algemeen deur die geleerdes krediet gegee word vir die verandering wat gedurende die Amarna Periode plaasgevind het, en wat ook verantwoordelik was vir die oprigting van die stad Akhetaten, was Amenhotep IV, beter bekend as Akhenaten[1]. Hy was die seun van Amenhotep III en koningin Tiye en was die jongste van die kinders van die egpaar. Hy is waarskynlik op 'n laat stadium in die huwelik gebore. Sy vader Amenhotep III, wat in die laaste jare van sy regering gesukkel het met sy gesondheid, het sy seun, Amenhotep IV, sy mederegeerder gemaak (Osman 1990:116,122). Daar is sprake dat daar probleme was rondom die aanvaarding van Amenhotep IV as die wettige opvolger van sy vader. William Hayes (1951:159) interpreteer 'n inskripsie op 'n wynfles, "die ware koningseun, Amenhotep", as 'n verwysing na die toekomstige koning Amenhotep IV voor sy troonbestyging as mederegeerder van Amenhotep III rondom die 28ste jaar van laasgenoemde se regering. Hy het ook getrou met sy halfsuster Nefertiti wat sy aanspraak op die troon versterk het (Osman 1990:122).

[1] Ander vorme van die naam vir Akhenaten - die Engelse benaming soos by Aldred (1968) - wat voorkom by die verskillende skrywers is Ichnaton (Duits), Akhenaton en Akhanyati (wat waarskynlik die mees korrekte uitspraak is). Daar is ook verskillende vorme vir die naam van sy vader, Amenophis (die Griekse vorm), naamlik Amenhotpe of Amenhetep en Amenhotep (na aanleiding van die Egipties (*Imn-htp)*.

Vroeg in sy regering begin hy veranderinge implementeer, waarvan die mees ingrypende die bou van 'n nuwe hoofstad en die proklamasie van 'n nuwe staatsgodsiens was. Hy begin sy nuwe stad gedurende die 4de jaar van sy regering bou; die bouwerk duur tot die 8ste jaar van sy regering. Hy begin egter al die stad gedurende die 6de regeringsjaar bewoon. By hierdie stad, bekend as Akhetaten, "die horison (of rusplek) van die Aten", sou Akhenaten en sy volgelinge hulle alleen-god dien (Osman 1990:125 e.v.).

# 2. DIE BEGRIP MA'AT

## 2.1 Verskillende omskrywings van Ma'at

In hierdie afdeling gaan aangedui word hoe daar verskille en ook ooreenkomste tussen skrywers bestaan in hulle omskrywing van die begrip Ma'at. Die skrywers se standpunte word in chronologiese orde weergegee aangesien dit tog duidelik is dat van die latere skrywers in hulle verklarings by dié van vroeëre skrywers aangesluit het. Verskille kom in baie gevalle voor as gevolg van die vertrekpunt van die skrywers, maar tog ook as gevolg van hoe Ma'at voorgekom het en gebruik is in 'n betrokke periode in die Egiptiese geskiedenis wat deur die skrywer bestudeer is.

### 2.1.1 James Henry Breasted

Breasted (1934:142,143) sê dat die woord Ma'at een van die vroegste abstrakte terme is wat behoue gebly het in die menslike spraak. Hy vertaal die woord as "geregtigheid", "reg", "waarheid". Al hierdie konsepte was in die Egiptiese taal verteenwoordig deur die enkele woord Ma'at. Hierdie woord sou egter vantevore bloot "reg" beteken het in die sin van "korrek", soortgelyk aan die woord "reg" soos dit vandag in gebruik is, beide in 'n materiële en 'n etiese sin.

Teen die einde van die Ou Koninkryk Periode sou die woord Ma'at dan geleidelik in betekenis verbreed om 'n wye en belangrike reeks van betekenisse in te sluit. Dit was die indrukwekkende visie van 'n blywende staat en sy altyd werkende organisasie (verwysend na die 1000 jarige bestaan van die Ou Koninkryk) wat grootliks bygedra het tot die groter en meer omvattende betekenis van die Egiptiese woord Ma'at.

Hierdie woord, wat ook die sosiale en politieke en morele orde van die wêreld insluit, word met die regering van die Farao geïdentifiseer. Beide samelewing en regering het die orde na vore gebring wat die Egiptiese wyses opgesom het in die woord Ma'at (Breasted 1934:142,143).

### 2.1.2 Helmer Ringgren

Ringgren (1947:45) wys daarop dat die woord Ma'at gewoonlik vertaal word as "waarheid", maar dat dit nie die hele spektrum van die woord se betekenisse dek nie. Vir hom het die woord verskillende betekenisse op verskillende lewensvlakke. In die menslike lewe (asook in die algemeen) beteken dit "reg" en "geregtigheid", maar in die kosmos beteken dit "orde" en "reëlmatigheid" (Ringgren 1947:45). Die feit dat gesê is dat "Ma'at voor Re is op Nuwejaarsdag", sou ook 'n aanduiding wees dat Ma'at te doen gehad het met die lotsbestemming en vestiging van 'n harmonieuse orde in die kosmos. Die reëlmaat van die sonsopkoms en ondergang word deur Ma'at verseker; terselfdertyd is dit dan ook 'n vestiging van die kosmiese orde en daarom 'n vestiging van Ma'at. Die feit dat Ma'at kosmiese orde is, beteken egter nie dat Ma'at nie ook 'n etiese betekenis van "waarheid" en "geregtigheid" kon hê nie. Hy sê daarom dat kosmiese orde enersyds, en sosiale en morele reg andersyds nie vir die Egiptenaar twee afsonderlike sake was nie, maar dat dit eerder twee aspekte van dieselfde saak was. Ma'at is daarom die orde en wette van die lewe wat nie net vir die mens geldig is nie, maar vir die hele skepping (1947:49).

### 2.1.3 Jaroslav Černy


Černy (1957:76) sê dit was die opinie van die Egiptiese samelewing dat standaarde deur gode en mense gestel is. Die standaarde wat deur die mense gestel is, is deur die gode goedgekeur as goed en reg. Woorde het dikwels beide 'n estetiese en morele aspek gehad.

Ma'at, wat "waar","reg" en "regverdig" beteken, en sy selfstandige naamwoord Ma'at, met die betekenis van "waarheid", "reg" en "geregtigheid", het in teenstelling hiermee slegs tot die etiese sfeer behoort.

Ma'at is ook dikwels as godin verpersoonlik en het teenoor twee ander begrippe gestaan, nl. *goreg,* ("leuen en valsheid") en *isfet* ("verkeerd, sonde") Soms word die dubbele vorm *ma'at maaty* gevind, wat volgens Černy slegs 'n volle uitdrukking van die kwaliteit is en nie soseer twee waarhede of geregtighede nie (1957:76). Dit is waarskynlik in reaksie op die gedagte dat die plek waarin die oordeel plaasgevind het bekend sou staan as "die saal van twee waarhede" (*maaty*) (Shaw & Nicholson 1995:166).

**2.1.4 Siegfried Morenz**

Hoewel Ma'at onder andere ook waarheid beteken, is dit nie moontlik om 'n eenvoudige vertaling van die Egiptiese term te gee nie. Volgens Morenz (1973:113) is Ma'at die regte orde in die natuur en die samelewing, soos dit oorspronklik deur die handeling van die skepping daargestel is; dit beteken daarom, na gelang van die konteks, "wat reg is", "wat korrek is", "wet", "orde", "regverdigheid" en "waarheid". Hierdie staat van geregtigheid moet bewaar of tot stand gebring word, in groot sowel as in klein sake. Ma'at is daarom nie slegs die regte orde nie, maar ook die voorwerp van menslike aktiwiteit. Ma'at is beide die taak wat mense vir hulleself stel en ook, as geregtigheid, die belofte en beloning wat op hulle wag indien hulle dit vervul (Morenz 1973:113).

Ma'at sou egter oorspronklik 'n eenvoudige geometriese en fisiese term gewees het vir iets wat reguit is of gelykheid aangedui het. Die vroegste hieroglief hiervoor () het waarskynlik die gelykheid van die voetstuk van die farao se troon aangedui. Ma'at het sy ontstaan by die skepping. Dit is deur die eerste god tot stand gebring en daarna gedurig deur die koning vernuwe en herstel. Dus is Ma'at die orde wat deur die handeling van skepping tot stand gebring is, wat onderhou moet word en telkens weer ingestel moet word. (Morenz 1973:113,114)

Ma'at moes egter nie net deur die koning onderhou word nie, maar moes ook deur die hele gemeenskap en deur die individue in die gemeenskap ter wille van hulleself onderhou word. Die mens is ook geoordeel volgens Ma'at. Die aard van Ma'at word ook bepaal in verhouding met sy antiteses (Morenz 1973:114,115), maar omdat mense se lewe daaraan gemeet is, is dit ook as kriterium gebruik in aardse regstelsels. As geregtigheid was Ma'at die basis van die Egiptiese regstelsel (Morenz 1973:125). Ma'at is nie 'n uitdruklike goddelike wet nie. Na Ma'at word verwys as 'n basiese norm, as 'n doelstelling en beloning waarna die individu strewe.

"Wette" in Egipte is nie goddelike ingewings nie, maar die wette wat van tyd tot tyd deur die koning afgekondig word, spruit uit sy insig in die aard van Ma'at. Dit beteken nie dat Ma'at vir die Egiptenaar 'n konsep sonder konkrete inhoud was nie, maar dat dit te eniger tyd 'n spesifieke betekenis kon aanneem vanuit sy wye reeks betekenisse (Morenz 1973:118,119).

### 2.1.5 William C Hayes

Hayes (1978:78) sê dat met die begin van die dinastiese era, die gode nie alleen meer beskaaf en liefdevol geword het nie, maar dat hulle ook geïdentifiseer is as die gewers en beskermers van die regsorde en morele orde. Daar is duidelike aanduidings dat aanbidders reeds in die Ou Koninkryk pynlik bewus was van 'n onderskeid tussen reg en verkeerd en probeer het om aansluiting te vind by dit wat beskou is as 'n goddelik geïnspireerde optrede. Outobiografiese inskripsies vanuit die dinastiese periodes plaas klem op die deugde van grafeienaars en behels 'n verwerping van dit wat aanstootlik is vir god en mens. 'n Geseënde lewe na die dood het afgehang van die regte soort lewe wat op die aarde gevoer is. Prins Har-khief van Elephantine bely openlik dat hy sy lewe hiervolgens gelei het. Hayes (1978:78) sê dat "Reg of Korrektheid" vir die antieke Egiptenare verpersoonlik is in die godin Ma'at, die dogter van Re, skepper en regeerder van die heelal, en vrou van die maangod Thot, goddelike simbool van juistheid en noukeurigheid.

### 2.1.6 Othmar Keel

Ma'at beliggaam die wêreldorde, wat onderhou word deur die rangskikkende (lig) en lewegewende (warmte) handeling van die son. Ma'at kom oral voor waar orde en regverdigheid ter sprake is. Die songod word beskou as die outeur van die wêreldorde. In Ou Nabye Oosterse terme is Ma'at (wêreldorde) die dogter van Re, en sit Ma'at (wêreldorde) voor Re (Keel 1978:36).

### 2.1.7 Erik Hornung

Hornung (1982:72 e.v.) sê dat die orde van die wêreld, wat tot stand gekom het by die skepping van die wêreld, in die godin Ma'at verpersoonlik is. As godin het sy haar eie kultus gehad wat rondom haar gebou was.

Gode en mense het 'n gesamentlike verantwoordelikheid ten opsigte van Ma'at gehad, deurdat hulle moes verseker dat chaos nie geregtigheid en orde sou oorwin nie. Die beginsel van Ma'at word dan kortliks deur hom beskryf as orde, die korrekte maat van dinge wat deel is van die oorspronklike wêreld. Dit is die perfekte stand van sake waarna gestreef moet word, en is in harmonie met die skeppergod se bedoeling. Omdat hierdie sake waarna gestreef word, gedurigdeur versteur word, moet daar altyd pogings aangewend word om orde in sy

oorspronklike vorm te herskep. Ma'at simboliseer daarom die oorspronklike staat van die wêreld (Hornung 1982:213).

Die Egiptenare het Ma'at egter ook as 'n materiële element gesien waarvan die wêreld geleef het en wat voedingswaarde vir gode en mense gehad het. In die Kistekste is verwysings daarna dat die gode van Ma'at geleef het, en in die teks van Amenemope deel die gode Ma'at uit aan wie hulle wil. In die vroeëre periodes van die koningskap in Egipte het ook die koning van Ma'at geleef (Hornung 1982:214) en later weer tydens die regering van Akhenaten gedurende die 18de Dinastie (Silverman 1991:83). Die ritueel waarin Ma'at aan die gode geoffer is, word gereeld afgebeeld in byna elke tempel in antieke Egipte. 'n Volle siklus word voltooi as Ma'at, wat van die gode afkomstig is, weer na hulle terugkeer uit die hande van die mense. Hierdie siklus simboliseer 'n vennootskap tussen god en mens (Hornung 1982:214 e.v.).

**2.1.8 Jan Assmann**

Vir Assmann (1989:60) word Ma'at gerealiseer wanneer geregtigheid bewerk word. Geregtigheid sou dan beteken om gelykheid tussen mense te bewerk en die swakke teen die sterke te beskerm. Spangenberg (1991:277) sê ook in sy oorsig van Assmann se werk *Ma'at: Gerechtigkeit und Unsterblichkeit im Alten Ägypten* (München: Beck), dat Assmann verkies om Ma'at meer dinamies te definieer as "regverdiging". Hulle wat volgens Ma'at leef op 'n individuele, sosiale en politieke vlak, is geregverdig.

Ma'at word deur die skeppergod geskape en in die kosmos geïnstalleer om orde te bring. Orde is daarom nie 'n natuurlike kwaliteit van die wêreld nie. Die faraoniese staat is ook ingesluit as die enigste manier waarop die natuurlike staat van die wêreld omskep kan word in 'n leefbare burgerlike staat waarin die swakke beskerm word teen die sterke (Assmann 1989:62).

Hierdie klassieke begrip van Ma'at (wat 'n indirekte kousasie impliseer) staan egter in teenstelling tot die konsep van die goddelike wil, wat direkte kousasie en intrede impliseer, en wat in die Amarna Periode beklemtoon is. Volgens die klassieke beskouing is die goddelike wil beperk tot die reëlmaat van die realiteit wat hy met sy aanvanklike handeling ingestel het. Hierdie beskouing kom as't ware daarop neer dat die goddelike wil nie 'n faktor is nie, aangesien die god nie vry is om met Ma'at (die kosmiese siklus en reëls wat aan 'n sosiale lewe onderliggend is) weg te doen nie (Assmann 1989:75,76).

Waar direkte kousasie na vore kom, kan die god na goeddunke van Ma'at ontslae raak en dan self as voorbeeld van oordeel en geregtigheid optree. As heer van geregtigheid tree hy beskermend op in die probleem van ongelykheid en is ook regsbevoeg om die probleem van sonde in die verhouding van die swakke tot die sterke te hanteer. Hy is alwetend en is gedurig besig om mensehandelinge te oordeel, want hy hou die seëninge en straf in sy hand. Assmann wys daarop dat in die teks van Amenemope Ma'at as 'n vrye handeling in die hand van die god geplaas word, geïdentifiseer word met die goddelike wil en as sinoniem van "guns" hanteer word. Dit sou dan ook bygedra het tot die verdwyning van Ma'at. Sukses en mislukking word nou nie meer gesien as die gevolg van Ma'at nie, maar as die gevolg van direkte goddelike intrede (Assmann 1989:76,77).

### 2.1.9 Vincent Arieh Tobin

As deel van die Egiptiese teologiese sintese, mag die konsep van Ma'at op verskeie maniere gedefinieer word: as 'n simbool, as 'n abstrakte beginsel, of as 'n persoonlike godin. Elkeen van hierdie verskynsels het dan 'n spesifieke hipostatiese bestaan in eie reg, sodat nie een van die definisies die ander uitsluit nie. As Tobin Ma'at kortliks en eenvoudig moet definieer sou hy sê dat dit die basis vir die eenheid van alle dinge is, die basis van kosmiese orde, van politieke orde, van moraliteit, van lewe self, van kuns en wetenskap en selfs van goeie etiek in normale daaglikse sake. (Tobin 1989:77).

Ma'at was daarom die ware grondslag van stabiliteit in die Egiptiese religieuse denke. Ma'at is ook vir hom meer as net die beginsel van universele orde. Dit is 'n integrale deel, 'n onskeibare aspek, van die kosmos, waarsonder die kosmos nie sou kon bestaan. Ma'at is dit wat die skepping toelaat om 'n geordende kosmos te wees (Tobin : 1989:80).

### 2.1.10 David P Silverman

Silverman (1991:32,34) wys daarop dat die Egiptenaars besonderse logiese mense was en dat hulle die konsepte van orde, balans, harmonie, regverdigheid en waarheid in Ma'at vergoddelik het. Hy sê verder dat Ma'at 'n gedeïfiseerde konsep was van die ideaal wat die wêreld in staat stel om behoorlik te funksioneer. (Silverman 1991:32,34). Volgens hom was Ma'at ook die positiewe teenbeeld van Set, wat die negatiewe kwaliteite van chaos, boosheid en verwarring voorgestel het. Hy stel Ma'at ook teenoor die slang Apophis, wat byna die

teenoorgestelde kwaliteite as dié van orde, balans en harmonie (wat in Ma'at ingeslote was), gehad het. Sy word ook as godin voorgestel of met haar simbool, die veer, en is betrokke by die geregshof waar Osiris as regter optree (Silverman : 1991:41 e.v.)

Die koning moes Ma'at onderhou, en daarmee het hy getoon dat hy korrek opgetree het. Die koning is dan in sowel tekste as kuns getoon waar hy aan die gode Ma'at, waarop hulle geleef het, offer. Die koning se rol was daarom 'n vaste element van goddelike orde, sy bestaan was deel van Ma'at en hy was ook belangrik vir die wêreldorde (Silverman : 1991:63,67).

### 2.1.11 Miriam Lichtheim

Lichtheim (1992:18,32) wat die autobiografieë bestudeer het, het getoon dat die naamwoordelike vorme van Ma'at deurgaans met reg, reglynigheid en waarheid vertaal kan word. In 'n juridiese konteks dui "regtheid" op 'n sin van geregtigheid. Die naamwoordelike vorm van Ma'at mag die passiewe partisipium (deelwoord) wees van die werkwoord Ma'at, (om te lei en rigting te gee), dus dit wat gereguleer en daarom reg is. Vanaf die 5de dinastie, toe die tekste begin praat het van Ma'at, is die uitvoering van Ma'at deur die werkwoorde "om te doen" en "te spreek" aangedui.

Daarby sê Lichtheim (1992:98-101) dat jy in die toespraak van Sishu 'n deurdringende opsomming van Ma'at denke vind. Die basiese etiese norme wat in die Ou Koninkryk in breë trekke beskryf is, is met klem geformuleer in die Middel Koninkryk, terwyl die norme in die Nuwe Koninkryk gereguleer is. Hierdie regulering lei tot 'n volledige integrasie van moraliteit en piëteit. Lichtheim se konklusie is dat daar groeiende getuienis vanuit die outobiografieë na vore kom wat daarop dui dat Ma'at denke - waarvan die kern waarheid is - in noue verbondenheid met piëteit funksioneer het. Waarheid en piëteit is vennote in die strewe om die regte lewenspatroon te formuleer en te leer (Lichtheim : 1992:18,32,98 - 101).

### 2.1.12 Michael V Fox

Vir Fox (1995:38 e.v.) is Ma'at die sentrale konsep in die Egiptiese etiek en selfs in die Egiptiese religie in die algemeen. Die betekenis van Ma'at is waarheid en geregtigheid. Hierdie twee beginsels is dan ook nie twee losstaande konsepte nie, maar vorm 'n enkele idee, wat die naaste daaraan kom om die reeks van gebruike van die term Ma'at, te dek. Ma'at,

waarvan die etimologiese betekenis "reglynigheid" is, is daarom nie orde as sodanig nie. Dit is eerder die krag wat orde skep en onderhou, nl. waarheid/geregtigheid wat in ander tale moontlik kunsmatig verdeel word. Ma'at het nooit vergeld nie, maar vergelding bring Ma'at tot stand. Hoewel Ma'at tydelik versteur kan word, kan dit nooit werklik verdwyn nie. Ma'at word ook nie deur haarself gedoen nie; dit was mense en gode wat Ma'at gedoen het. Ma'at was daarom ook nie 'n "outomaat" wat deur onpersoonlike prosesse geregtigheid onderhou het nie. (Fox 1995:38,41)

### 2.1.13 Bespreking

Vanuit bogenoemde definisies is dit duidelik dat daar bepaald verskille tussen geleerdes is oor die betekenis van Ma'at. Hierdie verskille kan soos volg uiteengesit word:

1. Volgens sommige is Ma'at iets wat bewerk moet word en dus nie 'n voorafbestaande entiteit is nie.
2. Volgens sommige is Ma'at 'n krag (soos waarheid en geregtigheid) waardeur orde geskep en onderhou word.
3. Ander beweer dat Ma'at die basis of fondament is, dit wat moet wees (ter wille van orde en harmonie), dit wat goed en mooi is en waarop voortgebou behoort te word. Hiermee saam word Ma'at as die oorspronklike vorm van wêreldorde beskou. Dit is die perfekte toestand van orde waarna gesteef moet word.
4. Nog ander beskou Ma'at wel as 'n voorafbestaande entiteit, maar sê dat dit tog ook onderhou moet word om voort te bestaan, en dat die onderhouer self ook deel van Ma'at word. Die optrede van die onderhouer van Ma'at is dan ook Ma'at.
5. Ma'at kan ook die vermoë wees om die regte lewensstyl te formuleer en uit te leef.

Vanuit die definisies kom ons ook agter dat Ma'at beskryf kan word met terme soos orde, reg, geregtigheid, regverdigheid, reglynigheid, waarheid, korrektheid, balans en harmonie. My afleiding is dat Ma'at alles is en verteenwoordig wat orde skep. Sonder Ma'at kan daar nie orde wees nie. Dit is waarom Ma'at deel is van die skepping en beskryf kan word met al die terme hierbo genoem. Al hierdie terme sal deur Ma'at geakkommodeer kan word, want dit skep orde vanuit chaos en verdryf *isfet* (chaos). 'n Mens sou ook kon sê dat Ma'at skepping is. Dit is hoe gode orde in die kosmos bring. So word ook 'n leefwêreld geskep deur Ma'at in die sosiale wêreld in te bring, wat politieke orde, morele orde, regstelsels, ens. tot stand bring. Hornung (1992:140) sê ook dat daar nêrens getuienis gevind kan word dat Ma'at een spesifieke betekenis gehad het nie. Van die begin af sou Ma'at in sy breedste sin voorgekom

het, wat in 'n gelyke mate verwys het na sosiale orde en natuurlike orde, ja, na alles wat die skeppergod en die mens na vore bring. Ma'at het nie alleen as beginsel en as etiese begrip bestaan nie, maar is bekend as simbool en godin, of word dalk meer korrek so voorgestel (sien ook voorstellings van Ma'at by fig.1). Hierdie orde wat Ma'at bring, is dan ook met die simbool van Ma'at voorgestel. As godin was sy nie alleen verantwoordelik vir, of die oorsprong van orde nie, sy het ook hierdie orde beliggaam. Hieroor sal ons later meer sê.

Ringgren het byvoorbeeld daarop gewys dat nie vergeet moet word nie dat "*Ma'at is the life of the sun-god, his vital force and that she incarnates the cosmic order*" (Ringgren 1947:49). Wanneer die koning daarom die ritueel om Ma'at te offer onderhou, is hy besig om die universele orde te onderhou.

Die skerpste kritiek teen die interpretasie van Ma'at as orde kom van M. Fox. Ma'at is nie vir hom 'n "outomaat" wat deur die middel van onpersoonlike prosesse die reg handhaaf nie. Hy is verder bekommerd daaroor dat die betekenis van algemene metafore soos dat die god "lewe op Ma'at" of dit "geniet" en "omhels", verlore sal gaan. Die wêreldorde kan immers ook nie "gedoen" en "gespreek" word nie. Enige poging om met geforseerde interpretasies hierdie klassieke uitsprake te laat sin maak, sou die heuristiese waarde van die konsep laat verlore gaan. Dit is dan sy opinie dat "waarheid" en "reg" beter interpretasies sou wees. Op grond van uitsprake wat M. Lichtheim gemaak het, maak hy dan ook die afleiding dat Ma'at 'n standaard is en nie 'n meganisme is nie, primêr 'n publieke deug en nie noodwendig 'n private goedheid nie (Fox 1995:42-44).

Hierdie standpunt word in 'n mate ondersteun deur Helck & Otto (1956:210) wat Ma'at beskryf as 'n sentrale lewens- en ordeningsbegrip. Hulle vertaal ook die woord Ma'at met regtheid, geregtigheid en waarheid, met onordelikheid en leuens as teenoorgestelde begrippe. Ook vir hulle is Ma'at in die eerste plek 'n etiese begrip en nie 'n ordeningsbegrip nie. Hoewel die songod Re Ma'at verseker het op aarde, was die koning, as verteenwoordiger van Ma'at en as draer van die titel profeet van Ma'at, verantwoordelik om die beeldjie van Ma'at aan die gode te offer, want die gode het van Ma'at geleef. Met hierdie ritueel word die korrekte lewenshoudings in die Egiptiese godsdiens uitgedruk. Hulle ontken egter nie dat Ma'at wel met orde te doen gehad het nie.

Dit is egter duidelik dat Fox hierdie Afrika-godsdiens vanuit 'n Westerse oogpunt beoordeel en nie rekening hou met die hegtheid van die Afrika-gemeenskappe en die verweefdheid van

die gemeenskap en godsdiens nie. Hy kompartementaliseer dan ook die drie aspekte van die Egiptiese bevolking, die koning, samelewing en individu as losstaande eenhede. Hoewel die farao, net soos in baie ander Afrika-kulture, baie mag tot sy beskikking gehad het, was daar meganismes in die samelewing wat die koning in bedwang gehou het. Sy optrede moes eenheid en orde verseker en sy volk kon hom 'n eervolle begrafnis ontsê. Net so was die individu ook nie los van die gemeenskap nie en sou onbeheersde persone hulleself lossny van die gemeenskap en verval in bestaanloosheid. Die optrede van die koning en die individu kon effek hê op die godewêreld wat weer die totale samelewing kon beïnvloed. Hierdie sosiale orde word deur Leprohon (1995:274) as volg beskryf: "*As the high priest, he (the pharaoh) had an obligation to serve the gods by building new temples and maintaining old ones and observing the daily divine cult. In return, the gods assured the king - and by extention, the entire population of Egypt - peace and prosperity for the land*". In hierdie interafhanklikheid van mekaar is die sosiale orde op aarde sowel as in die kosmos gerealiseer en is Ma'at ook gerealiseer. Tobin sê: "*Ma'at bound all things together in an indestructible unity. The universe, the natural world, the state and individual were all part of the order of Ma'at*" (Tobin 1989:86).

Fox (1995:42-44) gee nie enige rede waarom hy reken dat Ma'at 'n publieke deug en nie noodwendig private goedheid is nie. In verskeie godsdienste soos die Afrika-godsdienste, Jahwisme en gewis ook die Egiptiese godsdiens staan hierdie sake, publieke lewe en die godsdiens van die individu, nie los van mekaar nie. Ringgren (1947:49) het byvoorbeeld gesê dat die belydenisse van onskuld van die Boek van die Dooies 'n aanduiding is dat die mens se lewe in ooreenstemming met Ma'at moes wees. Die belangrikste bewys hiervan is die uitbeelding van die saal van Osiris. Hier word die mens se dade teenoor Ma'at opgeweeg, om vas te stel of hy of sy volgens Ma'at geleef het. Die persoon se hart (as verteenwoordiger van sy of haar wese) word op die skaal teenoor Ma'at geplaas. Die skaal moes balanseer, wat 'n aanduiding sou wees dat die persoon wat geoordeel is, in ooreenstemming met Ma'at geleef het. (vergelyk fig.2). So was die persoon se goeie dade in die samelewing bewys van sy of haar lewe in ooreenstemming met Ma'at. Daarmee word nie gesê dat die persoon se lewe op aarde in alle opsigte Ma'at verteenwoordig het nie. Daar was ook sekere magiese rituele wat die gestorwe persoon kon help om die toets te slaag. Dit staan egter vas dat die persoon se hart deur sy of haar openbare optrede geoordeel is. Dit is waarom die hoogste regter die verantwoordelikheid gehad het om toe te sien dat mense volgens Ma'at leef. Ringgren (1947:50) sê die regter, as beskermer van die morele lewe, het homself die priester van Ma'at genoem en haar beeld op sy bors gedra.

Indien "orde" die enigste betekenis was wat aan Ma'at toegeskryf is, sou Fox se kritiek waarskynlik reg kon wees in die sin dat dit miskien 'n te eng beskrywing van die begrip sou wees. Fox sal egter nie kan ontken nie dat selfs die begrippe wat hy voorstaan as die betekenis vir Ma'at ook die strekking het dat dit sosiale orde, kosmiese orde, politiese orde, morele orde, ens., skep. Dit kan ook nie ontken word nie dat Ma'at dikwels met gode soos Re, maar ook Hu en Sia en selfs Horus, Osiris en Thot verbind is as skeppers en onderhouers van onderskeidelik die kosmiese, sosiale en morele orde (Ringgren 1947:49-51; Baines & Malek 1984:218-219; Tobin 1989:86).

### 2.1.14 Gevolgtrekking

Gesien in die lig daarvan dat Ma'at in verskillende kontekste voorkom en verskillende betekenisse aan Ma'at in daardie kontekste toegeskryf is, kan ons met veiligheid sê dat van die begrippe wel aspekte van die betekenis van Ma'at is. En hoewel ons nie op hierdie stadium op 'n term afgekom het wat as sinoniem van Ma'at kan geld nie, kan mens wel 'n definisie waag. Ma'at is dit wat orde bring, of dit dade, die gesproke woord of kennis is. Ma'at is, soos kultuur, 'n ingeskape deel van die mens. Dit is waarmee die mens vir sigself 'n leefwêreld skep. Die mens as skeppingswese, deur dit wat hy of sy "doen" of "sê", skep vir hom of haar die orde waarin hulle leef. Almal moet binne daardie "maatstawwe" of leefgrense leef, anders skep hulle *chaos*. Hierdie skeppingsproses strek ook verder as die mens self, omdat dit ook die bonatuurlike wêreld van die gode, wat hierdie skeppingsproses met Ma'at aan die gang gesit het, insluit. Dit is nou interessant dat die tradisionele konsep van die koning as hoof van die volk en met goddelike kwaliteite die belangrike skakel was tussen die twee wêrelde. En hoewel die proses deur die gode aan die gang gesit is, was hulle nou afhanklik van die erkening van die mens vir hulle voortbestaan. Selfs die gode is deur Ma'at aan die gang gehou en daarmee geïdentifiseer. Dit mag dalk ook verklaar waarom gode al meer losgemaak is van hulle wrede verlede en goeie kwaliteite ontwikkel het. Deur dus korrek op te tree en te spreek, was jy skeppend besig en is waarheid en geregtigheid (ook in die Amarna Periode) gerealiseer.

## 2.2 Definisie vir Ma'at

In die omskrywings van Ma'at is deur verskillende skrywers verskillende klemme gelê op wat hulle reken die kernbetekenis van Ma'at is. Daar het veral twee hoofgroeperinge na vore gekom vanuit hierdie omskrywings: 'n klem op 'n kosmiese orde en 'n klem op 'n sosiaal-etiese

orde. Volgens die eersgenoemde siening is Ma'at dan 'n bestaande entiteit waarna gestreef moet word. Hoewel dit bedreig kan word, is dit altyd daar en kan dit nooit verdwyn nie. Volgens die ander siening is Ma'at 'n toestand wat bewerk moet word. By die laasgenoemde siening is die moontlikheid dat Ma'at kan verdwyn wel daar, omdat dit nie op sigself bestaan nie maar bewerk moet word om 'n leefruimte te skep. Hiersonder is lewe egter ook nie moontlik nie. Binne hierdie laaste siening is daar ook twee onderafdelings. Die een groep sê Ma'at is die proses waardeur orde gehou en geskep moet word, terwyl die ander groep sê dat Ma'at die resultaat van daardie proses is. Daar behoort egter aandag gegee te word aan skepping as een van die betekenisse an Ma'at. Dit is vanselfsprekend dat waar chaos intree daar nie sprake van skepping is nie. Sodra Ma'at egter weer herwin word, is daar geskep en is daar orde gestel. Die vertaling "skepping" gee nie net 'n ander perspektief op die betekenis van Ma'at nie, maar dit beliggaam terselfdertyd ook die omskrywings van die verskillende skrywers. Deur korrek op te tree en reg te stel wat verkeerd is, word chaos verdryf. Hierdie korrekte optrede en handeling bring die waarheid na vore soos wat dit oorspronklik moes wees (geskape was). Elke god wat daarop wou aanspraak maak dat hy skeppergod is, moes Ma'at as skeppende funksie in sy godheid akkommodeer (vergelyk die bespreking by 2.5). Selfs die koning wat die kosmos moes onderhou en 'n leefwêreld moes skep (geregtigheid, waarheid, gelykheid, harmonie, kuns ens.), moes Ma'at hê, dus word hy "heer van Ma'at" genoem (Ringgren 1947:51). In hierdie betekenis mag Ma'at dalk groter ooreenkomste met begrippe in ander kulture hê.

Die enigste skrywer wat ek teengekom het wat na beide hierdie sienings oor in Ma'at verwys, is Henri Frankfort. Tog argumenteer hy dat hierdie onderskeiding eintlik kunsmatig is. Hoewel hy Ma'at met geregtigheid vertaal het in die "Instruksies", het hy ook daarop gewys dat die konsep Ma'at net soseer tot die kosmologie behoort as tot die etiek. So is geregtigheid die goddelike orde van die samelewing, maar dit is ook terselfdertyd die goddelike orde van die natuur soos wat dit aan die begin van die skepping geskape is (Frankfort 1948:54).

Hy verduidelik verder waarom dit lyk asof daar 'n vloeibaarheid bestaan in die betekenis van Ma'at vanweë die verskillende betekenisse wat daar aan Ma'at toegeskryf word. Hy sê dat dit ons ontbreek aan woorde vir begrippe wat, soos Ma'at, etiese sowel as metafisiese implikasies het. Dit is waarom Ma'at soms met waarheid en soms met geregtigheid vertaal word en waarom die ander betekenis van Ma'at ook verskillende woorde oproep. Op hierdie manier sou ons dan onbewustelik die onmoontlikheid om Egiptiese denke na behore in moderne taal te vertaal, verklap, want die onderskeidings wat ons noodwendig moet maak,

bestaan nie vir die Egiptenaar nie. Aangesien laasgenoemde se samelewing deel is van die universele goddelike orde, het ons onderskeidings geen betekenis nie. Die wette van die natuur, die wette van die samelewing en die goddelike bevele behoort almal tot een kategorie van dit wat reg is. Nadat die skepper orde (waarheid) in die plek van chaos (of valsheid) geplaas het, is dit die farao as sy opvolger wat hierdie betekenisvolle handeling herhaal by sy troonbestyging, by elke oorwinning, by die herstel van 'n tempel, ens. (Frankfort 1948:45 e.v.).

Dit is ook die mening van Frankfort (1948:63) dat dit die fundamentele leer van die Egiptenare was dat 'n goddelike orde tydens die skepping vasgestel is. Hierdie orde is gevestig in die normale verloop van verskynsels in die natuur, dit is gevestig in die samelewing as geregtigheid en dit is gevestig in die individu se lewe as waarheid. Hierdie orde is Ma'at, die kern van alle bestaan. Hoewel Frankfort dus ook hierdie onderskeiding maak, is die een die natuurlike uitvloeisel van die ander. Dit gee ook aan Ma'at permanensie. Weens die feit dat Ma'at in die kosmos "ingeskape" is, is die farao deel van die skeppingsproses, die een wat Ma'at vestig in die samelewing. Dit is deel van sy skeppingsopdrag. Dit is ondenkbaar dat 'n farao nie hierdie funksie in die samelewing sou vervul nie. Vandaar dan ook die nodigheid om 'n reformasiestele op te rig met die troonbestyging van 'n farao. Veranderinge wat dan deur die farao aangebring word (selfs ook politiese veranderinge) word dan beskou as die vestiging van Ma'at.

Frankfort (1948:77) wys egter ook daarop dat alle gode binne 'n vasgestelde orde opgetree het. Hulle het almal "op Ma'at geleef" en het gevolglik die leuen gehaat. In Egiptiese denke sou Ma'at, die goddelike orde, as bemiddelaar optree tussen god en mens. In geheel sou dit beteken dat as iemand verkeerd opgetree het, hy nie in die eerste plek 'n misdaad teen 'n god begaan het nie, maar hy sou egter in opstand gekom het teen die gevestigde orde, en die orde sou deur een of ander god verdedig word. Hierdie posisie van midde-laar mag moontlik deur Ma'at ingeneem gewees het in haar rol as godin. 'n Sodanige rol van Ma'at sou kon verklaar waarom 'n oortreding teen Ma'at nie deur Ma'at self gestraf word nie. Hierdie rol van middelaar word egter vir my die beste vervul deur die koning wat, met Ma'at tot sy beskikking, daagliks die skeppende handeling moet voortsit. Hy is die een wat Ma'at aan die gode moet offer, maar hy is ook die een wat Ma'at uitdeel aan die mense.

Frankfort (1948:56) het self ook daarop gewys dat daar in die Piramidetekste gesê word dat Re van die oerheuwel, die plek van die skepping, gekom het nadat hy orde (Ma'at) in die plek

van chaos geplaas het. Hy sê dat die daad van die farao op presies dieselfde wyse beskryf word. Verder het hy gesê dat die koning, wat van Ma'at geleef het, direkte kennis het van die voorbestaande orde van die heelal. Hy kan daarom nie met blote sterflikes beraadslaag nie. Sy besluite was spontane, kreatiewe handelinge, gemotiveer deur oorwegings wat bo menslike begrip val, hoewel hy genadiglik daarvan aan die mens bekend mag maak. Die opmerking van Assmann (1989:67) dat Akhenaten Ma'at sou manipuleer gedurende die Amarna Periode is hiervolgens nie aanvaarbaar nie. Fundamenteel aan die rol van die farao was juis dat hy die uitdeler van Ma'at sou wees aan die gode en die mense. Aan die gode om daarmee gevestigde orde in die kosmos te onderhou, maar tog ook in die samelewing, deur sy wyse besluite (ons weet ook dat die Egiptenare nie geskrewe wette gehad het nie), wat die mense gehelp het om volgens Ma'at te leef, sodat hulle voorspoed kon beleef omdat hulle in staat is om vir hulle 'n leefruimte te skep deur chaos te verdryf. Ons het gesien dat diegene wat dan nie volgens hierdie wysheid (Ma'at) geleef het nie, teen die gevestigde orde sou inbeweeg en die ongeluk oor hulleself sou bring. Die farao sou, as die uitdeler van Ma'at, ook die onderhouer van Ma'at wees in die politiek, op sosiale en morele gebied. Dit is dan ook my mening dat mense self nie Ma'at gehad het nie, maar daarvolgens geleef het.

## 2.3 Uitbeelding van Ma'at

In hiërogliewe is Ma'at in die vorm van 'n volstruisveer of as 'n beeld van die verpersoonlikte Ma'at, 'n sittende godin met 'n veer in 'n band om haar hoof, en, in 'n ouer vorm, as 'n reghoekie met 'n skuins sykant, vertoon (vergelyk die illustrasies by fig.1). Hornung (1992:134) wys daarop dat die volstruisveer, wat veral voorkom by die oordeel van die dooies, bloot 'n fonetiese transkripsie is wat geen belangrike inligting aangaande die essensie van Ma'at bied nie. Die uitbeelding van Ma'at as 'n sittende godin op 'n verhewe platform, waarop die troon van 'n god mag staan, is egter vir hom van besondere betekenis. Dit druk vir hom die basis van alle orde in die geskape wêreld uit, sowel as die basis van die lewe en van kosmiese orde en balans. Een van die sentrale motiewe was die weeg van die gestorwenes se hart teenoor Ma'at. Die god Thot verrig die weegproses voor Osiris, wat heers oor 'n oordeelsaal met 42 regters. Die toets is suksesvol wanneer die hart van die gestorwene met Ma'at balanseer; dan word die gestorwene in triomf aan Osiris voorgestel. Die gestorwene lewer ook 'n reeks verklarings van onskuld ten opsigte van verskeie sondes. Dit moet hom bystaan in die toets. Beide die verklarings en die illustrasies van 'n suksesvolle uitslag sou dan magiese maniere wees om 'n suksesvolle uitslag te verseker, net soos wat begrafnis-literatuur en ander voorsorgmiddele in die graf hulpmiddele was tot 'n suksesvolle hier-

namaals (Baines & Malek 1984:218). Ma'at word tydens die geleentheid of deur haar simbool ('n volstruisveer), of deur die beeldjie van die sittende godin met die volstruisveer op haar kop in die skaal voorgestel (Černy 1957:89). Vergelyk die voorstelling in fig. 2.
Ma'at word ook voorgestel waar sy aan die gode geoffer word. Voordat die priester die tempel binnegegaan het, het hy homself gereinig in die heilige bad. By die tempel het hy 'n vuur aangesteek en 'n wierookhouer met brandende houtskool en wierook gevul. Hy het dan na die heiligdom gegaan waarin die god die nag deurgebring het. Hy het die kleiseël op die deur gebreek, die knipskuif weggeskuif en die twee deure geopen. Die beeld van die god verskyn voor hom en die priester begroet die god deur op die grond voor die god neer te val. Hy sing dan een of meer liedere en offer heuning aan die god. Hy brand nog wierook terwyl hy vier keer om die beeld beweeg. Hy offer dan die beeld van Ma'at aan die god (Černy 1957:101. Vergelyk fig.3). Vir Derchain (1981:107) was hierdie offer van Ma'at die klimaks van die ritueel, aangesien sy beide kosmiese en sosiale orde verseker in haar hoedanigheid as die rigtingewende krag in die heelal. (vergelyk ook die afbeelding van Ma'at in die boot van Re in fig. 4). Hierdie ritueel beeld die orde in die kosmos uit wat ook in die samelewing sigbaar moet word, aangesien die samelewing se voortbestaan daarvan afhanklik is. Ma'at, wat van die gode afkomstig is, moet terselfdertyd as offer uit die hand van mense weer die gode voed. Op soortgelyke wyse het mense nodig om Ma'at, wat van die gode afkomstig is, te doen om voort te bestaan. Die gode ontvang weer van hierdie welgeordende realiteit energie wat nodig is om die proses van skepping te onderhou.

Ma'at was egter ook in antropomorfe vorm voorgestel. (Vergelyk voorstelling by fig.1 en fig.5). 'n Voorbeeld hiervan word gevind in die graf van Ramose, die visier van die suide, wat in Thebe is. In 'n uitbeelding op die wande van die graf staan Ma'at as in haar antropomorfe vorm agter Amenhotep III met haar hand seënend op sy skouer en haar kenmerkende volstruisveer, gevorm soos haar hiëroglifiese simbool, op haar kop (Desroches-Noblecourt 1964:127,129; vgl. ook fig.6).

Ons het gesien dat Tobin daarop wys dat Ma'at op verskeie maniere gedefinieer kan word, nl. as 'n simbool, 'n abstrakte beginsel en as 'n godin. Hoewel elkeen van hierdie verskynsels 'n eie bestaan het, sluit die een tog nie die ander uit nie. Volgens die Egiptiese mitiese simboliek het Ma'at dan haar ontstaan tydens die skepping gehad en was sy die beginsel waarvolgens die geskape heelal op 'n geordende wyse sou bestaan. Die sentraliteit van Ma'at, selfs in verhouding met die gode, word uitgedruk in die simboliek, byvoorbeeld waar Ma'at voor die neus van Atum gehou word en hy haar soen, of waar Ma'at deur Atum geëet word.

Daarvolgens sou ook Atum, as die oorsprong van die geskape orde, nie sonder Ma'at kon bestaan nie, aangesien Ma'at die beginsel is waardeur goddelike lewe aanhoudend vernuwe is. Ma'at was daarom meer as die beginsel van universele orde; dit was 'n integrale deel van die kosmos waarsonder laasgenoemde nie kon bestaan nie (Tobin 1989: 77,78).

Tobin (1989:78,82) wys op nog 'n simboliese funksie van Ma'at in die teks van Ptahhotep met die verhaal van die "Welsprekende kleinboer" waarin 'n eenvoudige kleinboer die koninklike troon lastig val. Die basis van sy waag-moed is die oortuiging dat die geregtigheid wat Ma'at eis nie teengestaan kan word nie. Shupak (1992:1,18) sê ook: "*this story has a well-founded juridical background*" (1992:1). Sy sê verder dat Ma'at 'n sentrale tema is in die juridiese wêreld van antieke Egipte en orde, eerlikheid en geregtigheid aangedui het (1992:15). Die rol van die farao was daarom ook 'n belangrike een; hy was die lewende instrument waardeur Ma'at gerealiseer is in die wêreld, in menslike en politieke sake. Ma'at was in die farao beliggaam (Tobin 1989:78,82).

### 2.3.1 Gevolgtrekking

Ma'at het nie net orde simboliseer nie maar moes ook orde verseker. Dieselfde verhewe platform - wat vir Hornung (1992:134) die basis van alle orde, lewe en balans uitdruk - waarop die beeldjie van die godin Ma'at voorgestel word, word aan die die hoofgode geoffer om orde te verseker. Ma'at is ook die maat waarmee gemeet word as dit voorgestel word in die skaal teenoor die hart van die gestorwene. Uit hierdie voorstelling word ook afgelei dat Ma'at etiese en morele beginsels beliggaam het. Die antropomorfe vorm van Ma'at is egter 'n aanduiding dat sy net soos ander gode voorgestel was en ook 'n godin in eie reg was.

## 2.4 Ma'at in samelewingsverband

### 2.4.1 Ma'at in verhouding tot ander begrippe in die Egiptiese samelewing

Ma'at word in die meeste gevalle met *Isfet* in verband gebring. *Isfet* word gebruik om 'n toestand wat Ma'at opponeer aan te dui. Dit is egter opvallend dat nog geen spesifieke studie rondom die konsep *Isfet* gemaak is nie. Assmann (1989:60) beskryf *Isfet* as ongehoorsaamheid aan gelykheid. Ma'at, wat gelykheid tussen mense moet verseker, moet in die plek van *Isfet* gestel word. Baines (1991:128) vertaal *Isfet* met chaos en stel dit teenoor Ma'at. *Isfet* word geassosieer met die wêreld buite die skepping. Dit is egter duidelik dat

Ma'at deur die skeppergod geïnstalleer is om die chaotiese toestand (*Isfet*) te verplaas of te omskep in 'n leefbare toestand, wat opsigself weer skepping impliseer (Assmann 1989:60). Daar is egter nog min oor *Isfet* gesê wat vir ons belangrike vrae kan beantwoord. Van hierdie vrae is:

Wie was verantwoordelik vir *Isfet*? Was *Isfet* slegs deel van die mensewêreld, veral gesien teen die agtergrond van die klassieke beskouing dat die gode- en mensewêreld weerspieëlings van mekaar was? Sou 'n versteuring van Ma'at deur *Isfet* in die mensewêreld 'n invloed hê op die godewêreld?

Ander terme waarteenoor Ma'at al gestel is, is *grg* (valsheid) en *dw* wat boosheid beteken (Lichtheim 1992:18), asook *kheb*, die slinkse of oneerlike (Hornung 1992:136). Hornung (1992:136) sê verder dat die universele sin van Ma'at geen volkome parallelle het in enige ander taal nie en dat die Sanskrit woord *rta* moontlik die naaste aan die betekenis kom. Hy meen egter dat kontemporêre vertalings langer en meer gedetaileerde verduidelikings moet bevat.

Daar is natuurlik ook die stormgod Set, wat die negatiewe kwaliteite chaos, boosheid, verwarring, ens. verteenwoordig. In baie opsigte is hy die negatiewe ekwivalent van die godin Ma'at, met haar kwaliteite van orde, balans, harmonie, geregtigheid, ens. (Silverman 1991:34). Tot dusver is egter nêrens nog getuienis gevind dat Set 'n verpersoonliking van *Isfet* kon wees nie. Onder die verhale oor Ma'at verwys Lichtheim (1992:80) na die verhaal "Waarheid en Valsheid". Hier het Valsheid (*grg*) sy ouer broer Waarheid (Ma'at) aan die gode verkla, wat probeer om Waarheid te vermoor. Hoewel Waarheid verblind is, ontsnap hy, 'n seun word vir hom gebore, diè word sy pa se wreker en Valsheid word deur die gode gestraf.

### 2.4.2 Ma'at se aanvanklike verband met die koning

Na die skeppingsgebeure het die skepping ontwikkel tot die goue era toe die gode op die aarde regeer het en reg, etiek en religie hier gevestig het. Toe hierdie era verbygegaan het, het die koning as direkte erfgenaam en opvolger van die gode die regering van Egipte oorgeneem. Hy het dan ook die voorskrifte van Ma'at gehad om hierdie ideale toestande van die goddelike era te bewaar tot in ewigheid (David 1982:48). Koningskap strek dus vir die Egiptenaar terug tot die begin van die tye. Die "Turynse Kanon" wat die name van konings lys, begin met die name van vele hoofgode, gevolg deur dié van demi-gode, voordat die

menslike konings genoem word. Hierdie verbintenis tussen die koning en die gode word ook deur die koninklike eretitels uitgedruk (Leprohon 1995:274). Frankfort (1978:34) sê dat die koning dus die een was wat saam met die magte van die natuur 'n politieke struktuur moes vorm. Dit is daarom ook nie vreemd dat die koning vanaf die vroeë dinastieë absolute mag gehad het nie. Hy is ook geïdentifiseer met die valkkopgod Horus. Hy was hierdie god self en kon die titel Horus wat hy gedra het, oordra na sy opvolger (David 1982:17).

In die vroeëre periodes veral word daar vertel dat elke koning die kind was van die goddelike verbintenis tussen die hofstaatsgod en die hoofkoningin van die koninkryk. Hierdie goddelike verwekking van die koning het die koning van Egipte toegerus met sy unieke aard en het hom instaat gestel om namens mense en gode op te tree. Die rol van die hoofkoningin, die oudste dogter van die vorige koning en koningin, was daarom ook van uiterste belang vir die troonopvolging. Sy was die toekoms-tige goddelike metgesel en moeder van die volgende troonopvolger. Sy het daarom ook haar menslike eggenoot die sterkste aanspraak op die troon verskaf, wat eintlik alle ander aansprake ongeldig gemaak het. Teoreties het dit die manlike erfgenaam eintlik geen keuse gelaat nie as om met die oudste dogter van die hoof-koningin te trou. Dit is dan ook die rede waarom daar so baie gevalle is in die geskiedenis van Egipte waar die koning met sy suster of halfsuster getrou het (David 1982:18). In hierdie verband kan ons na Akhenaten verwys wat met sy halfsuster Nefertiti getroud was. Daar was egter ook gevalle waar dit nie gebeur het nie; ons bespreek dit in die volgende afdeling. Leprohon (1995:274) wys verder ook daarop dat die koninklike verbintenis met die tradisionele mitologiese gebeure beklemtoon word.

In verband met die goddelikheid van die koning bestaan daar, volgens Frankfort (1978:36), geen twyfel nie dat die konsep aangaande die godheid van die farao spesifiek geskep is om die inkarnasie van Horus in die koning van Egipte te akkommodeer. In baie tekste word ook gewoon na die farao as "die god" (*netjer*), of "die goeie god" (*netjer nefer*) verwys. Die koning sou egter ook ander gode beliggaam het. Daar word dan ook as volg na die farao verwys: "*Authoritative Utterance (hu) is in thy mouth. Understanding (sia) is in thy heart.*

*Thy speech is the shrine of truth (ma'at)*" (Frankfort 1978:51)[2]. Hierdie aanhaling kan natuurlik ook gebruik word om aan te toon dat die koning die goddelike skeppingsvermoë van die skeppergod besit het, wat sekerlik belangrik sou wees in sy rol as onderhouer van die orde

---

[2] Hu en Sia was soos Ma'at as gode vereer.

(Ma'at) in die kosmos en samelewing. 'n Verdere verwysing na sy goddelikheid word ook gesien in die titel "Heer van Ma'at" wat die koning, sowel as Re, die skeppergod, gedra het. Dit kan 'n aanduiding wees van die gelykwaardige goddelike posisie wat die koning beklee het. 'n Religieuse teks aan die suidelike muur van die rotsgrafte van El-Amarna lees: "*Thou art born even as the Aten is born. Thy duration is as eternity, the duration of Ra as King of the Two Lands, the years of Aten in heaven*" (Davies 1903:49).

Die totale samelewing was dus afhanklik van en het gedraai rondom die koning. Hierdie uitgebreide rol van die koning het later ontwikkel in baie pligte, religieus, juridies, polities, militêr en sosiaal, wat orde (Ma'at) in die samelewing moes bring. Sonder hierdie funksionering van Ma'at was die bestaan van die samelewing nie moontlik nie. Namate die samelewing egter gegroei het, was die koning genoodsaak om pligte na koninklike amptenare, wat aanvanklik hoofsaaklik familielede was, te delegeer (David 1982:43; ook Leprohon 1995:273). Die koning was egter nie net verantwoordelik vir sosiale orde nie, hy was ook verantwoordelik vir kosmologiese orde. Die koning moes Ma'at vrystel aan gode en mense. Gode het van Ma'at geleef en mense moes daarvolgens leef.

Frankfort (1978:69) sê ook dat 'n persoon self verantwoordelik was indien hy of sy sou misluk. Die koning was egter in staat om hierdie gebrek van 'n persoon reg te stel, aangesien hy die mens se *Ka* kon maak. In die Ou Koninkryk word daar dan ook name soos *Kai-ni-nesut* "my *Ka* behoort aan die koning", en *Kai- nesut* "die koning is my *Ka*", gevind. Dit is dan ook opmerklik dat hierdie uitdrukkings in die Amarna Periode opnuut benadruk is. Die koning is hier nie alleen die *Ka* van die howelinge genoem nie, maar het ook 'n groter betekenis verkry, deurdat hy hulle voedsel genoem word. 'n Teks deur Davies (1903:49) vertaal lees as volg: "*Praises to thee, O Ua-en-ra [Akhenaten] I give adorations to the height of heaven, I propitiate him who lives by truth (Ma'at), the Lord of Diadems, Akhenaten, great in his duration, the Nile-god by whose decrees men are enriched, the food and fatness of Egypt (ka-w zefa-w), the good ruler who forms me, begets me, develops me, make me to associate with princes, the Light by sight of which I live, my Ka day by day*". Aangesien die koning Ma'at, skeppingsmag, het kan hy die *Ka* van mense verander.

### 2.4.3 Ma'at se latere verband met die koning

Verskeie faktore het daartoe gelei dat die gesag en goddelikheid van die koning ondermyn is. Hierdie faktore was die toename in gesag van die priesters, ekonomiese faktore, die onafhanklikwording van die howelinge en buitelandse bedreigings. David (1982:49 e.v.) het getoon dat die kultus van Re aan die einde van die Ou Koninkryk geweldig in mag en belangrikheid toegeneem het. Die kultus van Re het ook daarin geslaag om die koninklike kultus te word en die konings sou van nou af die solare epiteton in hulle titels dra. Dit was al 'n aanduiding van die afname in die status van die koning, want waar daar vroeër na hom as god in eie reg verwys is, word daar nou na hom verwys as "seun van God". En hoewel die 3de en 4de Dinastieë, die piramide era, 'n aanduiding kan wees van die hoogtepunt van koninklike gesag (vergelyk die grafkompleks van Cheops by Gizeh), het die sonkultus ook daarmee saam gegroei in belangrikheid en status. Vir hierdie standpunt bestaan daar dan ook steun by baie skrywers. Hieruit word die afleiding gemaak dat Shepseskaf, wat aan die einde van die 4de Dinastie regeer het, anders as sy voorgangers, nie hom met die sonkultus verbind het nie, in 'n poging om die mag van die priesters, wat koningskap in Egipte bedreig het, te probeer stuit. Hy het byvoorbeeld in sy naam en titels geen assosiasie met Re verklaar nie, en in plaas daarvan om 'n piramide vir sy begrafnismonument op te rig, het hy eerder na 'n vroeëre praktyk teruggekeer en 'n variant van die mastaba-graf gebou. Dit blyk egter 'n verlore stryd te gewees het, want vanaf die 5de Dinastie het die konings hulle troonbestyging aan die intrede en aktiewe ondersteuning van die priester te danke gehad. Hulle moes natuurlik hulle dankbaarheid teenoor die godheid bewys; die eerste drie konings van die dinastie het inderdaad ook ongekende steun aan die sonkultus verleen. Vele spesiale son-tempels is in hierdie tyd vir Re gebou (David 1982:49-51).

Die afname in die rykdom van die koning het ook daartoe bygedra dat sy mag geleidelik begin afneem het. Koninklike fondse is uitgeput deur skenkings aan die adel om voorsiening te maak vir hulle grafte, die onderhouding van die *Ka*-priesters, die wyer kring van koninklike erfgename, en die bou en onderhoud van geboue en begraafplase. Soos die rykdom van die koning afgeneem het, het die belangrikheid van die adel toegeneem. Hierdie situasie sou daartoe lei dat die koning se goddelikheid in gedrang gekom het en dat hy as minder goddelik beskou is. 'n Toename in huwelike tussen die koning en ryk nie-adelikes in die 4de Dinastie was waarskynlik vanweë die afname van die koninklike rykdom. Dit het egter die gevolg gehad dat sy goddelikheid nie meer gehandhaaf kon word nie en dat die afstand tussen hom en sy onderdane uitgewis is. Die son-tempels en priesters het ook die staatsfinansies

uitgeput, omdat die priesters van Re, die koninklike beskermer en staatsgod, net soos die adelikes, skenkings ontvang het en van belasting vrygestel is. Hierdie sentrums en priesters het ryk geword ten koste van die koning (David 1982:88,89).

Teen die 6de Dinastie word vrede en sekuriteit versteur deur buitelandse bedreigings. Die voorregte met betrekking tot die hiernamaals, tevore net beskore vir die koning, was ook nou deur die adel begeer. Die adel in die provinsies, wat nie meer so afhanklik was van die koning nie, het veroorsaak dat die koning by Memfis vergete geraak het. Die adel het dwarsdeur die land vir hulleself magte toegeeïen en die aanvaarde tradisies en religieuse geloof van die Ou Koninkryk bevraagteken (David 1982:92).

Gedurende die 11de en die 12de Dinastieë kon die selfs gewone mense 'n lewe na die dood verwag en was hulle nie van die guns van die koning afhanklik daarvoor nie; hulle kon dit verkry deur die korrekte uitvoering van rituele en begrafnisprosedures en deur toegewyde aanbidding van die god Osiris. Toe die gesentraliseerde mag aan die einde van Ou Koninkryk verbrokkel het, kon mense nie meer hulle hoop op die staatskultus plaas nie en hulle ook nie na die koning wend in hulle ewigheidstrewe nie. Noudat die koning van sy mag ontneem was, het adelikes verkies om in hulle provinsies begrawe te word. Hulle het ook hulle ewige lewe verkry deur sommige van die magiese en religieuse hulpmiddelle wat vroeër die koning bygestaan het om by die songod aan te sluit. Hierdie begrafnisgebruike was nou verbind met die ontwikkeling van die kultus van Osiris, wie se gewildheid hom sonder veel teenstand in 'n belangrike posisie geplaas het (David 1982:106).

Die Osiris-kultus het selfs al in die in Ou Koninkryk begin floreer en het waarskynlik koninklike steun ontvang in 'n poging om die mag van Re se priesters te verminder. Toe die Ou Koninkryk ineenstort, het die nuwe regeerders na 'n godheid gesoek wat Re kon aanvul as beskermheer van die vroeëre konings en wat terselfdertyd wydverspreide aanhang geniet het. Osiris was die natuurlike keuse. Hoewel die konings van die 12de Dinastie sommige van die gebruike van die Ou Koninkryk herstel het, is geen poging aangewend om die vroeëre mag van die songod Re ten koste van Osiris te herstel nie. Teen die Middel Koninkryk het Osiris die koning vervang as die een van wie hulle afhanklik was vir die hiernamaals. Osiris het selfs die kans op onsterflikheid aan almal gebied, ongeag hulle status of rykdom (David 1982:106-109).

Dit sou natuurlik ook 'n invloed gehad het op die koning se posisie as voorsiener van Ma'at. Hy sou nie meer alleen verantwoordelik wees vir Ma'at nie. Dit sou ook bydra tot die feit dat die koning nie meer benodig was vir 'n lewe in die hiernamaals nie. 'n Ander ontwikkeling wat hierdie situasie aangehelp het, was dat, namate die koning se pligte uitgebrei het, hy daarvan moes delegeer. David (1982:49) het daarop gewys dat die koning nie meer slegs familielede in senior administratiewe poste kon plaas nie. Howelinge het ontwikkel in 'n onafhanklike burokrasie, wat nie langer vir hulle posisie van die guns van die koning afhanklik was nie. Verder sê sy dat die wet nou verpersoonlik was in die godin Ma'at. Die visier (een van die hoogste amptenare), wat as die koning se verteenwoordiger, die hoof was van die howe, was nou die hoëpriester van Ma'at. So het dit dan gebeur dat die koning nog net teoreties of simbolies in beheer was, maar dat daar in praktyk plaaslike wetgewing bestaan het (David 1982:139). Dit is dan ook verstaanbaar dat juis die howelinge ook na die dood van Akhenaten sou saamspan om die proses wat in die 18dė Dinastie deur Akhenaten aan die gang gesit is, om te keer.

## 2.5 Die kultus van die godin Ma'at en haar verhouding met ander gode

Hierdie onderwerp sal ek 'n bietjie breedvoeriger bespreek, aangesien ek gevind het dat wanneer geleerdes die begrip Ma'at bespreek, daar slegs terloops melding gemaak word van Ma'at as godin, selfs ook in gevalle waar die gode van Egipte bespreek word. Dit sal moeilik wees om die verhouding van die godin Ma'at met betrekking tot die ander gode te bespreek, alvorens ons nie verstaan hoe die status van die gode van Egipte toegeneem en afgeneem het nie.

Jaroslav Černy (1957 : 31 e.v.), wat 'n volledige bespreking oor hierdie onder-werp gee, het getoon dat die lot van die individuele gode afgehang het van of beïnvloed is deur die politieke ontwikkelinge en veranderinge in die land. Dit het dan gebeur dat sommige gode heeltemal verdwyn het, terwyl andere in belangrikheid toegeneem het en selfs stelselmatig van aard kon verander. Van die faktore wat 'n invloed op die godsdiens gehad het, was die groepering van verskillende gebiede in Egipte in "nomes" (provinsies) en die bestaan van die twee streke, nl. Bo en Onder Egipte, wat hoewel hulle op 'n vroeë stadium in een koninkryk verenig is, steeds verskille vertoon het. Die vereniging van die twee streke het beteken dat gebiedsgode nou nader aan mekaar gebring is. Die gode van die hoofstede van elke provinsie het die hoofgode oor die ander gode in die bepaalde provinsie geword, en die god van

die hoofstad van die verenigde land sou die hoofgod van al die ander gode word. Dit het egter tot gevolg gehad dat sommige gode oorweldig is deur meer belangrike gode. Soms het dit gebeur dat bepaalde gode opgeneem is deur die meer belangrike gode en ander in vergetelheid verval het. Priesters en aanbidders wat hulle gebiedsgode wou beskerm, het dan verklaar dat hulle god net 'n ander vorm of aspek van 'n belangrike godheid was en nie wesentlik verskil het van die belangrike godheid nie. Hierdie weg is veral gevolg in gevalle waar twee opponerende gode uit die staanspoor soortgelyke kenmerke gehad het. So is verskeie leeu-godinne byvoorbeeld met die koei-godin Hathor geïdentifiseer.

Die gode wat deurgaans met die belangrike gode verbind of deur hulle opgeneem is, het of verdwyn of bloot deel van die titel geword van die god met wie hulle saamgesmelt het. Dit het ook gebeur met Ptah, die god van Memfis, wat op 'n stadium deur die nekropolis-god van die naburige gebied opgeneem is en voortaan net voorgekom het as Ptah-Sokar.

'n Ander gewilde manier om 'n god of godin te behou, was om die god in 'n familieverband met 'n magtige god te plaas. So is pare of triades gevorm, waarin 'n god en godin die rol van 'n man en vrou aangeneem het. In geval van 'n derde godheid, het sodanige god die rol van die seun vervul. Dit het byvoorbeeld gebeur in Antinoupolis waar die padda-godin Heket die vrou van die ramgod Khnum geword het en in Memfis waar die leeugodin Sakhmet die vrou van Ptah geword het, terwyl die god Nefertem hulle seun geword het. Vergelyk ook voorbeelde van triades in fig. 8.

Ringgren (1947:45) sê dat reeds so vroeg as die Piramidtekste daar melding gemaak word van die godin Ma'at waar sy voor Re is tydens die Nuwejaarsdagfees. Černy (1957:59) het ook aangedui dat die godin Ma'at reeds tydens die 2de Dinastie na vore gekom het en dat sy ook baie vroeg reeds met die volstruisveer op haar kop, wat ook haar simbool geword het, voorgestel is. Sy is die dogter van Re, aangesien Re, die songod, die heelal regeer volgens die beginsels van reg en geregtigheid (Ma'at) wat hy neergelê het.

Ringgren (1947:46-52) het op grond van latere tekste getoon dat die volgende idees na vore gekom het in die godin se verbintenis met Re. Die opkoms en ondergang van die son het volgens Ma'at geskied aangesien:

* Ma'at die songod beskerm het en sy vyande geëlimineer het,
* Sy die songod dag en nag omhels het,

* Sy en Thot elke dag die koers van die songod bepaal het.

Sy word daarom dikwels voorgestel terwyl sy in die boot van Re staan en hom begelei op sy reis deur die hemelruim en die onderwêreld (vergelyk die voorstelling by fig. 2). Sy afleiding is dat die reëlmaat van die son se gang (opkoms en ondergang) deur Ma'at verseker is, en daarom 'n realisering van Ma'at is.

Vanaf die 18de dinastie word voorstellings in tempels gevind, wat die farao vertoon terwyl hy 'n beeldjie van Ma'at aan die hoofgod offer. Hierdie afbeelding staan bekend as "die gee van Ma'at aan die heer van Ma'at". Ringgren (1947:46 e.v.) is van mening dat Ma'at in hierdie voorstellings meer beteken as net die realiteit van alles wat bestaan of dat dit net 'n geestelike offer is om te simboliseer dat die farao reg en waarheid in sy regering uitgevoer het. Die betekenis van Ma'at lê vir hom eerder daarin dat Ma'at die lewe van die songod, sy lewenskrag, was, en dat kosmiese orde deur haar beliggaam is. Die koning moes daarom vanweë sy funksie in hierdie ritueel die universele orde onderhou. Dit is in aansluiting by die Egiptiese denke dat die magte van die gode in 'n groot mate, indien nie geheel en al nie, afhanklik was van menslike aanbiddingsoffers.

Hy waarsku egter dat dit nie beteken dat Ma'at nie die etiese betekenis van waarheid en geregtigheid gehad het nie. Die korrekte beskouing sou eerder wees dat kosmiese orde en sosiale en morele reg nie los van mekaar gesien moet word nie. Hiervolgens is Ma'at dan die orde en wet van die lewe wat nie alleen vir die mens geldig is nie, maar ook vir die hele skepping.

Ringgren (1947:50) haal ook vanuit die Berlynse Argeologiese inskripsies aan om aan te toon dat Ma'at as godin gewoonlik die dogter van Re genoem is; "Sy is dogter van Re, dame van die hemelruim, meesteres van die twee lande, die oog van Re wat geen gelyke het nie". Dit is ook interessant dat Hornung (1992:142) daarop wys dat Ma'at in 'n sekere sin met die oog van Horus ooreenkom, omdat dit net soos Ma'at van tyd tot tyd gewond word en dan weer herstel word. Die aanbieding van die oog van Horus deur die farao of die priester het daarom ook dieselfde basiese betekenis, as wanneer Ma'at aan die god geoffer word. Dit was 'n uitdrukking van die feit dat alle ontwrigting en bedreiging vir orde verwyder is, en dat geregtigheid en harmonie weereens regeer het. Hy sê dat op twee beelde die inskripsie: "*My arms carry the udjat eye, I present Ma'at*", verskyn. Die oog kom ook voor in die hande van 'n bobbejaan, die afbeelding van Thot, wat ook 'n verantwoordelikheid het vir Ma'at in sy rol as regter. Thot maak daarom ook die oog gesond, wat versoening bewerk en Ma'at herstel.

In 'n ander teks word sy ook in verband met ander gode genoem. So het sy ook byvoorbeeld die benaming gedra van "die dogter van Re, die metgesel van Amon, die geliefde van Ptah, wat die hart van Thot vertroos" en ook "*Rat-taui* by Thebe, die meesteres van die hemelruim, koningin van die gode en godinne" (Ringgren 1947:50).

Ringgren (1947:50) wys ook op 'n laat teks (Thausing) wat Ma'at met die god Hathor in verband bring. Hierdie teks lees: "Hathor die groot een, die meesteres van die hemelruim, die koningin van die gode en godinne, Ma'at die vroulike son, die eerste in Dendera, die pragtige, wat in die hemelruim verskyn. Ma'at wat die wêreld regeer in die boeg van die solare skip". In die Grieks-Romeinse tyd is Ma'at dikwels as 'n vorm van Hathor geïdentifiseer. Ringgren (1947:51 e.v.) sê dat by Kusai Ma'at dan ook as die *ka* van Hathor aanbid is en daarom beskou is as 'n vorm van Hathor. Uit 'n Dümichen Geografiese inskripsie maak hy die volgende aanhaling: "Hathor, die dame van Dendera, die godin Ma'at, die koningin van Kusai" (Ringgren 1947:50)

Tobin (1989:79) haal vanuit die Kistekste formule 80 aan om aan te dui dat Ma'at ook met Tefnut, die dogter van Amun, geïdentifiseer word. Hier is Amun aan die woord wanneer hy sê "Tefnut is my lewende dogter; Sy sal met haar broer Shu wees. Lewe (*ankh*) is sy naam; Ma'at is haar naam". Verderaan in dieselfde teks word die verhouding tussen Amun en Ma'at verder beklemtoon en word Ma'at as sy dogter beskryf: "Soen jou dogter Ma'at, plaas haar by jou neus. Jou hart sal lewe, want sy is nie ver van jou nie. Ma'at is jou dogter met jou seun Shu wie se naam Lewe is. Jy sal van jou dogter Ma'at eet".

Dit blyk ook dat daar 'n ander verhouding tussen Ma'at en Shu, die god van lug en wind, was. In die stele van Haremheb word Ma'at met die lewendgewende noordewind verbind.
"*Praised art thou, Ma'at, mistress of the north wind,*
*thou who openst the nose of the living ones*
*and givest wind to the one in his ship*
*and grantest that Haremheb inhale the breath borne*
*by the sky*" (Ringgren 1947:49).

Verder word Shu (die god van wind) en Ma'at soms deur dieselfde hieroglifiese veer (𓆄) aangedui en word Ma'at selfs uitdruklik Shu genoem, waar daar gesê word "hierin, sy naam Ma'at, gee hy goeie wind aan die solare boot" (Ringgren 1947:48).

Ma'at was ook met verskeie gode verbind deur die stelling dat hulle "heer van Ma'at" is. Ma'at is die dogter van Re en Re is die heer van Ma'at. Ringgren (1947: 51) sê dat dit die betekenis het dat Re, wie se eerste verskyning en wie se oorwinning oor die magte van die duisternis en chaos 'n oorwinnig van die kosmiese orde beteken het, altyd die administrateur van hierdie orde was. Maar aangesien Re se skeppingsaktiwiteit deur Hu en Sia teweeggebring is, gebeur dit ook dat hierdie twee godhede met Ma'at geassosieer is. Sia, as insig, het gehelp in die beplanning van die werk en Hu het die kreatiewe uitdrukking daaraan gegee (Hornung 1982:76). Verder het die koning, wat ook verantwoordelik was vir die instandhouding van die universele orde, vir Hu, Sia en Ma'at tot sy beskikking gehad. Die koning was in staat om sy rol as koning te vervul deur Ma'at aan die gode te offer en sy onderdane volgens Ma'at te oordeel. Die koning het dan ook die titel gedra van: "heer van Ma'at". Maar dan word die koning ook soms as seun van Re, die skeppergod, beskryf.

Die moontlikheid bestaan dat Re die eerste god was wat "heer van Ma'at" genoem is. Dit het egter 'n algemene benaming geword wat in verband gebring is met almal wat eenheid en orde (Ma'at) in Egipte bring. Die oorsprong hiervan sou in Heliopolis gewees het. Hierdie titel is tog ook vroeg alreeds deur Ptah van Memfis vir homself opgeeïs, wat in 'n sekere mate 'n mededinger van Re was as die hoë god. Ptah is dan ook in die Nuwe Koninkryk meer as enige god "heer van Ma'at" genoem. Hy word dan voorgestel op 'n podium wat die teken vir Ma'at (𓐙) is (vergelyk fig.8). 'n Soortgelyke voorbeeld word in die graf van Ramses IX naby Thebe gevind, waar 'n klein beeldjie van Ma'at voor hom staan. Ptah word ook genoem: "vader van Ma'at, ferm in Ma'at, hy wat Ma'at verhef het, hy wat in Ma'at behae het, hy wat Ma'at voortgebring het" . By tye het Ma'at ook die plek van Sekhmet ingeneem as die metgesel van Ptah (Ringgren 1947: 51). Ander gode wat ook "heer van Ma'at" genoem word, is Horus, Osiris en Thot. Daarmee is die aanspraak gemaak dat hulle die onderhouers van kosmiese, sosiale en morele orde was.

Dit laat die vraag ontstaan of Ma'at waarlik 'n godin in eie reg was en of sy nie bloot 'n personifikasie van 'n konsep was nie. Hiervan was daar voorbeelde. Hornung (1982:76 e.v.) het byvoorbeeld daarop gewys dat gode wat dieselfde name as religieuse konsepte gehad het, nie noodwendig 'n eie kultus gehad het nie. As voorbeelde noem hy vir Sia en Hu wat net met hulle spesiale magte die skeppergod bygestaan het om sy skeppingswerk te beplan en uit te voer. Erman het selfs sover gegaan om die godin Ma'at bloot 'n "abstraksie" en "kunsmatige samestelling" te noem (Ringgren 1947:52; Hornung 1982:74 e.v. ).

Ringgren (1947:52) sê egter dat daar reeds in die Piramidetekste aanduidings van Ma'at as godin voorkom en dat daar verskeie voorbeelde van priesters en profete van Ma'at is, so vroeg as die Ou Koninkryk. Ringgren sê dat 'n tempel van Ma'at vanuit die Middel Koninkryk aan ons bekend is en verskeie ander vanuit die Nuwe Koninkryk. Hierdie argumente word ook deur Hornung (1982:75 e.v.) aangevoer as hy sê dat die realiteit van 'n kultus van Ma'at, met sy eie priesterdom, sover as die 5de Dinastie teruggevind kan word, asook dat verskeie tempels van Ma'at op verskeie plekke in die Nuwe Koninkryk gevind is. So is daar in die Thebe-area 'n sekretaris en opsigter van die beeste van Ma'at gevind in die gevolg van die visier Ramose, en word daar ook in 'n Ramessiede graf melding gemaak van die troppe beeste van die tempel van Ma'at in Thebe. Aanduidings van 'n kultus van Ma'at ook in die delta sluit in die titel "sekretaris van die tempel van Ma'at" op 'n stele van die delta hoofstad van die Ramessiede, en die offerformule op die deurkosyn van die visier Paser. Beide dateer uit die regering van Rameses II. Daar is ook persoonlike name waarin daar na Ma'at verwys word as 'n godin.

'n Mens kry die indruk dat geleerdes soms oordrewe klem op Ma'at as beginsel lê en die ewe belangrike aspek van Ma'at as godin onderwaardeer het. Geleerdes skyn ook versigtig te wees om te spekuleer oor watter aspek van Ma'at eerste sou kom, die beginsel of die godheid. Dit skyn vir Ringgren (1947:51 e.v.) 'n uitgemaakte saak te wees dat Ma'at oorspronklik 'n funksie van die hoë god was, maar vanweë die voorliefde van die Egiptenare om in konkrete terme en grafiese vorme te dink, het hierdie funksie noodwendig ontwikkel in 'n godheid. Die feit dat sy godin geword het, hang saam met die feit dat die woord Ma'at vroulik is.

Tobin (1989:83 e.v.) huldig ook die opinie dat die personifikasie van Ma'at 'n ontwikkeling vanuit die abstrakte beginsel was, aangesien dit vir hom moeilik is om te begryp hoedat so 'n belangrike beginsel vanuit 'n persoonlike godheid kon ontwikkel. Tobin gaan egter verder deur daarop te wys dat die belangrikheid van Ma'at nie berus het op haar posisie as verpersoonlikte en mitologiese godheid nie, maar eerder op die kosmiese orde wat in die godheid beliggaam is. Die godin Ma'at het daarom 'n sakramentele simbool geword van die bestaan van die kosmiese orde waarin sy opgeneem was, sodat geen onderskeid bestaan het tussen Ma'at as beginsel en Ma'at as godin nie. In die beeldjie van die godin Ma'at was orde in die kosmos nie bloot 'n abstraksie en 'n intelektuele beginsel nie. Deur die mitiese figuur van die verpersoonlikte godheid Ma'at het die Egiptenare dan hulle eie bewustheid van hierdie orde uitgedruk en dit in hulle kultiese rites bevestig dat Ma'at inderdaad 'n realiteit was wat stabiel en durend was. Die primêre doel van die Egiptiese kultus was dan juis die

gewaarwording en herstel en onderhoud van die kosmiese orde. Ma'at verkry dus haar realiteit van die feit dat sy in die kultus uitgedruk is in terme van 'n hipostatiese godheid. As 'n mitiese simbool kon Ma'at beswaarlik as 'n "substansie" beskou gewees het, en dit was basies die mitiese simbool van Ma'at wat belangrik was in die religieuse uitdrukkings van Egipte. Ma'at het daarom die mitiese simbool van die gedeïfiseerde beginsel gebly, van die orde wat in die heelal bestaan het, inherent in die heelal vanaf die begin van sy bestaan en as 'n essensiële element van die feit van sy skepping.

Die verpersoonlikte godheid was maar 'n uitdrukking van die orde, alhoewel die mitiese simbool onskeibaar van sy realiteit is. Die vraag na wat eerste is, godin of beginsel, is relatief onbelangrik. Dit is een en dieselfde entiteit, en enige poging tot skeiding sou volgens Tobin 'n ontkenning wees van die funksie van die mite en sy simboliek (Tobin 1989:83 e.v.).

## 2.6 Ma'at in vergelyking met soortgelyke begrippe in ander kulture

'n Griekse term wat met Ma'at vergelyk kan word, is *dikê* wat dikwels vertaal word met woorde soos "reg", "geregtigheid", "orde", "straf" ens. Tobin (1989:78) se beswaar teen hierdie vergelyking is dat hierdie begrip nooit die omvattende rol gehad het wat Ma'at in die Egiptiese denke gehad het nie. Die betekenis van *dikê* sou varieer van konteks tot konteks. Selfs die dramaturg Aischulos se gebruik van die term (veral in sy trilogie die "Oresteia"), wat 'n positiewe krag van die term geïmpliseer het, kon dit ook nie laat losbreek van sy posisie as 'n abstrakte beginsel nie. Verder het *dikê* vir die Griekse denke eweveel 'n bedreiging as 'n seën ingehou. Dit het dan 'n weerhoudende krag op menslike denke en handeling gehad, aangesien die mens met verskriklike gevolge bedreig is as die beginsels van *dikê* op enige manier verontagsaam sou word. Hierdie dreigende aspek van straf in geval van sonde het 'n negatiewe impak gehad, wat nie by Ma'at voorkom nie. Die skeppende aspek van die term sou daarom net 'n klein deel van die Griekse konsep wees. Hierteenoor is die konsep Ma'at 'n "positive, and constructive single principle of order" (Tobin 1989:78). Ma'at was dan ook ewig onveranderlik, sterk, goed en weldadig in haar aard, en nooit 'n bedreiging vir die menslike geluk nie. Dit was hierdie aard van Ma'at wat die Egiptenare in staat sou stel om die heelal (staties en altyd verseker) op 'n hoopvolle en optimistiese wyse te beskou (Tobin 1989:77,78).

Volgens Fox (1995:39) onderskryf baie geleerdes die hipotese (wat geformuleer is deur H. Gese en E. Würthwein) dat die wêreldorde in Israel gelykstaande is met die Egiptiese konsep Ma'at. Gese stel dit nie duidelik of die parallel die gevolg van direkte beïnvloeding en of dit 'n parallelle ontwikkeling was nie. Die meeste skrywers is egter van mening dat die parallelle die gevolg van 'n soortgelyke ontwikkeling is, wat tog ook in 'n groot mate deur Egiptiese wysheid beïnvloed is. Fox sê egter dat dit H.H. Schmid is wat die ingrypende standpunt gehuldig het dat daar aan die kern van die wysheidsliteratuur van al die groot beskawings van die Ou Nabye Ooste 'n konsep was van 'n "alles omvattende, absolute kosmiese orde", en dat hierdie konsep in elke plek dieselfde drie stadiums van dialektiese ontwikkeling deurloop het. Die ordekonsep sou dan ook 'n Ou Nabye Oosterse erfenis wees wat die grondslag gevorm het van die vernaamste aspekte van die Israelitiese denke. Orde word volgens Schmid in die Ou Testament met die term *ṣedeq/ṣĕdāqâ* aangedui.

Fox (1995:39,40) se beswaar is dat die vaagheid en algemeenheid van die ooreenkomste die analogie verswak, en dat dit ook nie die besondere karakter van die wysheidsliteratuur verduidelik nie. Hierdie vaagheid van die term "orde" maak dit dan ook moeilik om die standpunt te evalueer en te kritiseer. Hy verkies eerder die hipotese met die historiese aanspraak dat 'n spesifieke idee van Egipte na Israel gebring is deur middel van 'n spesifieke genre.

Fox (1995:41) vergelyk ook 'n ander Hebreeuse term wat, volgens hom, etimologies in baie opsigte ooreenkom met Ma'at in die sin van regtheid. Hierdie term is *mêšārîm*, hoewel hy erken dat *mêšārîm* 'n sterker religieuse konnotasie gehad het as wat sy bloot juridiese vergelyking sou laat blyk. Soos Ma'at kan dit "gespreek" word (bv. Jes. 33:15; Spr. 23:16) en "gedoen" word (Dan. 11:6). Dit is ook beide juridiese geregtigheid (Ps. 9:9;75:3) en korrekte optrede in die persoonlike lewe (Jes. 26:7).

Soos Tobin, wys Fox ook daarop dat Ma'at nooit vergeld nie, maar dat vergelding eerder Ma'at aktualiseer. Hy redeneer verder dat Ma'at nie Ma'at doen nie, maar dat dit altyd deur mense en gode gedoen word. Waar verwys word na straf of belonings en selfs waar Ma'at *isfet* sou verdryf en orde as gevolg daarvan geskep sou word, was dit altyd deur die optrede van gode en mense. Hy is daarom oortuig dat Ma'at 'n eg Egiptiese idee was en dus nie buite Egipte bestaan het of self kon bestaan nie. (Tobin 1989:42,78 e.v.; Fox 1995:41).

Laastens kan ons verwys na Morenz (1973:113) wat reeds vroeër die opmerking gemaak het dat daar 'n parallel bestaan tussen Ma'at en die Hebreeuse woord *jāšār* ( יָשָׁר ) wat aanvanklik reguit beteken het in geometriese sin, en wat later ook beteken het, "dit wat reg en korrek is" in 'n etiese sin. Ma'at sou ook vroeër na iets geometries verwys het, maar later na iets wat eties reg is. Dit laat die moontlikheid dat daar tog 'n ooreenkomstige term vir Ma'at kan wees, al sou dit net in die vroeëre betekenisse van die twee terme wees.

### 2.6.1 Ander moontlike vergelykings

Sommige skrywers praat van parallelle vir die konsep Ma'at, ander van homologieë en nog ander gebruik die genoemde terme bloot as sinonieme. Volgens die H.A.T. is homologie afgelei van die Griekse woord "homologos" wat ooreenstemmend en gelykluidend beteken. 'n Parallelisme word beskryf as 'n toestand wat eweredig loop, 'n toestand van ooreenkomstig wees. Homologie dui dus op 'n meer absolute ooreenkoms tussen twee sake, terwyl 'n parallel andersyds kan verwys na bepaalde ooreenkomste tussen twee sake wat nie noodwendig verskille uitsluit nie (vgl. Fox 1995:39).

Daar is bepaald baie interessante parallelle wat getrek is tussen Ma'at en ander konsepte in ander kulture. Hierby kan mens nog die konsep "Logos" soos dit in die Johannese literatuur op Jesus toegepas is, vergelyk met Ma'at. Indien die begrippe teenoor mekaar gestel word met die betekenisse wat daaraan gekoppel word, is daar interessante ooreenkomste:

| **LOGOS** | **MA'AT** |
|---|---|
| Personifikasie: Seun van God | Personifikasie : Dogter van Re |
| Betrokke by skepping: "Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie" (Joh 1:3). | Betrokke by skepping: Tobin sê dat Ma'at die fondament sou wees vir die hele geskape orde. Daar sou sonder Ma'at niks bestaan het nie (Tobin 1989:79) |
| Waarheid: Jesus verklaar: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe ..." (Joh 1:6; 8:31,32). | Verskeie geleerdes gee die betekenis van Ma'at as waarheid aan. (Ringgren 1947:45). |
| Die waarheid/logos moet gespreek en gedoen word (Joh 5:28; 13:15; 14:12; 17:17; 8:44,45) | Ma'at was "gedoen" en "gespreek" (vergelyk Fox 1995:41). |

| | |
|---|---|
| Hy was 'n geskenk van God aan die wêreld: ("Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het".) (Joh 3:16 vgl ook vs 17). | Amenemope (par 20) maak die uitspraak: "As for Ma'at, the great gift ..." (Fox 1995:44) |
| I s betrokke by die eindoordeel: Hulle wat in Hom glo en volgens Sy leer leef word nie veroordeel nie, maar ontvang die ewige lewe i.p.v. die ewige dood. (Joh 3:16,18; 5:28). | Is betrokke by die eindoordeel: Vergelyk die ikonografiese voorstelling in die saal van Osiris waar die goeie dade v/d persoon teenoor Ma'at in 'n weegskaal geplaas word, wat die verskil kan wees tussen ewige lewe en bestaanloosheid. (Vgl Baines & Malek 1984:183,218). |
| Kan "geëet" word. ("Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet sal hy ewig lewe" (Joh 6:5) | Ma'at kon deur die gode en ook later deur Akhenaten geëet word (Vgl Silverman 1991:82). |

Daar sal sekerlik nog baie ander parallelle wees, soos Geregtigheid, die teenoorgestelde van die bose, ens. Die kritiek wat by die ander konsepte wat genoem was, is dat die strekking van hulle betekenisse tekort geskiet het aan die van Ma'at. In hierdie geval is dit egter die betekenis van Ma'at wat ver tekort skiet aan die betekenis van "Logos" in die Christendom, soos dit by Johannes voorkom in sy verwysing na Jesus.

Die punt wat ek egter wil maak is dat die voorkoms van parallelle nie noodwendig beteken dat daar juis 'n ontlening van die begrip was nie. Fox (1995:42) sê dat parallelle in baie gevalle deur skrywers geskep word. Ter wille van regverdigheid behoort ons tog ook te noem dat geleerdes met genoeg parallelle en aanduidings van langdurige en/of voortdurende kontak tussen twee kulture, kan aantoon dat een kultuur begrippe van die ander oorgeneem het, selfs al het die begrip in sy nuwe kultuurmilieu nuwe konnotasies bygekry.

Vergelykings is tot dusver hoofsaaklik getrek met Europese tale en Oud-Oosterse tale, maar nog nêrens het ek 'n vergelyking teëgekom met 'n Afrika-taal wat op dieselfde kontinent gesetel is as Egipte nie. Beïnvloeding deur middel van handelsbetrekkinge met ander lande op die Afrika-kontinent is 'n sterk moontlikheid, selfs al is die Egiptiese taal nie in alle opsigte 'n Afrikataal nie. So is daar byvoorbeeld die Zulu woord "ubuntu". Kurpershoek (1996:243) wys daarop dat Doke en Vilakazi drie groepe betekenisse aangegee het, nl:

(a) menslike natuur,

(b) menslikheid, goeie disposisie, goeie morele aard, en

(c) jou eie self, karakter.

Hy wys egter daarop dat selfs al sou al hierdie betekenisse gekombineer word, hulle nog nie die volle diepte van die woord vasvang nie. Die Zulu het dan ook 'n uitdrukking vir iemand wat nie "ubuntu" doen nie, wat daarop neerkom dat hy homself van die samelewing, en totale lewe (bewys van sy bestaan) losgesny het. Die uitdrukking lui: "akasekho osendweni lobuntu". Dit beteken dat hy geen plek meer in die "Usendo" van die "ubuntu" het nie. "Usendo" sal die betekenisse hê van:

(a) die afstammeling van dieselfde manlike voorouer,

(b) huis, geslag, clan, voorouerlyn, en

(c) stamgebruik.

Kurpershoek (1996:243) se uitleg is dan dat so 'n persoon nie meer deel is van die voorouerlyn nie, hy nie 'n wesenseenheid met die stamgebruike het nie, dat hy self niks gemeenskapliks het met die menslike natuur nie. Dit is iets soortgelyk aan wat ons in antieke Egipte kry, dat iemand wat nie Ma'at doen nie homself bestaanloos maak, aangesien bestaan nie moontlik is sonder Ma'at nie.

In hierdie verband kan ook die aanhaling vergelyk word van Lorton (1995:345) in verband met 'n priester genaamd Tety van die tempel van Min by Koptos, wat by 'n ernstige misdaad betrokke was. Die koning het 'n oordeel oor hom uitgespreek wat op die deur van die tempel uitgekerf is en soos volg lees: *"Let him be expelled from the temple of my father Min, let him be removed from his office of the temple, from son to son and heir to heir - they being proscribed - while his income, food and his pure meat are taken away, that his name be not recalled, as is done to the likes of him, a criminal and enemy of his god. Remove his documents from the temple of Min and from the treasury, and any other papyrus likewise"*. Assmann (1992b:159) sê in hierdie verband: *"They aim at the total dissolution and decomposition of a person in all his aspects, in this world and in the hereafter. The technique of cursing consists in knowing how to undo a person. It presupposes a concept of person, a knowledge of what constitutes and belongs to a person and how these different elements and constituents are most effectively disintegrated and annihilated"*.

## 2.7 Gevolgtrekking

Dit kan nie ontken word dat die rol van die koning mettertyd verander het nie, veral met betrekking tot sy goddelikheid, tenspyte van pogings van sommige faraos in die vroeëre

periodes (vgl. die optrede van Shepseskaf tydens die 4de Dinastie) om hierdie tendens te stuit. Dit het ook die koning se rol as die verspreider van Ma'at (aan gode en kosmos) beïnvloed. Later sal ek ook aantoon hoedat veranderings wat Akhenaten aangebring het, juis die koning herstel het as die belangrike en enigste skakel tussen die godheid en die samelewing. Die koning word dan weereens sodanig aan Ma'at verbind dat hy die mede-skepper word van die werklikheid soos wat dit deur die mens waargeneem kan word. Hornung (1992:134) tref 'n interessante vergelyking tussen Ma'at en die koningin in die Nuwe Koninkryk. Hy sê dat net soos die koningin altyd aan die sy van die koning is, Ma'at ook naby die songod bly. Dit kan in verband gebring word met die herstel van die koning se goddelikheid. Die voortbestaan van Re hang af van Ma'at wat aan hom geoffer word deur die koning. Die voortbestaan van die koning se goddelikheid hang saam met die status van die koningin as diè een waardeur die volgende koning sy goddelike kwaliteite ontvang. Die twee figure, Ma'at en die koningin, wat belangrik is vir die skepping en voortbestaan van lewe, bly naby die twee figure wat verantwoordelik is vir lewe.

Ek wil egter met Fox (1995:42) saamstem dat Ma'at 'n eg Egiptiese term is in soverre sy wortels in die mites van die faraoniese staat en religie lê. Ek sou egter nog nie sover gaan om soos Tobin (1987:77) te beweer dat geen ander kultuur modern, of antiek, 'n enkele konsep ontwikkel het wat so totaal alles-insluitend is as die Egiptiese term Ma'at nie.

Wat Ma'at se verhouding met die ander gode aanbetref, het ons verneem hoedat verskeie gode van die toneel verdwyn het, ander van tyd tot tyd in belangrikheid toegeneem het, en soms ook van karakter verander het. Dit was veral die belangriker gode wat oorleef het en ander, minder belangrike gode verdring het. Die oorlewingstryd deur die kleiner gode is gevoer deur hulle met belangriker gode te identifiseer as 'n ander naam vir daardie god of deur hulle in 'n familieverband met hierdie gode te plaas (vgl. die afbeelding by fig. 8).

Ma'at, wat alreeds gedurende die tweede Dinastie as godin voorgekom het, het nooit van die toneel verdwyn nie behalwe as godin vir 'n kort tyd gedurende die Amarna Periode. Ma'at was wel met verskeie gode, ook belangrike gode, verbind, wat die indruk mag skep dat dit 'n manier was om Ma'at te help oorleef. Dit is tog my mening dat Ma'at nooit werklik 'n oorlewingstryd gevoer het nie. Ma'at was van die staanspoor gekoppel aan geskape ordes (kosmies, moreel en sosiaal) en sou hierdie rol vervul tot in die Amarna Periode (en het, hoewel nie as godin nie, tog as beginsel steeds hierdie rol vervul) en weereens daarna.

Elke god, hoe belangrik hy ookal mag gewees het, wat as skeppergod wou aanspraak maak op die geskape ordes moes hulle koppel aan die godin Ma'at, wat hierdie aspek beliggaam het. Dit het dan gebeur toe Re as skeppergod erken is, dat Ma'at as sy dogter beskryf is; dit was ewe-eens die geval toe Amun as skeppergod bekend gestaan het. Dus: selfs as belangrike gode in belangrikheid afgeneem het en titels van hulle mededingers geword het, het Ma'at steeds haar rol bly vervul. Wanneer die terrein van Ma'at betree is deur opkomende belangrike gode, moes Ma'at deur die belangrike gode geakommodeer word, alvorens hulle as gode kon aanspraak maak op daardie terrein.

Sy was ook nie maar net 'n funksie van hierdie gode nie, want sy het van vroeg reeds as godin bestaan (2de Dinastie) en het reeds in die Ou Koninkryk haar eie kultus gehad, wat in die Nuwe Koninkryk steeds bloeiend was. Aanduidings van haar kultus is ook in die Ramessiede Periode gevind en daar word ook steeds van Ma'at melding gemaak in die Grieks-Romeinse Periode.

Ek wil met Tobin (1989:77 e.v.) saamstem dat Ma'at in 'n groot deel van die Egiptiese geskiedenis as godin, simbool en beginsel onderskei kan word, maar dat hierdie aspekte tog nie van mekaar geskei behoort te word nie. Hy beweer dat 'n skeiding van die mitiese simbool en die realiteit ontkenning sou wees van die funksie van die mite en sy simboliek.

Tog is dit my mening dat die realiteit nie afhanklik is van die mite en simboliek nie. Die mite en simboliek is eerder die mens se verklaring van die realiteit. Ma'at het aan die begin nie as godin gefunksioneer nie; dit het selfs hy erken toe hy gesê het dat dit moeilik sal wees om te begryp hoe daar vanuit 'n godin so 'n belangrike beginsel soos Ma'at ontwikkel het. Hy was ook van mening dat Ma'at eers as beginsel of dan funksie van 'n hoë god bestaan het. Later sal ons ook toon hoedat Akhenaten die beginsel van die godin geskei het, aangesien hy net een god, nl. die Aten, erken en aanbid het. Dit blyk juis dat Akhenaten by die vroeë geskiedenis van die Egiptiese religie aansluiting gevind het, toe Ma'at nog as funksie en beginsel funksioneer het.

Ek kan egter nie met die oordrewe klem wat Tobin op Ma'at as kosmiese orde plaas, saamstem nie. Dit vereng die betekenis van Ma'at tot 'n sakramentele simbool waarin die werklikheid van die kosmiese orde beliggaam is. Ma'at het egter meer as net die kosmiese orde beliggaam. Sy het ook die morele en sosiale orde beliggaam. En dit is juis in die

laasgenoemde twee sfere waar Ma'at as beginsel navore gekom het. Vandaar die feit dat Ma'at nie net "geoffer" is in erkenning, herstel en onderhoud van die kosmiese orde nie, maar dat Ma'at ook "gedoen" en "gespreek" is as aanvaarde beginsel van die gode en as wat goed was vir die mens, wat sosiale en morele orde tot stand gebring het.

# 3. VERANDERINGE GEDURENDE DIE AMARNA PERIODE

## 3.1 Was daar verandering?

Nie alle geleerdes is dit eens dat daar in die Amarna Periode noemenswaardige veranderinge in die verstaan van Ma'at was nie. Tobin (1989:90) en andere het die standpunt gehuldig dat daar vir Egipte sonder Ma'at uiteindelik geen heelal kon wees nie. Sonder Ma'at sou die heelal in chaos verval, wat teenstrydig is met die Egiptiese denke, want chaos is nie skepping nie. En hoewel die kosmiese orde van Ma'at by tye versteur kon word, is die orde gesien as iets wat ewig was en nooit totaal vernietig kon word nie (Tobin 1989:78).

Hierteenoor is daar die standpunt van Assmann (soos bespreek by Fox 1995:42), dat die klassieke konsep Ma'at as 'n wêreldorde van outomatiese oorsaak en gevolg, in die Nuwe Koninkryk vervang is deur 'n nuwe religieuse standpuntinname bekend as "persoonlike vroomheid". Die mense se lot is nie meer deur hulleself bepaal volgens hoe hulle Ma'at "gedoen" en "gespreek" het nie. Die twee wêrelde van god en mens is nie soos voorheen van mekaar geskei nie. Die gevolg was 'n direkte ingrype van die god in die lotgevalle van die mens. Sukses en mislukking het nou van goddelike besluite afgehang. Voorbeelde hiervan word gekry in paragrawe 3, 5, 8, 15 en 21 van Amenemope se geskrif (Fox 1995:43 e.v).

Millar (1989:38) maak vanuit sekere stellings in die Amarna-liedere en grafgeskrifte die afleiding dat Ma'at die groot verenigende krag van die Amarna beweging was. Ma'at het egter tydens die regering van Akhenaten so 'n abstakte beginsel (Waarheid self) geword, dat haar naam voortaan slegs in fonetiese hiërogliewe geskryf is en dat die beeld van die sittende godin met haar kenmerkende veer op haar kop ontbreek het. Die konsep van Ma'at as Waarheid en Geregtigheid, wat oor menslike handelinge geheers het en 'n voorvereite vir regverdiging voor die Osirisraad was, het verdwyn.

Millar (1989:93) verwys na Wilson se verduideliking van die Restorasie Stele van Tutankhamun waarin hy toegee dat dit 'n verwysing is na die restorasie van Ma'at na die Amarna kettery. Hy beweer egter dat dieselfde uitdrukking by die troonbestyging van verskillende faraos gebruik is, aangesien dit die verantwoordelikheid van elke farao was om orde (Ma'at) te herstel, omdat orde van die gode gekom het. Selfs al sou daar nie verval tydens die regering van die vorige koning gewees het nie, sou die troonopvolger steeds hierdie uitsprake kon maak. Millar stel dit egter dat, in die lig van ingrypende gebeure tydens die

regering van Akhenaten waar Ma'at 'n abstrakte beginsel geword het wat alleen deur die koning geïnterpreteer is, hierdie stelling juis baie betekenisvol is omdat dit verklaar "*that Tutankhamun is restoring Ma'at to the status quo ante*". Met die herstel van Ma'at sou daar 'n terugkeer wees na die belangrike religieuse en sosio-politieke sieninge wat deur die Atenisme verdring is.

Die stelling in paragraaf 20 van Amenemope: "*As for Ma'at, the great gift of god - he gives it to whom he wishes*" (Assmann 1989:77) word gewoonlik gebruik deur die voorstanders van die gedagte dat Ma'at verdwyn het. Dit sou die aanduiding wees dat daar voortaan direkte intrede van die godheid was en dat Ma'at daarom nou sinoniem geword het met die guns van god en so vanuit die sosiale sfeer verdwyn het. Fox (1995:43 e.v.) se verklaring van hierdie stelling is dat dit bloot 'n opmerking is dat nie almal gewillig of instaat is om regverdig te oordeel nie. Om uitsluitsel te kan gee hieroor, is dit belangrik om na die groot himne aan Aten te kyk, aangesien dit 'n sleutelteks vir die verstaan van die Amarna religie is.

## 3.2 Die Amarna himne

In my bespreking van die groot himne aan die Aten volg ek die vertaling en kommentaar van Assmann (1992:143 e.v.). Dit behoort ons ook 'n duideliker beeld te gee van waarop Assmann sy siening oor die verdwyning van Ma'at in die Amarna Periode baseer, wat in die volgende afdeling bespreek sal word. Dit is ook belangrik dat ons sal kennis neem vanuit watter perspektief Assmann die Amarna religie benader en dus ook die himne van Akhenaten beoordeel.

### 3.2.1 Assmann se beoordeling van die Amarna religie

Assmann (1992a:143 e. v.), wat 'n onderskeid tref tussen primêre en sekondêre religieë, beskou die Amarna religie as 'n sekondêre religie. Primêre religieë sou sekondêre religieë voorafgaan. Laasgenoemde ontstaan gewoonlik as gevolg van spesifieke gebeure wat plaasgevind het, soos 'n revolusie of 'n openbaring. Terwyl primêre religieë op groot groepe gekanoniseerde tekste gebou is, is die sekondêre religie hoofsaaklik 'n "tekstuele herinnering"[3]. Daar is ook geen evolusionêre ontwikkeling van primêre tot sekondêre religie

[3] Met 'n "tekstuele herinnering" bedoel Assmann dat die betrokke tekste nie 'n eie basis het waaruit dit gegroei het nie maar dat daar gedeeltes in voorkom wat herinner aan ander gekanoniseerde tekste.

nie. Sekondêre religieë word vasgestel en gedefinieer op grond van hulle verskille met die primêre religie. Assmann (1992:143a e.v. ) erken dat die Amarna religie nie 'n tekstuele herinneringsbasis het waarop ander sekondêre religieë voortbou nie. Hy skryf dit egter toe aan die "episodiese karakter" van die Amarna religie, omdat daar nie genoeg tyd sou wees om hierdie basis op te bou nie. Dit wat Assmann egter oortuig dat die Amarna religie 'n totaal nuwe religie is, is die radikale en onversoenbare breuk met wat hy die tradisionele religieuse vorme en godsdienstige lewe van die Egiptenare noem.

Nuwe tekste wat by Thebe gevind is, het Assmann ook oortuig dat twee antipoliteïstiese bewegings in Egipte bestaan het. Die een noem hy die "New Solar Theology". Hierdie sou 'n breër beweging gewees het as wat besef is en het reeds dekades voor die Amarna Periode begin. Dit sou gedurende die Laat Periode doodgeloop het. Die ander beweging sou die Amarna religie wees, wat 'n radikalisering is van die eerste beweging. Dit sou ook doodgeloop het na die hoofstad Akhetaten ontruim is. Die "Amarna rewolusie", soos Assmann dit noem (as rede vir die afleiding dat dit 'n sekondêre religie is), was dan ook die hoogtepunt van dié breër beweging. Cornelius (1996:28) sluit hierby aan as hy sê dat die god van Akhenaten nie bloot 'n ander vorm van die songod is nie, maar dat die sonskyf self aanbid is.

### 3.2.2 Assmann se bespreking van die Amarna-himne

Assmann (1992a:147 e.v.) verdeel die lied in drie dele, naamlik die visuele, die skepping en die energie. Hy wys na die verskille tussen die Amarna himne en dit wat by die tradisionele sonlied verwag kan word. Laasgenoemde is 'n komplekse kosmiese drama (met die songod as sentrale figuur in 'n stryd waar orde bedreig word) wat mitologies uitgedruk word.

Die afdeling oor die visuele bestaan uit drie fases, oggend, middag en aand. Die oggendverse het tradisioneel gefokus op die lewe. In die Amarna tekste sou die mitiese beelde van 'n wedergebore lewe verander na konsepte van 'n "transitief-aktiewe lewegewing". Die tradisionele beeldewêreld van die lewende god wat weer gebore word en in sy daaglikse gang die konstellasies verjonk, is verruil vir 'n lewende god, wat nie deel vorm van 'n goddelike interaksie nie, maar van 'n hoogverhewe posisie die wêreld konfronteer deur sy lewegewende strale op die aarte uit te straal. Hieruit vloei die teorie van direkte en indirekte kousasie waarvan ons later meer sal verneem.

Die middagtoneel is tradisioneel met regering in verband gebring. Die beweging van die son deur die hemelruim is hiervolgens die oorwinningstog van die songod en sy gevolg, wat triomfeer oor Apohis, die verpersoonliking van boosheid op kosmiese vlak. In die Amarna himne het die strale van die son 'n meer omvattende rol, wat alles in die land buig na die wil van die koning. Hoewel die politieke betekenis van die middagtoneel behou is, het die weerspieëlende verhouding tussen hemel en aarde verdwyn, en het ons te doen met 'n direkte verhouding tussen die god en die aardse politieke wêreld. Volgens Assmann (1992a:147 e.v.) het dit die betekenis dat politieke grense verdwyn het, omdat die son oor die Egiptiese grense heen skyn, sowel as oor goed en kwaad. Die verdwyning van die kosmiese vyand lei tot 'n depolarisering van die kosmos, wat 'n depolitisering in die samelewing reflekteer.

Foster (1995:1756) se interpretasie van die gedeelte is dat die Aten liefde is. Hy is versorger van alle skepsele. Hoewel hy fisies verwyder is van sy skepsele, is hy tog naby hulle en "vermoei" hy hom oor sy skepsele. Vir Foster is daar by die Aten 'n goddelike familiariteit en tederheid teenoor die hele skepping. Hy sê dat die eienskap ongewoon was aan die Egiptiese tradisie. Die groot kosmiese gode was ver verwyder en sku om die kosmos te orden en om met mense familiêr te word. 'n Hele sisteem van rituele en priesterlike aktiwiteite is ontwikkel om die kosmiese gode te nader en te beïnvloed. Die Aten sou egter almal oor die hele aarde vir sy seun Akhenaten "vir wie hy liefhet", vergader, om die gesigte van almal wat na hom kyk te verlig.

Tradisioneel was die aandtoneel geïnterpreteer as die songod se reis na die onderwêreld om lewe aan die dooies te gee en na hulle welstand om te sien. In die Amarna liedere word egter geen melding gemaak van die onderwêreld nie. Die tradisionele voorstellings van die wakende oog het sy betekenis verloor. Die realistiese wêreld van Akhenaten is herstruktureer vanuit die menslike oogpunt van die hier en nou. Donkerheid is dan bloot afwesigheid van lig, dus van goddelike teenwoordigheid. In die nag, wanneer die uitstraling van lewe weerhou word, verval die wêreld in dood en chaos. Die aanbreek van 'n nuwe môre is 'n nuwe toneel wat die herontwakende lewe beskryf (in die Amarna lied in minder as een en twintig verse). Daar is 'n duidelike verryking in die beskrywing van dinge wat beperk is tot die sigbare wêreld.

Foster (1995:1756) sê dat wanneer die Aten in die aand neerdaal, die hele aarde versmoor word deur die donkerheid, 'n toestand baie soos die dood. In strofe drie verdryf die Aten die donkerheid sodat sy strale die mense kan verlig, en hulle lig weer hulle arms op om die

daaglikse opstanding van hulle god te prys. Hy sê dat, aangesien die Aten die skeppergod is, dit sy handeling is wat lig vanuit die duisternis van chaos skep. Die kontras tussen die magte van die lig en die duisternis word 'n stryd in die heelal. So is die goddelike lig van die Aten dan eintlik die gids of standaard waaraan mense hulleself meet (Ma'at). Omdat die skepping dan gesien kan word in al sy glorie, kan die skepper van die pragtige en sigbare wêreld aanbid word, soos die mense in strofe 3 en die skepsele in strofe 4 doen.

Die tweede afdeling van die lied, sê Assmann (1992a:152 e.v.), behandel die tema skepping. Die tradisionele verwysing na die begin van tye sou deur Akhenaten se wêreldsiening en besorgheid met realiteit vervang wees. Enige verwysing na 'n oorspronklike skepping ontbreek en daar word gepraat van 'n ontwikkelings- of embrioleer. Die gedagtes van asem, lug en tyd is ook nou verbind in hierdie ontwikkelingsleer. Tyd kan nie met die oog waargeneem word nie en is daarom nader aan lug as lig. Dit is die goddelike asem wat die embrio lewendig maak, 'n gedagte wat alreeds in die Kistekste in die Middel Koninkryk voorkom. Assmann (1992a:152 e.v.) noem hierdie tekste pre-Amarna tekste van die "Nuwe Solare Teologie".

Die tweede deel van die afdeling handel oor 'n oorgang van die mirko- na die makrokosmos en die lofliedere van die goeie orde van die wêreld, waarvan die inwoners versigtig verdeel word in verskillende soorte lewende wesens in die lug, in die water en op die aarde. Vir die eerste keer in die mens se geskiedenis het die idee van die ekumene ontwikkel - 'n wêreld gevul met verskillende volke, onderling verbind deur politieke en ekonomiese bande. Assmann (1992a:152 e.v.) sê dat hierdie internasionalisme Egipte moontlik kon dwing om van sy tradisionele beeld van 'n geordende heelal omring deur chaos ontslae te raak, in ruil vir 'n goddelik geordende skepping tot in ewigheid.

Die derde afdeling in Assmann (1992:155-160) se verdeling van die lied handel oor die Egiptiese woord *hpr* "om te word". Die sigbare wêreld word vertoon as 'n "wording" 'n "oorgangsmanifestasie" van die god self. Die verhouding tussen die god en die wêreld soos dit voorkom in die tradisionele Egiptiese liedere, waar die goddelike orde en sosiale orde weerspieëlings is van mekaar, het verdwyn. In die Amarna Periode is godheid en wêreld baie meer ineengeskakel. Die godheid is die bron van energie wat die wêreld onderhou.

Die oog het 'n nuwe konnotasie verkry wat daarop neerkom dat die oog geskep is sodat die skepsel na die godheid kan kyk soos hy na hulle kyk. Die god en die mense kommunikeer deur middel van lig. Die eerste deel van hierdie afdeling van die lied handel dan oor die wording van die god in sy ruimtelike dimensies van lig: hemel, aarde, son en oog onderling verbind deur visie. Die tweede gedeelte hanteer die tydelike dimensies soos tyd, waar die goddelike energie opereer in ritmes van dag en nag. Hierdie onderbreking ontbloot die skepsele se absolute afhanklikheid van lig en tyd. Die sentrale tema van die derde deel van die afdeling is nie die verhouding van god en wêreld soos in die eerste twee dele nie. Hier word 'n derde party, die koning, ingebring en die bipolêre struktuur van realiteit verander nou na 'n tripolêre struktuur (Assman 1992a:155-160).

Foster (1995:1755) wys daarop dat die tradisionele eienskap van die skepper van die heelal ook in die Aten voortgesit word. Die god het dan ook menslike sig geskep, sodat die mensdom kan sien en die werke van die god gesien en geprys kan word. Die opmerklike teenstelling met tradisionele himnes is dat die verwysing na die skepping van ander gode ontbreek in die Amarna himne. Verder blyk dit dat die lofprysing van die skepsele nodig is sodat die heelal volmaak kan wees.

Foster (1995:1756) noem ook die god van Akhenaten die alfa en die omega. Die skepsele leef as gevolg van die sonlig van die Aten. In die finale strofe word gesê: "*You are arisen, so they live*" (Foster 1995:1756). Hy sê dat in die laaste reëls van strofe 2 daar melding gemaak word van die dood van die Aten in die aand. Die volgende sinne dui ook daarop dat die Aten self Tyd is: "*It is you who are the duration of time itself, one lives by means of you*" (Foster 1995:1756). Hy verduidelik dat dit die begin van tyd (die skepping) en ook die einde daarvan suggereer. Die himne handel egter nie oor dit wat voor die skepping gebeur het of wat na Tyd gebeur nie. Dit hou daarom vir hom die implikasie in van 'n begrensde wêreld en selfs 'n eindigende god, wat die teenoorgestelde is van die tradisionele siening van 'n nimmereindigende god en heelal.

Die koning word uitdruklik vermeld aan die einde van die lied in 'n gedeelte wat sodanig beskadig is, dat dit moeilik is om te vertaal. Assman (1992a:155 e.v.) is egter oortuig dat in hierdie gedeelte die idee gepropageer word van 'n verskuilde god, wat nie toeganklik is vir die mens nie, behalwe vir die koning, selfs dag en nag. Hierdie god is sigbaar vir die oog, maar verborge vir die hart van die mens, behalwe natuurlik die hart van die koning. Dit is sekerlik ook een van die redes waarom Assmann reken dat die leer van Akhenaten nie 'n etiese leer bevat nie.

Foster (1995:1756 e.v.) noem die god van die Amarna himne 'n vader vanweë sy versorgende en vaderlike gesindheid teenoor die hele skepping, wat die gevoel van 'n familie skep. Terwyl hierdie gesindheid teenoor die hele skepping bestaan, is daar egter 'n spesiale verhouding met Akhenaten wat die Aten se seun genoem word en beskryf word as die een "wat hy (die Aten) liefhet" (strofe 1) en "wat voortkom vanuit sy liggaam" (strofe 12). Hy sê ook dat die Aten nie net in sy daaglikse reis deur die lug teenwoordig is nie, maar dat hy in alles teenwoordig is. Hy is in die menslike gees teenwoordig as Akhenaten sê: "U is in my hart" (strofe 12). Foster lei ook hieruit af dat die verstaan van die god in die bewustheid van die individu is. Die klem word nie geplaas op priesters en rituele nie, maar op religieuse insig, die begrip van die teenwoordigheid van die god in jouself. Dit mag ook verduidelik waarom daar 'n gebrek gevind word aan etiese voorskrifte.

Hieruit wil Assmann (1992a:160) dan aantoon dat 'n totaal teenoorgestelde idee van die tradisionele oortuigings ontwikkel het. Die Nuwe Koninkryk het die gedagte ontwikkel "om God in jou hart te neem". Dit het beteken dat almal kennis van die god moes hê. Tog was dit die uitsluitlike voorreg van die getroue dooies om die gode van aangesig tot aangesig te sien. In die Amarna Periode het die kennis van die god die uitsluitlike voorreg geword van die koning, terwyl die sigbaarheid van die god uitgebrei was sodat almal hom kon sien. Slegs die verstandige hart van die koning kon egter die betekenis van die verskyning van lig en tyd verstaan (Assmann 1992a:160).

Vrae wat voortspruit uit Assmann se bespreking van die lied is:
Indien die Amarna religie 'n uitvloeisel is van 'n ander breër antipoliteïstiese beweging, kan daar nog na die Amarna religie as 'n revolusionêre verandering verwys word, wat daarom 'n sekondêre religie sou wees? Is hier dan nie tog sprake van 'n evolusionêre ontwikkeling nie? Dit bring ons by 'n volgende vraag. Is die beoordeling van die lied voldoende? Indien ons sou aanvaar dat daar 'n tweede beweging naas die "tradisionele teologie" was, moes die Amarna teologie nie vanuit hierdie "tweede beweging" beoordeel word nie? Ek sou egter eerder die Amarna teologie beskou as 'n radikale hervorming (in 'n meer moderne tyd) van konsepte wat "tradisioneel" geword het (veral rondom koningskap) hoewel dit nie van die begin so verstaan is nie. Hierdie hervorming moes egter ook by die historiese ontwikkelinge inpas, veral wat betref die nuwe plek wat Egipte beklee het in die wêreldpolitiek.

'n Verdere vraag is dan of die lied oor die algemeen in sy korrekte genre beoordeel word. Die vertrekpunt van die lied kan ook wees om:

1 Die rede aan te dui waarom die songod skeppergod is.

2 Die universele karakter van die songod te beklemtoon.

3 Die rol van die koning met betrekking tot die songod uit te beeld.

Die feit dat Ps 104 in die Israelitiese godsdiens, wat baie ooreenkom met hierdie lied, nie melding maak van 'n etiese leer nie, laat ons nie die afleiding maak dat aan 'n etiese leer ontbreek het nie. Soortgelyk sou mens nie op grond van hierdie lied die afleiding kon maak dat die sonreligie van Akhenaten sonder 'n etiese leer was nie. Daar sou geredeneer kon word dat slegs die koning wat Ma'at gemanipuleer het, Ma'at gedoen het, maar dat daar nie 'n sosiaal-morele leer was nie. Tog, as die koning die uitdeler van Ma'at was deur sy besluite - wat spontane kreatiewe handelinge was -, maak hy dit wat bo die begrip vn die mense was genadiglik aan hulle bekend (Frankfort 1948:56). Sou daar nie tog afgelei kon word dat daar wel 'n sosiaal-etiese leer was (waarsonder geen samelewing kan voortbestaan nie), en dat die farao die verantwoordelikheid gehad het om Ma'at te vestig sodat die samelewing nie in chaos verval nie? Verder word duisternis tog in die lied met chaos vereenselwig, wat beëindig word deur die opkoms van die songod. En hoewel hier nie 'n mitiese stryd ter sprake is nie, verdryf die songod steeds die duisternis of die chaos.

Hierdie tersydestelling van duisternis bring orde, wat 'n vestiging is van Ma'at, waarby die koning in sy herstelde posisie 'n sentrale rol speel as die een wat Ma'at in die samelewing vir die mense moet interpreteer. Niemand anders het hierdie vermoë nie, selfs nie eens die priesters nie. 'n Mens sou dit vir Assmann kon toegee dat die Amarna religie die koning se posisie versterk het deur hom te vestig as enigste gesaghebbende bemiddelaar van Ma'at. Mense sou egter steeds Ma'at kon doen deur gehoorsaam te wees aan die koning en die orde wat die koning daarstel.

## 3.3 Assmann se hipotese

Assmann (1989:60 e.v.) het breedvoerig geskryf oor die veranderinge gedu-rende die Amarna Periode. Hy doen dit deur die klassieke beskouing teenoor die ideologie van die Amarna religie te stel. In die klassieke beskouing maak hy 'n verdere onderskeiding tussen wat hy noem, "negatiewe antropologie" en "negatiewe kosmologie".

Onder negatiewe antropologie word verstaan dat die Egiptiese idee van geregtigheid ook ongeregtigheid impliseer, wat dan weer 'n hele antropologie (leer oor mense, in hierdie geval

veral menseverhoudings) impliseer. Dit is verbind met die idee van ongelykheid, want om mense te oordeel beteken om gelykheid tussen mense te bewerk, om sodoende die swakke te beskerm teen die sterke. Waar die uitdrukking " צַדִּיק וְרָשָׁע " (ṣaddîq wĕrāša') in die Hebreeuse Bybel onderskei tussen die goeie of regverdige en die slegte of bose, moet die Egiptiese uitdrukking "om te oordeel" verstaan word as 'n oordeel tussen die armsalige (*mr*) en die magtige (*wsr*). Hierdie uitdrukking kom ook gereeld in verskillende genres van Egiptiese tekste na vore. Oordeel is daarom altyd tussen die swakke en die sterke, die armsalige en die magtige, die arme en die ryke. 'n Voorbeeld hiervan word gevind die Kistekste Formule 1130, waar die skepper aan die woord is en daarop wys dat hy alle mense gelyk geskape het.

> "*I made every man equal to his fellow*
> *and I forbade them to do Isfet (boosheid).*
> *But their hearts disobeyed what I had said*" (Assman 1989:60).

Ten spyte van die feit dat mense gelyk geskape is, is daar 'n stryd tussen mense om mekaar te oorheers. *Isfet* is dan ook ongehoorsaamheid aan gelykheid, en dit word veroorsaak deur die ongehoorsame hart van die mens. Die koning het daarom die verantwoordelikheid gehad om hierdie ongelykheid teen te werk deur die swakke te beskerm teen die sterke en so Ma'at in die plek van *Isfet* te plaas. Hierdie rol van die koning kan alreeds so ver terug gevind word as die Piramidtekste. Hiermee word gesê dat daar geen orde (wat vertroue, vriendskap en gemeenskap insluit) kan wees sonder behoorlike regering nie. As daar nie orde is nie, kan daar ook nie lewe wees nie, want die sterke sal die swakke uitroei.

Die instellings van koningskap en staat is dus deur die skepper daargestel om die swakke te beskerm en *Isfet* te verban. Dit sê vir ons dat orde nie 'n natuurlike kwaliteit van die wêreld is nie, maar dat dit van buite af opgelê word. Die faraoniese staat is dan ook die enigste manier waardeur die natuurlike staat van die wêreld verander kan word tot 'n leefbare omgewing, 'n burgerlike staat waarin die swakke ook 'n kans het op oorlewing.

Met betrekking tot die negatiewe kosmologie wys Assmann (1989:63) daarop dat die Egiptenare die kosmos nie noodwendig as 'n goed geordende struktuur in die ruimte gesien het nie, maar eerder as 'n goed georganiseerde proses. Die sukses van die proses berus op die oorwinning oor 'n konstante teenstand of neiging tot stilstand en disintegrasie. Die kosmiese proses wat deur die solare siklus gevorm word, kan nie alleen voortgaan nie. Net soos die sosiale orde, wat ook nie op sy eie kan bestaan nie, moet die kosmiese proses ook deur 'n

sterk regering onderhou word. Dit is dan ook die politieke betekenis van die solare siklus, nl dat dit die uitoefening van regering is wat orde en geregtigheid inbring in 'n wêreld wat andersins sou ineenstort. As 'n aktiewe vorm is die solare siklus 'n politeïstiese konsep wat 'n veelheid van rolspelers en opponente impliseer en 'n gesamentlike optrede vra. Die regering wat die songod uitoefen in sy daaglikse reis deur die hemel en onderwêreld is beperk tot die goddelike wêreld. Daar is wel 'n antropomorfiese ooreenkoms met die faraoniese regering, maar dit is nie "antroposentries" nie. Hoewel die gode dus menslike vorme het, leef hulle nie tussen die mense nie. Hierdie twee wêrelde is van mekaar geskei.

Die skepper het die solare siklus daargestel as 'n instelling van kosmiese regering, ontwikkeling van Ma'at en verdrywing van *Isfet*. Op presies dieselfde wyse is die faraoniese koningskap ingestel wat dieselfde op die aarde moes doen, om deur middel van regering Ma'at te ontwikkel deur *Isfet* te verdryf en 'n leefbare ruimte te skep wat dit vir mense moontlikmaak om in harmonie met mekaar te leef. Die twee wêreldordes is dus 'n weerspieëling van mekaar.

Hoewel kosmiese regering nie outomaties gereflekteer word nie, kan 'n leefbare orde nie gerealiseer word op enige ander manier as deur die een regeerder, seun en verteenwoordiger van die songod, nie. Orde kan egter nie deur sigself gegenereer word of bly voortbestaan nie. Dit moet verdedig word teen die natuurlike geneigdheid tot chaos, disintegrasie en dood wat inherent is aan die mens, samelewing en natuur. Enige ander politieke orde sal hierdie ooreenkoms verbreek. Hierdie ooreenkoms tussen die solare siklus en die politieke instelling van die faraoniese koningskap kry gestalte in die politieke verbeeldingswêreld van die sonliedere en kosmografiese literatuur en ook in die kosmiese verbeeldingswêreld van die koninklike inskripsies (Assmann 1989:64).

Die implikasie is dan dat dit nie nodig is dat die wêreld gered hoef te word nie; dit moet net regeer word. Verlossing is ook nie buite bereik nie, maar dit word gedurig gerealiseer deur die gesamentlike pogings van gode en konings. Hierdie vertroue in die herwinbaarheid van Ma'at, sê Assmann (1989:66), het teen die einde van die Nuwe Koninkryk verflou.

Gedurende die Amarna Periode skyn daar egter 'n verandering in die denke te wees. Assmann lig die volgende punte uit waar die ideologie van die Amarna religie die klassieke beskouing weerspreek:

* Die solare siklus het sy politieke betekenis verloor, en daar was geen sprake meer van 'n vyand wat die Aten sou teenstaan in sy daaglikse beweging nie. Die Armana religie is dan gebou op 'n positiewe kosmologie: die wêreld hoef nie regeer te word (in die sin dat orde van buite af opgelê word as teenvoeter vir die natuurlike geneigdheid tot chaos) nie, maar moet bloot aan die lewe gehou word.

* Waar die konsep "regeer" veelheid impliseer, impliseer die konsep van "lewe gee" op soortgelyke wyse weer enkelvoudigheid. So is die lewendmakende god wat die wêreld dan vul met lig en tyd ook alleen in die hemelruim. Die ooreenkoms tussen die twee wêrelde breek af as die lewendmakende proses nie op die aarde gereflekteer kan word deur die koninklike regering nie. Die hele kompleks van indirekte veroorsaking word grootliks verminder want dit is nie nodig in 'n positiewe kosmologie nie. Dit is dan ook nie nodig om die wêreld deur stryd te onderhou nie, omdat daar nie vyandige magte is wat gedurig oorwin moet word nie.

* Die antropomorfiese ooreenkomste tussen die kosmiese en sosiale orde wat die twee wêrelde in wederkerige refleksie plaas, maak plek vir 'n verenigde heelal met die mens as die enigste vennoot van goddelike handeling. Antropomorfisme word nou vervang deur antroposentrisme.

* Die oorweldigende konsep van lewe het die konsep van orde begin verdring. In die konteks van die positiewe antropologie en kosmologie verdwyn die noodsaak dat orde deur 'n verhewe outoriteit opgelê moet word. Die konsep Ma'at verdwyn op kosmiese vlak, en op sosiale vlak neem dit die betekenis van "waarheid" aan.

* Die sonskyf bring deur sy beweging en bestraling lewe aan die wêreld, maar is "*absolutely indifferent regarding ethical problems*" (Assmann 1989:67). Dit is nie begaan oor die swakke, arme en ellendige nie. Dit is daarom ook nie verbasend dat die verdediging van die swakke teen die sterke in die Amarna liedere ontbreek het nie.

* Die koning manipuleer Ma'at en dra die goddelike titel "Hy wat op Ma'at leef" as deel van sy koninklike naam. Ma'at word egter nie as "reg" in die klassieke sin (om die swakke te beskerm teen die sterkte) verstaan nie, maar as waarheid in die sin van die ortodokse interpretasie van geopenbaarde kennis. Boosheid kry die betekenis van teenstand teenoor die leer van Akhenaten. Dit lei tot 'n depolitisering van beide die

kosmiese en sosiopolitiese orde, wat nou die vorm aanneem van 'n religie en 'n ortodoksie (Assman 1989:60-67).

## 3.4 Kritiek op die hipotese van 'n verdwyning van Ma'at

Fox (1995:42 e.v.) se interpretasie van Assmann se standpunt is dat die klassieke konsep van Ma'at (wêreldorde met outomatiese oorsaak en gevolg) in die Nuwe Koninkryk vervang is deur persoonlike vroomheid. Ma'at is op die agtergrond geskuif, terwyl dit vervang is deur die direkte intrede van die godheid, wat straf en beloning uitdeel en die mens se lot te bepaal. Die mense se betrokkenheid by Ma'at bepaal nie hulle sukses en mislukkings nie; lg. het nou op 'n godsbesluit berus. Ter stawing van dié standpunt word Amenemope aangehaal:

> "*Indeed you do not know the plans of God*
> *so you should not weep for the morrow*"
> (Fox 1995:42).

Fox (1995:43 e.v.) erken dat die verskynsel van persoonlike vroomheid 'n kenmerk is van die Nuwe Koninkryk. Hy wys egter ook daarop dat idees wat geassossieer word met persoonlike vroomheid, soos die aard van beloning en die vryheid van die goddelike wil tog ook in die Ou- en Middel Koninkryke voorkom. Hy gebruik die volgende voorbeelde om sy standpunt te staaf: Uit die Ou Koninkryk is daar die opdrag aan Kagemeni wat sê: "*One does not know what will happen, what god does when he punishes*". In die Laat Ou Koninkryk beklemtoon Ptahhotep die god se vrye wil en intrede in menslike sake: "*One knows not what may happen, that he might understand the morrow*". 'n Variasie van die beginsel word ook in die Middel Koninkryk in die "Welsprekende Kleinboer" gevind. Verder argumenteer Fox dat, hoewel die nederigheid en diepe vroomheid van Amenemope en Any nuut is, nie een van die uitsprake in die Wysheid van die Nuwe Koninkryk wat die verandering van Ma'at moet aandui, nie ook parallelle in die vroeëre wysheid het nie. Hy gaan verder en wys daarop dat die studie van Lichtheim getoon het dat Ma'at nie 'n meganiese wêreldorde was nie, maar primêr 'n publieke deug. Hy verwys ook na Lichtheim se konklusie dat oor 'n tydperk van twee millennia die basiese verstaan van wat dit beteken om Ma'at te doen en wat die belonings daarvan is, nie verander het nie. Sy verklaring van die stelling in paragraaf 20 van Amenemope is dat dit nie 'n verdwyning van Ma'at impliseer nie, maar dat dit bloot 'n opmerking is dat nie almal gewillig of instaat is om regverdig te oordeel nie. Fox toon hiermee aan dat die feit dat persoonlike vroomheid kenmerk was van die Nuwe Koninkryk nie

noodwendig beteken het dat die gode so betrokke raak by menslike bedrywighede dt Ma'at verdwyn het nie. Daarmee saam was persoonlike vroomheid nie 'n vreemde verskynsel eie aan die Nuwe Koninkryk nie.

In Silverman (1991:67-71) se bespreking van die rol van die koning ten opsigte van die wêreldorde gee hy ook 'n verklaring vir die "restorasie stele". Die koning het nie slegs die verantwoordelikheid gehad om Ma'at te onderhou nie, maar moes dit ook aan die gode offer. Die posisie van die koning was, soos dié van Ma'at, onvernietigbaar. Wanneer die nuwe koning dan ook sy posisie inneem, het hy die beperkinge van menslikheid oorgesteek, en word die koning wat hy altyd was en altyd sal wees. Hy word nie alleen met Horus geïdentifiseer nie, maar ook met al die oorspronklike skeppergode wat gedurende die oertyd die oorspronklike orde vanuit die chaos geskep het. Verder, sê Silverman (1991:67e.v.), is dit die rede waarom die nuwe koning altyd vertoon word of beskryf is terwyl hy Ma'at aan die skeppergode offer. Hy was soos die skeppergode verantwoordelik om orde in die wêreld te herstel. Dit is 'n rol wat dikwels in tempelafbeeldings, rituele en literatuur beskryf word. Die farao het ook vir hom 'n getuigskrif opgestel, 'n teks van restorasie. In hierdie geskrif maak hy die aanspraak dat die land voor sy troonbestyging in chaos was en dat dit deur hom herstel is tot sy oorspronklike balans. In die geval van Tutankhamun, wat die land laat terugkeer het tot ortodoksie na die Amarna kettery, sou die teks dan met ware "omwenteling" saamgegaan het. So was dit ook die geval met die konings wat die dinastie begin het na die chaotiese Intermediêre Periodes. Tog was die tekste in die meeste gevalle eerder simbolies as histories. In hierdie tekste van restorasie sou dit ook nie ongewoon wees om, as 'n poging om orde te bring, voorgangers se prestasies, beelde en monumente vir die nuwe koning toe te eien nie (vgl die stellings van Hatshepsut).

Met betrekking tot hierdie "omwentelinge" wys Silverman (1991:82 e.v.) op die volgende veranderinge wat plaasgevind het.

* Daar was duidelike monoteïstiese tendense in Akhenaten se nuwe religie. Assmann en Redford beweer dat dit heeltemal monoteïsties was. Hy het die name en beelde van Amun en later ook dié van ander gode laat verwyder. Self waar die meervoudige selfstandige naamwoord "gode" voorgekom het, is dit verwyder. Hy wys egter daarop dat, hoewel Akhenaten die titels, epitetons en beelde verwyder het, Ma'at dwarsdeur die periode toegelaat is. Hoewel monoteïstiese elemente ook alreeds in vroeëre periodes deurgeskemer het, was dit Akhenaten wat die konsep so deurgevoer het dat dit

duidelik gereflekteer is in tekste, terminologie en ikonografie. So sou Akhenaten dan in 'n kort tyd 'n Egiptiese tradisie van oor die tweeduisend jaar ingrypend verander het.

* Hy het alle aspekte van Egiptiese kultuur beïnvloed. Die kuns, die argitektuur, die inhoud en taal van tekste, selfs ook konsepte wat geassosieer is met koningskap, is verander. Die grafgode wat vir 'n lang tyd so 'n belangrike deel van die Egiptiese religie gevorm het, het betekenisloos geword.

* Die posisie van die koning het ingrypend verander. Die koning is nou verklaar tot seun van die Aten. Die gaping tussen die lewende koning en die godheid is vernou deur die klem wat gelê is op die goddelikheid van die farao. Die Aten en Akhenaten het nou voordele gedeel wat vantevore duidelik onderverdeel was tussen die monarg en die gode. Hoewel Akhenaten gedien het as eerste profeet van die Aten, was sy status so belangrik dat hy, soos 'n groot god, sy eie eerste priester gehad het. Vroeëre afbeeldings het Akhenaten vertoon terwyl hy, soos ander konings voor hom aan hulle gode, Ma'at aan die Aten geoffer het. Later was daar egter ook gesê dat Akenaten self van Ma'at geleef het. In die vroeëre periodes is die beelde van gode gedurende feeste vertoon. Daar was egter geen antropomorfiese beeld van die Aten nie, behalwe in die begin van sy bewind waar Akhenaten uitgebeeld word waar hy Ra-Harakty aanbid. Hier was daar egter al interessante veranderings aan die sonskyf op die kop van die god wat moontlik 'n aanduiding kon wees van wat sou kom (Cornelius 1996:27). Voortaan sou die koninklike familie met die vererende bevolking vertoon word. Die Aten kon ook slegs deur die koning aanbid word. Vergelyk die voorstellings by fig 9, 10, 11.

* Die Aten is ook voorgestel as skeppergod en die koning is ook met die Aten geïdentifiseer. Akhenaten is byvoorbeeld elke dag herbore en het self deel van die kosmos geword. Dit is egter Akhenaten alleen wat vir die individu op aarde toeganklik was, terwyl alleen Akhenaten tot die god in die hemel toegang gehad het. Hierdie sisteem sou dan vir die koning die logiese en korrekte orde van die heelal wees. Dit is hoe Ma'at gerealiseer sou word. Osman (1990:128) wys nog verder daarop dat, waar die godheid voorheen antropomorfies voorgestel is, dit nou deur 'n abstrakte simbool voorgestel is. Die enigste antropomorfiese verskynsel was die hande aan die einde van die sonstrale wat vanaf die sonskyf op Akhenaten en Nefertiti neerskyn. Laasgenoemde was ook die enigste mense wat sulke kontak gehad het met die godheid.

* Die Aten, soos die ander gode, is ook in liedere vereer, maar i.p.v die tradisionele verhale van stryd, mites, legendes en stories, was daar nou oor die algemeen positiewe uitdrukkings. Akhenaten se leerstellings het nie legendes gehad wat melding gemaak het van gode en hulle verhoudings met mekaar nie. Dit het die individu weer nader aan die Aten gebring. Verder het die Aten geen opponerende mag gehad nie. Die liedere wat gesing is, het gefokus op die Aten en Akhenaten (vgl in die verband Assmann se bespreking van die Amarna himne).

* Die Aten het geen metgeselle gehad nie, en is nie met ander tradisionele godhede in 'n goddelike triade ('n groep van drie) verenig nie (vergelyk die afbeeldings by fig 7, 8). Die koning het 'n metgesel gehad, naamlik Nefertiti, dus het die Aten, Akhenaten en Nefertiti die goddelik triade uitgemaak (vergelyk die voorstelling by fig 7, 11). Hiermee sou die goddelikheid van die koning en die belangrike rol van die hoof-koningin as die moeder van die volgende goddelike koning weer herstel word. Die afbeeldings van tradisionele aktiwiteite van die daaglikse lewe en die blik op die onderwêreld het plek gemaak vir grootskaalse voorstellings van Akhenaten, vergesel deur Nefertiti, soms ook met hulle dogters, en die aktiwiteite van Akhenaten (vgl fig. 7).

Akhenaten se religie het die positiewe kant van die lewe beklemtoon. Dit het so te sê die duisternis, boosheid, dood en negatiewe ontken. Aangesien slegs een god bestaan het, moes dié noodwendig positief wees. Sy religie het eerder klem gelê op die lewe, die daaglikse siklus vn wedergeboorte, goedheid, orde en die son. In die nuwe religie was daar geen plek vir gevare, duiwels en twaalf ure van duisternis, siekte en korrupsie nie. Waar die negatiewe aspekte die realiteite van die lewe en die vrese van die hiernamaals gesimboliseer het, kon dit in die nuwe religie oorkom word deur daarvan bewus te wees. Die komplekse mites, simbole en tekste van die tradisie het in die verlede hierdie probleem van gevare hanteer. In die plek van die mites en simbole het Akhenaten se monoteïstiese religie 'n byna simplistiese positiewe geloof aangebied (Silverman 1991:82-86). Vergelyk ook die bespreking van Foster in hierdie verband by 3.2.2 paragraaf 2.

# 4. HIPOTESE OOR DIE OORSPRONG VAN DIE ATEN

## 4.1 Inleidend

Foster (1995:1752) beweer dat daar getuienis is dat die Aten reeds vanaf die Twaalfde Dinastie as 'n godheid beskou is. Aan die begin van "Die Verhaal van Sinuhe" word vertel dat die gestorwe koning Amenemhet I "*flew up to the sky, one united with Aten,/the divine flesh mingling wih him who made him*" (Foster 1995:1752). Meer gereelde verwysings na die Aten vind ons egter gedurende die Agtiende Dinastie, tydens die regerings van Amenhotep III en sy seun Akhenaten. Geleerdes soos Lichtheim (1992:97) en andere het beweer dat 'n tweeduisend jaar oue tradisie van die antieke Egiptenare in die Amarna Periode ingrypend verander het.

Tog was die Egiptenare ook nie 'n geïsoleerde bevolking nie en was hulle oop vir invloede van buite. Dit geld veral as hulle buitelandse oorwinnings en die onderwerping van ander volkere in ag geneem word. Die gevorderdheid van hulle kultuur het getoon dat hulle innoverende mense was. Verskille wat in die Amarna Periode aangetoon kan word teenoor dit wat in gebruik was in vorige periodes, was egter nie heeltemal vreemd nie, omdat geleerdes ook gewys het op voorlopers daarvan in vorige periodes. Baikie (1926:304e.v.) het byvoorbeeld daarop gewys dat daar nie (soos wat dikwels voorgestel word) 'n skielike breuk was met die religieuse verlede in sy geheel nie. Daar sou ook nie iets spesiaals wees in die verhoging van die songod as 'n objek van aanbidding nie. Die proses van solarisasie in die religie sou ook nie opgehou het nie, maar van tyd tot tyd van vorm verander het, met plaaslike gode wat van tyd tot tyd in belangrikheid gegroei het, soos wat regerings en omstandighede verander het.

Wat wel baie duidelik blyk, is dat Akhenaten 'n baie sterk binnelandse leier was, wat binne die bestaande gebruike van ou Egipte 'n politieke skuif gemaak het. Hy het homself geposisioneer teenoor die mag wat die priesterdom van Amun verkry het. Hy mag miskien buitelands nie baie goed vaar nie, wat sekerlik kon bygedra het tot sy ondergang. David (1982:168) sê egter dat daar geen aanduidings bestaan van 'n afname in prestige van Egipte in die tyd nie. Dit was byvoorbeeld ook nie vreemd dat 'n god wat vantevore 'n onbenullige posisie beklee het, later ontwikkel het tot 'n god van hoë, selfs nasionale, aansien nie. Silverman (1991:40 e.v.) noem 'n paar voorbeelde hiervan. So was die aasvoël Nekhbet en die kobra Wadjit twee plaaslike godinne van die stede Nekhbet in Bo-Egipte en Buto in Onder-Egipte onderskeidelik, wat in sodanige mate beskermgode geword het, dat afbeelding

van hulle oral gevind is, selfs op krone, juwele, landbou-implimente en wapens. Daar was aan die ander kant weer die voorbeeld van Set. In die Vroeë Dinastiese Periode was hy 'n god van nasionale belang en later is hy weer geïdentifiseer as die een wat chaos en verwarring bring en nog later, in die Ramessiede Periode, is hy weer sodanig herstel dat sy naam weer gebruik is in die name van verskeie regeerders. Dit was ook eers gedurende die Middel Koninkryk dat die onbelangrike plaaslike god van Thebe, Amun, met die algemeen aanvaarde songod geïdentifiseer is, die saamgestelde naam Amun-Re aangeneem het, en stelselmatig gegroei het tot die mees verhewe god van Egipte. Daar word ook beweer dat politiek ongetwyfeld 'n rol gespeel het om hierdie veranderings teweeg te bring.

Net so bestaan die moontlikheid dat die ontwikkeling van die priesterlike gesag en rykdom aanleiding kon gee tot spanning tussen die koninklike hof en die priesterdom. Dit sou dan verduidelik waarom Akhenaten gebreek het met ander gode waarop priesters aanspraak kon maak, op wie hulle gesag berus het. Hy kies vir homself 'n god, koppel homself aan die god en ontneem daarmee effektief die priesterdom van Amun hulle mag (Silverman 1991:40). Foster (1995:1753) vat die standpunte oor waarom Akhenaten na monoteïsme beweeg het so saam: "*One theory has Akhenaten moving to suppress the priesthood of Amun, which was growing sufficiently powerful to challenge the throne. Another proposes a resurgence or reemphasis of the sun-cult led by a priest, of Heliopolis, worship of a sun-god having been fundamental to Egiptian religion at least since the Fifth Dynasty of the Old Kingdom. A third hypothesis suggests a new antipathy to the earth religion and Osiris*".

## 4.2 Wie was hierdie god

Volgens Millar (1989:15), het die hiërogliewe woord vir die Aten reeds eeue lank bestaan. Meer spesifiek was dit 'n verwysing na die sonskyf. Die sonskyf was egter nie self 'n god nie. Sy staaf haar bewering met 'n aanhaling uit die vroeë Middel Koninkryk wat sê "he who illuminates the Two Lands more than the sun (*itn*) ". In 'n voetnoot maak sy die volgende uitspraak: "*There is no extant evidence of any iconography of Aten prior to the reign of Amenophis IV. The final form of the Aten icon, i.e. the sun-disc with frontal uraeus from which issue rays terminating in hands, is not found before this period and is not found after the reign of Tutankhamun*" (Millar 1989:15). Sy maak dan die afleiding dat die ontwikkeling van die Aten eers in die 18de Dinastie begin het en gelei het tot die uiteindelike enkele, universele god wat alle ander gode uitgesluit het. Hoewel daar dus "aspekte van 'n

songod" was, het daar volgens haar geen "Aten" bestaan voor die middel van die 18de Dinastie nie (Millar 1989:16). Cornelius (1996:27) het egter die opmerking gemaak dat Akhenaten se god nie net eendag vanuit die hemel geval het nie. Hy wys dan ook op twee voorbeelde, waarskynlik vanuit die vroeë regeringstyd van Akhenaten, wat laasgenoemde nog verbind met tradisionele godvorme. Die een was 'n "talatat" van Karnak waar Akhenaten die antropomorfiese vorm van Ra-Harakhty aanbid. Daar was egter veranderings aan die sonskyf op die valkkop van die god wat moontlik aanduidings kan wees van veranderinge wat sou kom. Die ander verwysing was na die afbeelding in Berlyn, waar die valkkopgod die naam van die Aten dra. Dit is egter die opinie van Cornelius (1996:27) dat die simbole en beelde van Akhenaten so verskillend is van die tradisionele vorme, dat die god van Akhenaten nie bloot beskou kan word as 'n ander vorm van die songod nie. Die sonskyf van Akhenaten is die "lewende son" wat beter beskryf kan word as "lig". 'n Verdere verskil is dat waar die tradisionele gode "gemaak is", die god van Akhenaten **homself** gemaak het, vandaar die feit dat 'n antropomorfe inkonografie ontbreek. Monoteïsme is daarom nie die groot kwessie nie, maar die feit dat Egiptiese ikonografie en mitologie nie meer 'n rol gespeel het nie, maar vervang is deur "anikonisme". Sonliedere sou beelde sistematies vervang. Keel (1978:208 e.v.) sê dat toe Re met die oerskeppergod, Amun, verbind is, die rol van Re groter betekenis verkry het. Hy verbind Re ook met "liggodsdiens" en sê: "*For in the sun, which generates light and warmth, the basic condition of life and indeed, life itself, Re is legitimized in immediate, daily experience as creator. It is not without reason that the hymns to the sun emphasize this aspect of his activity, which is at once the most striking and convincing*" (Keel 1978:208, 209). Ek is daarom ook van mening dat hierdie skeppende aktiwiteit ook uitgebeeld word deur die skip van Re wat deur die hemelruim vaar (vergelyk fig. 4).

Aldred (1968:212 e.v.) het egter genoem dat reeds tydens die regering van Amenophis III 'n ou naam van die materiële son, die sonskyf of the Aten, prominent in gebruik word. Memfis was ook naby aan Heliopolis, die sentrum van die aanbidding van die kring van songode Atum, Re, Khepri en Herakty, geleë. As aanvaar sou word dat Akhenaten wel in Memfis grootgeword het, sou dit ook nie verbasend wees nie as prins Amenhotep IV al vroeg onder die invloed van die sonreligie gekom het. Die aanbidding van Re, die songod, het vanaf die Middel Koninkryk 'n groot uitbreiding ondergaan. Gebiedsgode wat wou oorleef of in belangrikheid wou toeneem, is dan ook in hulle oorspronklike vorme aan die naam Re gekoppel. Volgens Aldred (1968:212 e.v.) was dit die eerste treë op die pad na monoteïsme; ander gode was nog nie uitgesluit nie, maar daar is eerder probeer om almal te akkommodeer in 'n alomvattende henoteïsme.

Dit sou egter eers gedurende die 18de eeu wees dat die sonskyf 'n songod in eie reg onder die naam van die Aten geword het. Maar Aldred (1968:213) sê dat hierdie godheid sy eerste ongetwyfelde verskyning gedurende die regering van Tutmoses IV gemaak het. Op 'n groot heilige kewer vanuit die periode word die Aten beskryf as 'n groot universele god, wie se verhoogde posisie in die uitspansel hom die reg gee om oor alles waarop hy skyn te regeer (Aldred 1968:212, 213). Dat daar 'n ontwikkeling was in die sonkultus is nie te betwyfel nie, maar hierdie ontwikkeling mag ook reeds vroeër begin het as wat vermoed word en dit mag ook wees dat die ontwikkeling nie slegs op een plek plaasgevind het nie. David (1982:158) wys daarop dat die Aten reeds so vroeg soos die Middel Koninkryk genoem word, maar dat dit nie duidelik is wanneer die Aten-kultus ontstaan het en of die Aten as afsonderlike godheid gedien is nie. Vroeër is ook verwys na Foster (1995:1572) se bewering dat die Aten reeds teen die Twaalfde Dinastie as 'n godheid beskou is met sy verwysing na "Die Verhaal van Sinuhe". Dit is egter in die 18de Dinastie dat sy invloed toegeneem het. Dit was eers in die regeringstyd van Tutmoses IV dat aanduidings gevind kan word wat die Aten identifiseer as 'n onafhanklike solare god, en nie bloot 'n variante vorm van Re nie.

Osman (1990:117-121) het ook beweer dat voor die bewind van Akhenaten daar reeds 'n monoteïstiese sonkultus bestaan het, waarskynlik met 'n tempel in die omgewing van die Zarw-meer in die oostelike delta. Hy baseer sy mening op die volgende gegewens:

1. Amenhotep III het 'n boot gehad wat bekend gestaan het as "Aten Gleams".

2. Gedurende die regering van Akhenaten het hy van stene gebruik gemaak waarop inskripsies was wat 'n sekere Neby, die burgemeester van Zarw gedurende die regering van Tutmoses IV, beskryf het as "*The overseer of the Foremost Water in the 'hnt' of the Temple of Aten*". Die inskripsies en uitbeeldings dui daarop dat daar alreeds 'n tempel vir die Aten bestaan het toe Akhenaten nog besig was om sy eerste tempel by Karnak te bou.

3. Daar bestaan ook 'n teks op 'n wynfles wat in die graf van Tutankhamun geplaas is wat sou lees: *Year 5 Sweet wine of the House of Aten, Zarw. Chief vinter Penamun"* Daar kan dus met redelike sekerheid die afleiding gemaak word dat daar ten minste teen die jaar 5 van Tutankhamun se regering ook in Zarw 'n tempel vir die Aten bestaan het.

Osman se verduideliking van hoe Akhenaten met hierdie religie in kontak sou kom, verklaar ook hoe dit moontlik was dat Akhenaten so vinnig hierdie "nuwe" religie kon ontwikkel.

Osman (1990:117 e.v.) plaas vir Akhenaten in hierdie omgewing (oostelike delte). Dit is, volgens hom, die plek waar Akhenaten gebore is en waar hy van sy vroegste jare deurgebring het. Hierdie mening verklaar waarom:

(a) enige verwysing na die vroeëre jare van Akhenaten in Thebe en Memfis ontbreek.

(b) sy voorkoms die indruk skep dat hy nie enige fisieke oefeninge ondergaan het soos vroeëre jong prinse ondergaan het nie.

(c) hy nooit uitgebeeld word op 'n jagekspedisie of waar hy sy vyand verslaan of die leër in oorlog lei nie.

(d) dit skyn asof hy geen respek vir Egiptiese gode of gebruik het nie (Osman 1990:117-121).

Hierdie gedagte word ondersteun deur Immanuel Velikovsky (1960:66) wat ook die opmerking gemaak het dat Akhenaten vir 'n deel van sy jeug nie in die koninklike paleis in Thebe grootgeword het nie. As rede voer hy aan dat daar spanning was tussen Akhenaten en sy pa Amenhotep.

Daar is dus nie eenstemmigheid oor die oorsprong van die Aten nie. Oorweging word ook daaraan geskenk dat die Aten 'n direkte ontwikkeling kon wees van die ou songod Re ("*Thou [Aten] art Re who has given birth to Ma'at*" - Millar 1989:38, vergelyk ook Baikie ea); ander beskou dit as deel van 'n "breër antipoliteïstiese beweging" (Assman 1992a:143) en ander as 'n heel nuwe aanbidding van die son (Cornelius 1996:28). Ek is egter van mening dat Akhenaten die absolute godheid van die koning wou herstel soos dit in die vroeë jare van die Ou Koninkryk besaan het, en dat hy die oppergesag van die koning wat deur die jare deur ander kultusse en gode afgebreek was, wou herstel.

# 5. REDES VIR DIE VERANDERING VAN DIE KULTUS

## 5.1 Uitskakeling van afbrekende faktore en die uitbreiding van die kwaliteite van die hoofgod

Indien die koning aspekte van die religie wou herstel, moes hy sorg dat daardie faktore wat aanleiding gegee het daartoe dat hierdie aspekte verlore gegaan het, nie weer 'n bedreiging sou inhou nie. So kon die Atenkultus as 'n herlewing beskou word van die songod Re, as koninklike beskermer. Hierdie kultus moes egter nou bykomende kenmerke hê. Die god se priesterdom, wat ook in die Ou Koninkryk die koninklike mag ondermyn het, sou weggeneem word. Akhenaten verseker terselfdertyd dat die Aten 'n universele rol verkry wat pas by 'n groot god van 'n land wie se mag oor landsgrense heen strek. By vorige gode het hierdie kwaliteit ontbreek. Daar was dus tevore 'n gebrekkige beeld wat nie by die politieke beeld van die land gepas het nie. Die koning is volledig geïdentifiseer met die god, 'n posisie wat hy reeds in die Ou Koninkryk verloor het toe hy "seun van Re" geword het. Hy was alleen verteenwoordiger van die Aten op aarde en alle ander godhede en hulle priesters moes verdwyn. Hulle inkomste gaan nou na die alleengod van Egipte, die Aten (David 1982:166 e.v.). Hier sou nie die gevaar wees van 'n priesterdom wat vanweë die rykdom van die godheid wat hulle dien magtig word nie. Dit sou natuurlik beteken dat die adel waaruit die priesterdom gekom het, en die koninklike familie ook weer van die koning afhanklik sou wees vir sy gunste. Dit is ook die mening van David (1982:168) dat daar geen aanduidings in die Egiptiese geskiedenis is wat daarop dui dat daar ernstige ekonomiese agteruitgang of 'n afname in prestige in die buiteland was wat 'n opstand in Egipte sou veroorsaak het teen Akhenaten nie, maar dat dit juis eerder die adel en priesterdom sou wees wat die revolusie beplan het.

## 5.2 Die magstryd tussen die kultus van Amun en die Aten

Die mag van die priesterdom van Amun het begin ontwikkel toe daar 'n behoefte ontstaan het dat, as gevolg van die groei van die skatte van Amun, daar effektiewe administrasie moes wees. Die vereniging van Bo- en Onder Egipte het reeds tevore die behoefte laat ontstaan dat daar beheer moes wees oor al die gode se besittings. So het die hoëpriester-amp, wat later 'n invloedryke pos geword het, ontwikkel. Spanning tussen die koning en die priesterdom kan so ver terug as die 4de Dinastie bespeur word. Dit blyk dan ook dat die mag van die

priesterdom altyd 'n bedreiging vir die Egiptiese koningskap ingehou het, en spanning tussen die koning en die priesterdom het weer begin oplaai toe Tutmoses IV iemand vanuit die laer klasse, wat op daardie stadium nog 'n gewone priester was, vir die amp van hoëpriester aangewys het. Dit laat die vraag ontstaan of hierdie optrede van die koning 'n poging was om sy soewereiniteit te bewys. Gedurende die regeringstyd van Amenhotep III het 'n hele aantal priesters die pos beklee, wat weereens 'n aanduiding kan wees dat die koning probleme ondervind het met die mag wat die priesters bekom het. Hierdie vermoede word nog verder versterk deur die feit dat van die vyf priesters wat in hierdie tyd gedien het, drie verbintenisse gehad het met die Memfisitiese kultus van Ptah. Dit kan geïnterpreteer word as 'n diskrete poging van die koning om 'n oplossing te vind vir die mag van die eerste priester van Amun. Osman (1990:123 e.v.) het ook na die mag van die priesters verwys toe hy melding daarvan gemaak het dat Akhenaten met Nefertiti, die dogter van Amenhotep III, die wettige troonopvolger, moes trou en ook die name Nefer-Khepru-re Waenre Amenhotep, dit is Amenhotep IV, moes aanneem om die seën van die priesters te verkry om as mede-regeerder van Amenhotep III te kon optree. Hy verwys egter ook na kritiese uitsprake van die priesters, nie net teenoor Akhenaten nie, maar ook teenoor die twee konings voor hom. Dit is 'n verdere aanduiding dat daar spanning was tussen die koningshuis en die priesterdom.

Die skuif van een hoofgod na 'n ander was nie so vreemd nie. Gode van Egipte het 'n geskiedenis gehad dat hulle in belangrikheid kon afneem en selfs van die toneel kon verdwyn. Dit was veral ook politieke skuiwe wat die lot van gode bepaal het. Dit was dan ook die priester en volgelinge van die gode wat met die probleem gesit het om die afname in belangrikheid van hulle god te stuit. 'n Mens kan begryp dat veral waar gode tot nasionale gode gevorder het, dit rykdom en mag vir die priesterdom van daardie godheid beteken het. Dit is te verstane dat priesters hierdie mag ten alle koste sou wou behou en dat priesters van ander gode hierdie mag sou wou bekom.

'n Effektiewe manier om van 'n mededingende god ontslae te raak en jou god goed gevestig te kry, is beslis om die aanhangers van die mededingende god verdag te maak. Dit sou nog beter wees indien jy daarin kon slaag om daardie godsdiens as kettery verklaar te kry. Dit was juis die skuif wat die priesters van Amun gemaak het, nadat hulle eers hulle posisie herstel het. Die priesters van Amun het die posisie van hulle god as die enkele hoofgod herstel (want daar is aanduidings dat Amun kort na die dood van Akhenaten die posisie van hoofgod met die Aten moes deel), en het die god van Akhenaten geëlimineer deur laasgenoemde as ketter te verklaar. Hierdie gedagte word ondersteun deur die opmerking wat

Campbell (1964:3) gemaak het wat daarop gedui het dat Haremheb, wat na Ay koning geword het, geen wettige aanspraak op die troon gehad het nie. Dit was hy wat verantwoordelik was vir die veldtog om Akhenaten as ketter te verklaar. Dit is egter ook opmerklik dat Haremheb nie net teen die leerstellings van Akhenaten 'n veldtog gevoer het nie, maar dat hy die nagedagtenis van die voer konings voor hom wou uitwis. Nou is dit interessant dat dit juis dié vier konings moes wees. Hierdie konings het almal op een of ander manier 'n verbintenis met die Aten gehad hoewel nie noodwendig met die leerstellinge van Akhenaten nie. Met veiligheid kan aangeneem word dat hy die ondersteuning van die Amun priesters gehad het. Hy was heel waarskynlik deur die priesters van Amun op die troon geplaas en dit was na alle waarskynlikheid ook onder hulle invloed wat hierdie veldtog geloods is. Dit was dus weereens 'n politieke skuif wat Amun as hoofgod herstel het. Vanweë Akhenaten se eie betrokkenheid by die kultus, vanweë die feit dat dit so 'n jong beweging in die godsdiens was, en omdat hy doelbewus nie 'n sterk priesterdom wou bou nie, was daar nie 'n magsbasis wat hierdie beweging verdere momentum kon gee nie. Dit was daarom ook makliker vir die priesterdom van Amun om hulle god weer te vestig en van die Aten ontslae te raak. Dit was ook nie soseer omdat Akhenaten Ma'at verwaarloos het of laat verdwyn het, dat hierdie beweging terug na die verering van Amun opgekom het nie. Dit was eerder 'n magstryd tussen gode wat lewendig gehou is deur die priesters en hulle aanhangers. Op soortgelyke wyse wou Akhenaten alle opposisie teen sy god elimineer deur die bestaan van ander gode te ontken. Hiermee sou hy kon verhoed dat enige ander god die Aten opponeer en sy posisie bedreig. Die implikasie van Akhenaten se optrede was dus min of meer dieselfde as in die geval van ander godsdienste wie se gode ook verdwyn het vanweë politieke optrede. Die verskil was dat die gode gelaat was om vanself in onbruik te verval, terwyl Akhenaten die gode in opposisie met sy god vinnig en doelgerig geëlimineer het.

Dit is dus insiggewend dat Akehnaten nie onmiddellik tot ketter verklaar is nie. Inteendeel, Akhenaten se godsdiens se gebruike gaan nog vir 'n geruime tyd voort. Ek wil hierdie punt staaf deur te verwys na wat Desroches-Noblecourt (1964:203 e.v.) gesê het in verband met die veranderinge wat plaasgevind het in die kultus gedurende die regering van Akhenaten. Van besondere belang is wat plaasgevind het tydens die finale handeling van die ritueel wanneer Ma'at as dogter aan Re geoffer word. Tydens hierdie handeling was Ma'at in Akhenaten se tyd nie meer aan die god voorgehou nie. Die koning en koningin was nou die mense wat offers aan die god gebring het. Soms was ook hulle dogters tydens die seremonie teenwoordig. In plaas van die beeldjie van Ma'at wat aan die god geoffer word, sê Desroches-Noblecourt, is die kwaliteite van die god in die vorm van sy name wat in twee lofwerke opgeneem is, aan die god opgedra (vgl 1964:64). Sien ook fig. 10.

Die enigste deel van die toneel wat nog aan Ma'at herinner, is die drie pluimvere wat op die koppe van die prinsesse gepryk het. Sy gaan dan verder deur daarop te wys dat hierdie ritueel ook nog in die tyd van Tutankhamun beoefen is, selfs toe daar alreeds na ortodoksie teruggekeer is, en baie beslis nadat die "Restorasie Stele" alreeds opgestel is. Daar is ook 'n houer in die graf van Tutankhamun gevind wat artikels bevat het wat Tutankhamun gebruik het tydens offerrituele. Nog steeds is die klassieke vorm van Ma'at (die godin) nie gebruik nie, maar is die dubbele lofwerk van die veronderstelde ketterse kultus gebruik en is Ma'at deur middel van twee lang volstruisvere voorgestel.

Ons het egter reeds vasgestel dat die "Restorasie Stele", wat die stelling maak dat Ma'at verdwyn het, in elk geval opgestel kon gewees het, selfs al sou daar nie veranderinge tydens die regering van Akhenaten plaasgevind het nie. Die rede is dat dit die verantwoordelikheid van die nuwe koning was om 'n restorasie stele op te stel, as 'n voortsetting van die koningskap, wat 'n ewige en onvernietigbare posisie was. Vandaar dan ook dat die koningskap gekoppel is aan Ma'at, wat ook onvernietigbaar was. Dit is daarom ook totaal onwaarskynlik dat Akhenaten Ma'at sou laat verdwyn het, want dit sou 'n ontkenning wees van sy eie koningskap. Geleerdes soos Osman (1990:73) en andere het dan ook daarop gewys dat Ma'at gedurende die regeringstyd van Akhenaten nie verdwyn het nie, maar wel op 'n ander manier bly voortbestaan het. Hierby wil ek nog 'n gedagte uitlig waarna Desroches-Noblecourt (1964:157) verwys, wat ook hierdie siening ondersteun. In die veldtog wat Akhenaten gevoer het om die name van die ander gode te verwyder, het hy in die heilige lofwerke wat sy vader se name bevat het, die kroningsnaam van sy vader, *Neb Ma'at-Re*, behou, 'n naam wat ook die naam van Ma'at bevat het. Dit is 'n duidelike aanduiding dat Akhenaten nie 'n veldtog teen Ma'at gevoer het nie. Dit is dan ook die mening van Desroches-Noblecourt dat hoewel Ma'at voortaan net fonieties geskryf is, Akhenaten altyd respek vir Ma'at gehad het en dat hy aan haar 'n nuwe interpretasie gegee het as "asem van die lewe".

Inderdaad, Ma'at as godin het verdwyn vanweë Akhenaten se leerstellings, maar sy het steeds as simbool (hoewel ontmitologiseer) en beginsel bly voortbestaan. Ons kan selfs sover gaan om te sê dat daar 'n uitbreiding in betekenis was in soverre daar hernude klem op die waarheidsaspek van Ma'at was. Waarheid het nou ook beteken dat alles moet wees soos dit oorspronklik geskape is, selfs ook waar dit gegaan het om die afbeelding van die koning. In die verlede sou dit byvoorbeeld nie moontlik gewees het om 'n afbeelding van die koning te maak wat nie vleiend vir die koning was nie.

Wat die sienings rondom die identiteit van Nefertiti aangaan, ondersteun ek Osman (1990:122) dat Nefertiti die half-suster van Akhenaten sou wees. Ek is egter oortuig dat die troue nie soseer deur die priesters afgedwing was nie, maar dat Akhenaten eerder hierdie troue sou verkies om daarmee sy goddelikheid en soewereiniteit oor almal in Egipte te bewys. Die troues van sy pa en oupa was juis nie koninklike troues nie, en dit word beskou dat dit opsigself rebellie teen die priesters was. Dit mag so wees, maar dit is tog ook so dat hierdie troues daarop gemik was om die koningshuis verder te stabiliseer en om buitelandse bondgenote te verkry deur diplomatieke troues. So het Tutmoses IV die prinses van Mitanni, wat een van Egipte se belangrikste militêre teenstanders was, as sy vrou geneem. Sy seun, die pa van Akhanaten, het dit egter 'n stap verder geneem deur nie net met 'n nie-Egiptiese koninklike erfgenaam te trou nie, maar met die dogter van 'n nie-adelike. Sy vrou Tiye was die dogter van Yuya, 'n profeet en beeswagter van die dorpie Akimim. Amenhotep het klaarblyklik ook die nie-koninklike oorsprong van sy vrou se ouers benadruk op gedenkskarabeë wat hy uitgegee het om sy troue te gedenk (David 1982:155). Dit was egter Akhenaten, wat hierdie stryd op die spits gedryf het en dit, ten minste vir die duur van sy regering, gewen het. Tydens die bewind van Akhenaten word die priesterdom heeltemal van hulle mag ontneem. Voorbeelde hiervan is die manier waarop die priesters nie na feesgeleenthede genooi is nie. Gedurende sy vierde jaar reël Akhenaten 'n *sed-fees*, 'n geleentheid wat konings gewoonlik tydens hulle dertigste regeringsjaar gevier het, en hy verban alle gode behalwe sy eie god gedurende die geleentheid. Hy breek twaalf maande later verder met die tradisie as hy sy naam verander na Akhenaten. Hy verskuif die koningshuis na 'n nuwe gebied en noem die nuwe stad Akhetaten. Die domein van Amun in Thebe word vervalle agtergelaat. Akhenaten was self alleen godkoning; hy alleen het ook die leringe van Aten ontvang, en het goddelike sanksie vir al sy besluite en handelinge ontvang (Millar 1989:27, 88, 89; Osman 1990:123,124). Hiermee het hy effektief van die opposisie wat Amun as hoofgod kon hê, verwyder deur die priesters van Amun sonder enige gesag te laat waarop hulle hulle kon beroep. Die Aten alleen was god; hy het geen teenstander nie. Fox (1995:43) se kritiek bevestig in 'n sin Assmann (1989:68 e.v.) se hipotese oor die veranderinge wat plaasgevind het in die Nuwe Koninkryk. Hy wys daarop dat dit Assmann se doel is om die beweging na 'n persoonlike piëteit aan die Nuwe Koninkryk toe te skryf. Maar hy toon dan dat persoonlike piëteit in die Ou en Middel Koninkryke teruggevind kan word. Hierdie inligting bevestig egter ook dat persoonlike piëteit wel nie vreemd vir die ou Egiptenaar sou wees nie. Dit negeer nie die feit dat daar wel 'n verandering in die religie plaasgevind het nie. Dit maak egter die vraag of dit 'n invloed gehad het op hoe Ma'at beleef sou word in hierdie verandering aktueel. Selfs Lichtheim, wat as voorbeeld gebruik word,

praat van 'n ontwikkeling in die betekenis van Ma'at reeds in die 5de Dinastie (Lichtheim 1992:18). Breasted (1934:21,143) wys ook daarop dat teen die einde van die Ou Koninkryk die betekenis van Ma'at geleidelik begin verbreek het. Hierdie gegewens versterk my siening dat Ma'at die potensiaal gehad het om al die betekenisse wat skrywers vanuit verskillende gesigspunte en periodes aan die konsep toegeskryf het, te beliggaam. Dit bevestig ook dat dit wel moontlik is dat daar 'n verskuiwing in die betekenis van Ma'at in die Nuwe Koninkryk kon gewees het.

Sover sou ons kan aflei dat:

1 Verandering in die politiek nie noodwendig sou beteken het dat Ma'at verdwyn nie, maar dat alle veranderinge juis beskryf is as 'n poging om Ma'at te herstel.

2 Die verandering in politiek wel die gevolg kon hê dat gode hulle posisies verloor en self kon verdwyn. Dit het egter nie beteken dat Ma'at saam met hierdie gode sou verdwyn nie, selfs al was hierdie gode voorheen met Ma'at verbind. Die verdwyning van gode was deel van die Egiptiese godsdiensgeskiedenis.

3 Die ontwikkeling van die Aten godsdiens 'n geruime tyd aan die gang was, maar dat dit sy volle implikasies met die regering van Akhenaten bereik het.

4 Akhenaten se optrede 'n oplossing wou bied vir die mag wat die priesterdom verkry het, wat die posisie van die koning as voorsiener Ma'at bedreig het. Hy was die een wat die skeppingsopdrag by Re oorgeneem het en kosmologiese en sosiale orde moes verseker. Vandaar ook die herbevestiging van Akhenaten dat hy alleen die waarheid (Ma'at) het, dat hy alleen toegang tot sy god het. Daarmee bevestig hy sy absoluteposisie as die bemiddelaar tussen mens en god en daarvoor het hy nie eens die priesters nodig nie. Inteendeel, vanweë sy posisie is hy die ideale hoëpriester.

5 'n Verandering in die godsdiens van Egipte mag 'n verbreding van die betekenis van Ma'at tot gevolg gehad het maar dit kon ook hernude klem geplaas het op een van die vele betekenisse wat Ma'at beliggaam het. Wat tog baie duidelik na vore kom, is dat die tradisionele, onmisbare rol van die koning om Ma'at te bewerkstellig nou duidelik, en selfs duideliker as tevore, deur Akhenaten se religie uitgedruk word.

# 6. DIE BEÏNVLOEDING VAN MA'AT

## 6.1 Uitbeelding van Ma'at

Ons het duidelik gesien dat Akhenaten onder geen omstandighede ander gode geduld het nie. Dit sou noodwendig die implikasie inhou dat Ma'at as 'n godin wat die regte orde verpersoonlik, nie verder as godin sou kon bly voortbestaan nie. Hieroor is daar in 'n groot mate eenstemmigheid onder geleerdes. Dit is oor die verdwyning en verandering in betekenis van Ma'at as simbool en beginsel wat geleerdes van mekaar verskil. Daar is tog ook 'n groep geleerdes wat van mening is dat, hoewel Ma'at 'n verandering ondergaan het, sy by die gewone mens steeds dieselfde betekenis en voorkoms gehad het.

Daar is die opinie van Assmann (1989:63-66) dat Ma'at heeltemal haar funksie verloor het. Die rede hiervoor is dat Akhenaten se godsdiens 'n nuwe en positiewe benadering gehad het. Die grense tussen die twee wêrelde (van gode en mense) sou verdwyn het omdat die lewendmakende god nou die wêreld met lig en tyd vul. Die wêreld was nie meer bedreig nie, en hoef dus nie meer deur Ma'at gered te word nie. Die Aten was ook alleen god. Hy het daarom geen teenstand gehad nie en die orde was nie bedreig nie. Die gevolg was dat Ma'at nou die abstrakte betekenis van waarheid aangeneem het, wat ook die implikasie gehad het dat Atenisme self die waarheid is. Verder kan mens argumenteer dat Ma'at deur die koning gemanipuleer is omdat hy nou alleen die waarheid (Ma'at) ontvang het en die uitdeler daarvan was. Assmann (1989:67) sê daarom ook dat hierdie Amarna religie "absoluut onverskillig" gestaan het teenoor etiese probleme. Dieselfde punt is ook deur Gardiner (1966:229) gemaak, toe hy opgemerk het dat 'n tekortkoming van Akhenaten se leerstellings hulle "totale gebrek" aan 'n etiese leer was. Skrywers soos Osman (1990:72) en Millar (1989:38) wat ook Ma'at as 'n abstrakte waarheidsbegrip aangegee het, het daarop gewys dat Ma'at voortaan net foneties geskryf is, en dat die antropomorfe figuur en/of beeldjie van Ma'at nie meer voorkom nie (vgl fig. 1). 'n Voorbeeld hiervan kan gesien word in die manier waarop Akhenaten se dogter, Meketaten, se naam op haar doodskis geskryf is.

Hierteenoor staan geleerdes soos Tobin, Fox, Aldred, Baikie, Lichtheim en andere. Hulle argumenteer dat Ma'at 'n onmisbare deel van die religieuse denke van Egipte was en dat Akhenaten se bydrae tot die verandering van die Egiptiese religie en die betekenis van Ma'at òf nie noemenswaardig was nie, òf 'n verdere uitbreiding van die bestaande religie en van die konsepsie van Ma'at was. So het Aldred (1968:185 e.v.) daarop gewys dat Akhenaten en

ander Amarna konings grootliks aanspraak gemaak het op die frase *ankh em Ma'at*. Dit kan vertaal word as "Lewe in die waarheid" en sou meer beteken het as wat op die oog af vanuit die vertaling blyk. Ma'at sou die betekenis hê van die vestiging van die orde van dinge soos wat dit bestaan het vanaf die skepping van die wêreld. Hy maak daarom ook die afleiding dat Akhenaten 'n konsep van koningskap laat herleef het wat teruggaan na die vroeë dinastieë (Baikie 1926:304 e.v.) stem hiermee saam, toe die naam "seun van die songod", wat die farao gedra het, ook beteken het dat hyself ook songod was (Aldred 1968:185). Millar (1989:38) sê selfs dat Ma'at as die groot verenigende krag van die Amarna beweging bevestig word deur gereelde verwysings na Ma'at met betrekking tot die koning soos "*Ruler of Ma'at*", "*the king lives by Ma'at*", "*my lord whose heart rest on Ma'at*", "*your son offers Ma'at to your fair face*" en "*Thou (Aten) art Re who has given birth to Ma'at*". Verskeie skrywers, insluitend Gardiner (1964:219 e.v.), het ook daarop gewys dat Akhenaten die aanspraak gemaak het dat hy in die goddelikheid van sy vader gedeel het, selfs in so 'n mate dat hulle soms een identiteit gedeel het. Hierdie gedagte van 'n hervorming van die rol van koningskap sou dan ook aansluiting kon vind by inskripsies vanuit die Ou Koninkryk waar verwysings na die "groot god" moontlik ook 'n verwysing was na die farao.

Aldred (1968:67) het selfs sover gegaan om te sê dat Akhenaten se leer 'n konstante klem op Ma'at (met die vertaling "waarheid") geplaas het, soos nooit tevore of daarna gevind is nie. Die feit dat die farao gedurig sy naam aan die frase "Lewe in die waarheid" gekoppel het, was ook nie bloot simboliek nie. Hy het hom verlustig daarin om gedurig sy familie in die publiek te vertoon en die kuns was eenvoudig maar realisties, selfs ook wat die koning aanbetref. (Aldred 1968:67). Vergelyk voorstellings by fig. 12,13).

Daar is eenstemmigheid dat die begrafnisgebruike grootliks verander het met die onderdrukking van die Osiriskultus. Gardiner (1966:229) het gesê dat die mite van Osiris, wat die triomf van die goeie oor die kwade uitgebeeld en wat vertel het van vroulike toegewydheid en van kinderlike gehoorsaamheid aan die ouers, gevolglik verdwyn het. Hoewel die begrafniskultus nog die meeste van sy uiterlike vorme behou het, is dit beroof van sy vorige betekenis. Die groot heilige kewers wat steeds in die mummies geplaas is, het nie meer dieselfde betekenis gehad nie, want die inskripsies agterop smeek nie meer die hart om nie teen die gestorwene te getuig wanneer sy dade afgeweeg word teenoor Ma'at nie. Aldred (1968:67 e.v.) sê dat alle verwysings na die Osiris ritueel en gebede verban is. Dit is vervang met beelde, waarvan dié van die grafeienaar die vernaamste was. Op ander afbeeldings in grafte is die koning en sy familie weer die hoof rolspelers. Ek is van mening dat hierdie

verskynsel in aansluiting is met die Atenistiese leerstellings, en dat die grafgode vervang is met Akhenaten as beskermheer van dooies sowel as lewendes. Dit wil egter nog nie sê dat die oordeel van die dooies nou verdwyn het nie of dat daar nou 'n gebrek aan 'n etiese leer was nie. Osiris was ook nie altyd by die oordeel van die dooies betrokke nie. Frankfort (1948:117 e.v.) wys daarop dat in ou Egiptiese tekste boosdoeners gewaarsku was dat hulle deur die "groot god" geoordeel sou word. Hierdie inskripsies sou in ooreenstemming wees met die algemene oortuiging dat gode op Ma'at aangedring het (orde, waarheid en geregtigheid) en dat hulle wat hierdie sake verontagsaam het, verdoem sou wees. Indien hierdie "groot god" dan 'n verwysing na die farao is, gee dit vir ons 'n verduideliking waarom Akhenaten dan nou juis prominent in graftonele afgebeeld word gedurende die Amarna Periode. David (1982:73 e.v.) sê die Piramidtekste toon ook dat teen die einde van die Ou Koninkryk, in dieselfde tyd toe die mag van die koning afgeneem het, die kultus van die god Osiris begin toeneem het. Dit het ontwikkel rondom die geloof dat Osiris sowel landbougod as koning van die onderwêreld was. Hy kon daarom ook die ewigheid in sy koninkryk beloof. Aan die begin was dié lewe slegs beskikbaar vir die koning (en was dit waarskynlik op daardie stadium deur die konings gesteun as teenwig vir die mag van die Re priesterdom); teen die Middel Koninkryk kon die adelikes ook aanspraak maak 'n op lewe na die dood en nog later kon alle mense strewe na 'n lewe na die dood indien hulle Osiris aanbid het en hulle lewe gelei het volgens 'n sekere etiese kode. Maar dit was eers teen die einde van die ou Koninkryk dat die kultus van Osiris in gewildheid begin toeneem het ten koste van dié van Re. David (1982:73 e.v.) sê dat, hoewel Re en Osiris van verskillende oorspronge was, hulle belangrike kenmerke gedeel het. Hulle het beide 'n lewe na die dood beloof. In die solare geloof was dit gesimboliseer deur die daaglikse hergeboorte van die son, wat van die horison opstyg nadat dit in die nag deur die onderwêreld gereis het. Die dood en opstanding van Osiris was gereflekteer in die jaarlikse geboorte van die plantegroei na die oorstroming van die Nyl oor die dorre aarde. Dit kan ook wees dat die konings op daardie stadium juis 'n geneigdheid sou hê om die kultus te steun omdat hulle in die Osiriskultus moontlik weer van hulle mag as goddelike regeerder kon terugkry. Osiris is self beskou as 'n menslike regeerder wat na 'n wrede moord op hom die dood oorleef het, as teken van 'n uiteindelike oorwinning van die goeie oor die bose (David 1982:73,74). Akhenaten sou egter aansluit by 'n tyd toe die koning geeneen van die godhede nodig gehad het om sy soewereiniteit te rugsteun nie, 'n tyd toe die farao as gelyk met die gode gereken was. Dit was ook die rede waarom dié kwaliteite wat vantevore aan Re (die daaglikse opstanding) en Osiris toegeskryf is, nou toegeskryf is aan die koning (Akhenaten, skepper van die *Ka* van die mens en betrokke by graftonele).

## 6.2 Samelewingsverband

Die feit dat Akhenaten so min tyd gehad het om sy leerstellings te vestig en die feit dat daar spoedig na sy dood 'n terugkeer was na die ortodoksie, is van die redes wat genoem word om die aanname te maak dat sy leer nie werklik inslag gevind het nie en dat mense Ma'at steeds beleef het soos vantevore. Van die geleerdes wat hierdie siening gehuldig het, was Gardiner (1966:229) wat die stelling maak dat daar by die massas nie 'n diep bewustheid was aangaande Akhenaten se leer nie. Hy staaf sy aanname deur te wys na die opgrawings wat by El-Amarna gedoen is en wat aan die lig gebring het dat daar onder die werkspanne wat die stad gebou het spore was van ander, ouer godsdienste. Daar is byvoorbeeld amulette gevind van die dwergagtige god Bes, van die heilige oog van Horus, ens. Hy erken egter dat daar nog 'n volledige studie gedoen moet word om te bepaal wat die omvang van die invloed van die godsdiens van Akhenaten was. Hy maak self ook melding van die tempel vir Aten by Memfis, asook van die fragmente van Atenistiese reliëfs wat in die Suide van die land en in die Noorde van die land gevind is. Dit mag aandui: òf dat die invloed van akhenaten se leerstellings verder gestrek het as wat aanvanklik gereken was, òf dat die Atenistiese kultus reeds voor die koningskap van Akhenaten bestaan het. Persoonlik verkies ek die laasgenoemde verduideliking.

Bille de Mot (1966:44) kies 'n versigtige middeweg en sê dat die pragmatisme van die Egiptenare hulle verdraagsaam gemaak het teenoor verskynsels van die goddelike, wat selfs die samestelling van 'n god vanuit verskillende godhede kon beteken. Hulle sou dus geen probleem ondervind het om aan die Aten die eerste plek toe te ken nie, solank die ou tradisies steeds gerespekteer is. Die alleenheerskappy van die Aten as universele god het egter hierdie toegewings nie moontlik gemaak nie (Bille de Mot 1966:44). David (1982:153) sê dat die verskil tussen Atenisme en die vorige sonkultusse ingrypend was. Die Egiptenare het vantevore die materiële vorm van die son aanbid en nie die lewendgewende krag en energie wat daaruit voortvloei nie. In die bespreking van Assmann se standpunt het ons ook gesien dat hy Atenisme beskou as 'n "teologie van die Lig". Hoewel die ondersteuners van Re die voorrang van hulle god bo al die ander godhede bepleit het, het hulle nooit aanspraak gemaak dat hulle god alleen aanbid moes word nie.

Aan die ander kant het Aldred (James 1982:103) verwys na die opgrawings wat deur Frankfort in Akhetaten gedoen is wat ook private huise blootgelê het. Hoewel die huise kaalgestroop is deur hulle eienaars toe hulle die dorp verlaat het na die dood van Akhenaten,

kan baie geleer word van die binnehuise versierings. Van die groter huise het ook hulle eie klein heiligdomme gehad wat òf in die middelste kamer ingerig was òf in 'n afskorting in die tuin. Die sentrale punt van die heiligdom het bestaan uit 'n hele paar kunstige afbeeldings of 'n stele met die koning en koningin, wat soms ook vergesel is van een of meer van hulle dogters, terwyl hulle besig is om die Aten te aanbid. Vergelyk fig. 7. Dit is 'n aanduiding van die middelaarsposisie wat Akhenaten in die lewe van die mense ingeneem het. Hy was die een wat toegang tot die Aten gehad het. Hy was die een wat Ma'at uitgedeel het.

Wat ookal die standpunt is wat gehuldig word, kan ons met redelike sekerheid aanneem dat die veranderinge tog 'n rol gespeel het, al sou dit net wees in die lewe van diegene wat Atenisme wel beoefen het. Die veranderinge was egter so ingrypend dat dit moeilik is om te aanvaar dat daar nie mense sou wees, ten minste in die omgewing van die hoofstad, wat deur die nuwe staatsgodsdiens geraak sou word nie. Die mate waarin dit die mense se verstaan van Ma'at geaffekteer het, hang af van die standpunt wat gehuldig word oor die mate waarin die veranderings die betekenis van Ma'at beïnvloed het.

# 7. GEVOLGTREKKING

Allereers is dit noodsaaklik dat ons daarop sal let dat met die inligting tot ons beskikking oor die leerstellinge van Akhenaten, dit nie moontlik is om 'n volkome afdoende hipotese te formuleer nie. Verskeie faktore het hiertoe bygedra. Ten spyte daarvan dat daar 'n haastigheid by Akhenaten was in die ontwikkeling en deurvoer van die leerstellinge waarvan hy eienaarskap ontvang het, kon hy dit nie sterker vestig nie aangesien die regeringstyd van Akhenaten nie baie lank was nie. Na die dood van Akhenaten is hy tot ketter verklaar en is die tempel en stad van Akhetaten gelaat om te verval. Daar is ook later 'n veldtog om dit wat verband gehou het met Akhenaten se leerstellinge te vernietig. Daar is dus nie baie geskrifte wat vir ons behoue gebly het nie. Tog het genoeg oorgebly, veral muurafbeeldings, wat getuienis lewer dat daar 'n omwenteling was in die geskiedenis van Egipte in die Armana Periode.

Alle mense deur die eeue heen het die verantwoordelikheid om vir hulleself 'n leefwêreld te skep. Mense in die wêreld moes die verskynsels in die natuur, wat oral in 'n groot mate dieselfde is, probeer verklaar ten opsigte van die mens se verhouding daarmee. Alle mense het daarom te doen met die kosmos waarmee in harmonie geleef moet word om 'n suksesvolle menslike bestaan te verseker. Waar mense saam woon op dieselfde plek, word sosiale, politieke en morele orde ook benodig om hierdie gunstige leefwêreld te skep. Konsepte soos maatstaf, korrektheid, geregtigheid, waarheid, harmonie, reg, ens. is belangrike begrippe om hierdie leefwêreld vir die mens te skep. Dit beteken egter ook dat hierdie begrippe nie die eiendom van net een samelewing is nie en sommige begrippe sal parallelle vertoon met begrippe in ander kulture. Die verskillende samelewings besit egter elk 'n taal wat verskil van samelewing tot samelewing. Taal is dinamies en ontwikkel saam met die betrokke samelewing. Dit is ook 'n feit dat sommige samelewings vinniger as ander samelewings ontwikkel het. Dit het die implikasie dat sommige konsepte in sommige samelewings 'n meervoudiger betekenis het as in andere. Dus, al sou daar vanuit twee verskillende kulture met soortgelyke konsepte na dieselfde saak verwys word, kan 'n konsep in die een kultuur nog meerdere betekenisse hê as die soortgelyke konsep in die ander kultuur.

Ons het in ons studie getoon dat daar verskeie parallelle (pt 2.6) bestaan tussen Ma'at en ander konsepte vanuit ander kulture wat soortgelyke sake beskryf. Ons het tog ook opgemerk dat verskeie van dié konsepte tekort geskiet het by die konsep Ma'at, maar ook omgekeerd, dat Ma'at tekort geskiet het by ander konsepte soos byvoorbeeld, "logos" in die Johannes-

evangelie (pt 2.6.1). Ons vind dus soortgelyke konsepte vir soortgelyke sake, maar tog kan hierdie konsepte nooit werklik identies wees nie. Die rede hiervoor is die verwydering wat daar tussen kulture bestaan en die gepaardgaande ontwikkeling van taal. Dus, selfs al sou 'n konsep in die een kultuur aan die ander ontleen gewees het, sal die konsepte nie identies bly nie, vanweë die verinheemsing van die konsep en die ontwikkeling wat daarna plaasvind in beide kulture.

Hierdie ontwikkeling het ons ook opgemerk in Ma'at, wat aanvanklik 'n beginsel was en daarna ontwikkel het as godin en simbool (pt 2.5). 'n Ontwikkeling soos die een wat tydens Akhenaten se regering met sy enkelgod-idee plaasgevind het, waar Ma'at ontmitologiseer is en Ma'at nie meer as godin sou funksioneer nie, sou dus nie onmoontlik wees nie. Akhenaten het na alle waarskynlikheid ook kennis gedra van hierdie vroeëre funksionering van Ma'at. Tog sou hy ook die betekenis van Ma'at kon uitbrei, soos wat dan ook gebeur het (pt 4.2).

Dit is opmerklik dat nie een van die geleerdes "wysheid" as 'n betekenis vir Ma'at aangedui het nie. Ek veronderstel dat "wysheid" inbegrepe is in sommige betekenisse wat aan Ma'at toegeskryf is. Dit is egter 'n feit dat die Egiptenare, net soos alle mense deur die eeue, van die lewe sin wou maak. Een van die essensiële vereistes hiervoor sou wees om in harmonie met die natuur en met mekaar te kon leef. Dit bring die orde wat die mens nodig het om te *verstaan* en te *bestaan*. Die persoon wat reg doen en reg spreek is iemand wat begrip het van die waarheid. Hierdie reg doen en reg spreek vra vir die regte verstaan van dinge, en maak dit vir die mens moontlik om 'n leefwêreld te skep. Sou die persoon wat Ma'at doen en spreek dan nie wys wees nie? (pt 2.2).

Van die belangrikste argumente wat gevoer word aangaande die veranderinge wat plaasgevind het gedurende die Amarna Periode, draai rondom die vraag oor wat die bydrae van Akhenaten was tot die Amarna religie (pt 3.1). Ma'at was altyd nou verweef met die kultus en ook met die leefwyse van die mense. Veranderings op dié terreine het ook die betekenis van Ma'at op dié terreine beïnvloed. Die rol en betekenis van Ma'at is van geleerde tot geleerde verskillend beoordeel, na gelang van die standpunt wat die geleerde gehandhaaf het oor die veranderings wat ingetree het met die troonbestyging van Akhenaten. Argumente van 'n radikale verskil tussen die klassieke beskouing en die Amarna beskouing het dan gelei tot die gevolgtrekking dat Ma'at haar betekenis verloor het gedurende die Amarna Periode (pt 3.3), terwyl die standpunt dat Akhenaten aansluiting gevind het by 'n vorige beskouing oor koningskap, handhaaf dat Ma'at nooit verdwyn het nie, maar dat die betekenis van Ma'at selfs 'n uitbreiding kon ondergaan het (pt 3.4).

Persoonlik huldig ek die standpunt dat al die moontlike betekenisse vir Ma'at soos tevore deur die geleerdes genoem (pt 2.2) wel opgesluit lê in die konsep Ma'at en dat daar by tye, met verandering van omstandighede, klemverskuiwings was. Daar is genoegsame aanduidings dat Ma'at nie verdwyn het gedurende die Amarna Periode nie, maar dat dit steeds geleef het in die mond en handelswyse van die koning en sy volgelinge. Daarby saam moet natuurlik gesê word dat die godin Ma'at nie meer erken is nie (pt 6.1).

Die geslaagdheid van die Aten leerstellings, ten minste tot met die dood van Akhenaten, berus op meer as net die pragmatisme van die Egiptenare. Vantevore het ons daarop gewys dat Bille de Mot (1966:44) die standpunt huldig dat die Egiptenare die Atenistiese godsdiens sou aanvaar het, indien dit nie monoteïsties was nie. Die meeste geleerdes is dit eens dat ten minste so vroeg as die tyd van Tutmoses IV daar in Egipte self duidelik die moontlikheid van 'n beweging in die rigting van 'n eksklusiewe sonkultus was. Hierdie beweging word deur sommige geleerdes beskryf as 'n beweging na 'n universele god en deur ander as 'n beweging na monoteïsme. Die universele god was vanweë sy kwaliteite nie alleen god van Egipte nie, maar was god van die heelal. Hierdie moontlikheid was inherent in die sonkultus omdt die son met sy "lig" en "warmte" lewe bring oor alles waarop dit skyn. Hierdie beeld van 'n universele god sou ook inpas by die internasionale oorwinnings wat hulle behaal het. Die god was nie net meer god in Egipte nie. Die skuif van 'n antropomorfe godheid na 'n abstrakte godheid het die beperktheid van die antropomorfiese god opgehef om in te pas by die nuwe rol wat die universele god moes vervul. Dit was egter eers Akhenaten wat die implikasie van 'n universele god deurgevoer het tot monoteïsme. Dit het ingrypende veranderinge op godsdienstige gebied vir die Egiptenaar teweeg gebring (pt 4.2).

Wat maak ons met die vraag oor die gebrek aan etiese leerstellings en die verandering in die rol van Ma'at by die begrafnis gebruike (Assmann 1989:67)? Hier wil ek aansluit by die standpunt van Baikie (1926:307-314;329), wat ook nie Akhenaten se leer as iets vreemds vir die Egiptenaar beskou het nie. Hy praat van 'n hervorming van die geloof in die sonkultus soos dit vroeër bestaan het. In die vroeë geskiedenis van Egipte was die god in die sonkultus ook beskryf as die een wat geregtigheid (Ma'at) lief het en ongeregtigheid haat, en ook as skepper van geregtigheid. Hy sou selfs letterlik gevoed gewees het op geregtigheid soos wat Hapi, die Nylgod, van vis geleef het. Die gevolg was dat die god geregtigheid van sy aanbidders vereis het. Hierdie god het op daardie stadium ook die posisie beklee wat Osiris later beklee het as Regter van die Dood wat geregtigheid geweeg het. Die kultus rondom Osiris was 'n latere ontwikkeling. Hierdie posisie van Osiris mag moontlik 'n kompromis

wees na 'n vinnige toename in populariteit van Osiris wat hom 'n sterk mededinger gemaak het as 'n hoë god (Baikie 1926:307-314, 329). Die verdwyning van Osiris kan nie sinoniem wees met die verdwyning van Ma'at nie. Akhenaten, wat op Ma'at geleef het, was ook die een wat Ma'at uitgedeel het aan sy god sowel as aan die mense. Dit beteken dan ook dat Ma'at steeds van mense verwag was. Dit is dan ook opmerklik dat die afbeeldings van Akhenaten nou die tradisionele graftonele vervang het, iets waarvoor daar nog nie 'n voldoende antwoord gegee is nie. Dit is ook korrek dat die himne wat aan die Aten opgedra is, 'n gebrek toon aan 'n etiese inhoud. Daar kan sekerlik nie van die himne aan die Aten alleen die afleiding maak dat dit die geloof as 'n geheel verteenwoordig het nie. Robert Hari (1985:3) het byvoorbeeld daarop gewys dat daar parallelle tussen hierdie himne en Psalm 104 in die Bybel is wat so opmerklik is dat dit nie geïgnoreer kan word nie. Hierdie liedere blyk hoofsaaklik lofliedere te wees. Tog sou mens (soos reeds gesê) nie op grond van Psalm 104, die Israelitiese religie beskuldig van 'n gebrek aan 'n etiese leer nie (pt 3.2.2).

Ek kan egter nie met Assmann se interpretasie saamstem dat, weens die feit dat die Aten nou alleen-god was, hierdie god nie teenstand gehad het van die magte van die duisternis nie (vergelyk die bespreking van Foster by pt 3.2 waar hy noem dat indien die Aten nie verrys nie, chaos sal oorneem), en dat dit daarom nie die behoeftes van die mense aangespreek het nie, omdat dit nie met die realiteite en vrese van die mense rekening gehou het nie. Die feit dat die positiewe beklemtoon is, het nie noodwendig beteken dat die negatiewe geïgnoreer is nie. Deur die Aten as alleengod te erken, is slegs sy opponente om die posisie as hoofgod verwyder (pt 5). Soos die vroeëre geskiedenis getoon het, het die songod steeds geregtigheid (Ma'at) liefgehad en ongeregtigheid gehaat. Ma'at het dus nie die ander gode nodig om te funksioneer nie. Die Aten het ook steeds van sy aanbidders verwag om geregtigheid (Ma'at) te doen. Net soos Ma'at nie meer as godin verpersoonlik was nie (pt 3.4), so was boosheid ook nie meer verpersoonlik as 'n opponerende god nie. Die feit dat dit egter nie meer as god verpersoonlik was nie, het die konsep nie laat verdwyn nie. Die koning as "seun" van die god, wat verantwoordelik was vir orde, was dan ook voorsiener van Ma'at. Die koning, soos deur die eeue heen, was verantwoordelik vir alle tipes orde.

Die hipotese van Baikie (1926:307 e.v.) vind aansluiting by die gebruik dat die gode wat wou oorleef of in belangrikheid wou toeneem, hulle met die sonkultus verbind het (pt 2.5). Hierdie gebruik het selfs na die dood van Akhenaten steeds voortbestaan. So het ook Amun bekend gestaan as Amun-Re. Dit verduidelik die bestaan van sterk sonkultusse op ander plekke en die aanbidding van die Aten voor die regering van Akhenaten. Dit was egter laasgenoemde

wat die Aten, wat vantevore hoogstens die moontlikheid gehad het om tot 'n nasionale godheid te vorder en hoofgod te word, beweeg het na die posisie van 'n universele god, maar meer nog, dié van 'n monoteïstiese een. As dit dan die geval was dat Akhenaten (en selfs 'n paar konings voor hom, want daar is tog aanduidings van 'n ontwikkeling na universalisme) in die geskiedenis teruggegryp het na die sonkultus soos dit in die verlede bestaan het, kan ons ook aanneem dat Akhenaten ook by daardie gebruik van Ma'at aansluiting sou vind, ook in verband met geregtigheid by die grafgebeure. Tog was daar by Akhenaten ook 'n hernude klem op die waarheidaspek van die betekenis van Ma'at, 'n eienskap wat nog altyd deel was van die betekenis van Ma'at (vgl ons voorstelling van die koning in fig. 13). Verder sal dit moeilik wees om in te sien hoedat daar 'n besef van 'n persoonlike vroomheid kan wees in 'n geloof sonder etiese inhoud. En tog is dit juis diegene wat die standpunt dat persoonlike vroomheid in die Amarna Periode oorheers het handhaaf, wat ook voorstanders is van die standpunt dat Ma'at ook in hierdie tyd verdwyn het (pt 3.2.1). Dit laat die vraag ontstaan of daar nie juis wanneer hervorming plaasgevind het, terug beweeg word na die individu nie. Die soeke na die waarheid beweeg in baie gevalle weg van die instituut na die mens self. Ons kan in hierdie verband ook vergelyk die voorkoms van piëteit na die val van die ou Koninkryk waarna Fox (1995:43) verwys het. Laastens is daar nog die stelling dat Ma'at in hierdie tyd deur Akhenaten gemanipuleer is (Assmann 1989:67). Verskeie uitsprake is deur geleerdes gemaak wat daarop dui dat die farao nog altyd nou betrokke was by Ma'at (pt 6.1). Assmann (1989:75 e.v.) het self gewys op die koning se verantwoordelikheid om gelykheid tussen mense te bewerk deur Ma'at in die plek van *Isfet* te plaas. Dit was net deur die een regeerder, die seun en verteenwoordiger van die songod, wat 'n leefbare orde gerealiseer kon word en *Isfet* verdryf kon word. Die koning moes Ma'at aan Atum offer om die orde in die wêreld te verseker. Tobin (1989:81) sê dat die farao die lewende instrument was waardeur Ma'at in die wêreld, in menslike en politieke sake, gerealiseer word. Hy maak daarom die uitspraak dat Ma'at in die farao beliggaam was. Indien Ma'at by die ander konings sentraal was in hulle funksie, hoekom sou dit by Akhenaten anders gewees het? Ma'at was nog altyd 'n sentrale deel van die koningskap in Egipte. Silvermann (1991:67 e.v.) sê die koning se rol was 'n vaste element van die goddelike orde, sy bestaan was deel van Ma'at en hy was belangrik vir die wêreldorde. Ringgren (1947:48 e.v.) het daarop gewys dat Ma'at die lewenskrag van die songod was en dat die kosmiese orde deur haar beliggaam is. Dit was die koning se rol om deur middel van die kultus-ritueel die orde te onderhou. Indien Akhenaten Ma'at sou verwerp sou hy sy eie koningskap daarmee ontken. Die koning alleen het vanweë sy vermoë as god-koning van die begin af die verantwoordelikheid om kosmiese en sosiale orde te skep. Met behulp van Ma'at het hy die skeppingfunksie verrig.

Die mens moet met dit wat hy tot beskikking het vir hom 'n leefruimte skep. *"Man's place in the universe is that of acreature who is exceptional not because of his origins but because as a thinking creature he is capable of conceiving of things and of giving them a coherent reality into which he seeks to integrate himself" (Derchain 1981:95).* Die antieke mens se verbondenheid met die natuur en die totale kosmos (sy of haar lot) was egter in 'n groot mate vir hom of haar 'n groter werklikheid as vir die moderne mens. Dit was ook die geval met die ou Egiptiese mens afhanklikheid van die Nyl, bedreiging deur die woestyn, ens. Dit is daarom belangrik om hierdie gegewens in gedagte te hou wanneer ons besig is met die interpretasie van die godsdiens en geskiedenis van die volk.

Samevattend is dit dus duidelik dat:

* Die Aten as 'n songod ten minste teen die 18de Dinastie moes bestaan het.

* Egipte vanweë sy internasionale status ook met sy godsdiens begin beweeg het na universalisme. Dit sou ook vir Akhenaten regverdiging kon wees waarom die Aten nie net in Egipte gesag moes hê nie. Verder het sy kwaliteite, as lewegewer aan die hele skepping, sy heerskappy bevestig, en het dit gepas by die internasionale beeld van Egipte.

* 'n Ander motivering van Akhenaten was om die mag van die ander gode as moontlike mededingers van hierdie universele god uit te wis en hom te vestig as alleengod. Hierdie stap was ook nie sonder implikasies nie. Behalwe vir die veldtog teen ander gode (en veral teen Amun) was ook die magtige priesterdom van vorige hoofgode vernietig. 'n Verdere implikasie was dat die godsdiens ontmitologiseer is en dat die antropomorfiese vorme van gode verdwyn het.

* Die een besondere verandering waarin ons in hierdie studie belangstel, is die manier waarop hierdie stap van Akhenaten die konsep van Ma'at beïnvloed het. 'n Duidelike implikasie van die alleengod-ideologie was dat Ma'at nie meer as godin voortbestaan het nie. Verder was Akhenaten se godsdiens 'n ontmitologiseerde een, sonder die stryd tussen gode, wat nie plek gehad het in die alleengod-religie van Akhenaten nie. Daar was dus ook nie meer die mitologiese stryd tussen Waarheid en Valsheid nie. Die verandering het ook deurslag gevind in die begrafnisgebruike waarby Ma'at betrokke

was, want Ma'at was hier saam met ander gode betrokke in die beoordeling van die mens se deugde tydens die lewe op aarde.

* Die verlies van godinstatus het geleerdes die afleidings laat maak dat Ma'at verdwyn het in die Amarna Periode en dat daar geen etiese leer was nie. Nog ander het Ma'at gesien as 'n blote abstrakte simbool van waarheid. Ma'at was egter nie staties in betekenis nie. Dit is egter duidelik dat Ma'at altyd met orde verband hou, of dit in dade was of dit die gesproke woord was en of dit kennis was. Hierdie orde kon met verskillende woorde beskryf word soos waarheid, reg, geregtigheid, harmonie, ens. Hierdie orde is gerealiseer in die kosmos, sosiaal, polities en moreel. Vanweë hierdie feite en ook Ma'at se noue verbondenheid met die koningskap is dit nie moontlik dat Ma'at kon verdwyn nie. Ma'at het steeds gedurende die Amarna Periode gefunksioneer as simbool en beginsel wat orde verteenwoordig het. Dit beteken dat steeds van die koning en onderdane verwag is om volgens Ma'at te leef deur dit te doen en te spreek, anders was orde bedreig. Daar was egter in hierdie periode besondere klem op die waarheidsaspek van Ma'at geplaas wat 'n uitbreiding was op die betekenis van Ma'at. Ma'at het ten spyte van die kom en gaan van verskillende gode deur die jare, nooit ophou bestaan nie, ook nie in die traumatiese Amarnatyd nie.

## 8. LYS VAN SKETSE


| | |
|---|---|
| FIG.1 - | Keel, O. 1978, bls 278. |
| FIG.2 - | Keel, O. 1978, bls 73. |
| FIG 3 - | Keel, O. 1974, bls 60. |
| FIG 4 - | Keel, O. 1978, bls 209 |
| FIG 5 - | Keel, O. 1974, bls 56 |
| FIG 6 - | Millar, B. 1989, bls 20 |
| FIG 7 - | Keel, O. 1978, bls 194 |
| FIG 8 - | Baines, J, & Malek, J. 1984, bls 212, 213 |
| FIG 9 - | Keel, O. 1978, bls 276, 271, 270 |
| FIG 10 | Millar, B. 1989, bls 72 |
| FIG 11 | Milaar, B. 1989, bls 72 |
| FIG 12 | Osman, A. 1990, bls 150 |
| FIG 13 | Osman, A. 1990, bls 150 |

# VERSKILLENDE VOORSTELLINGS VAN MA'AT

FIG. 1



Reghoekige blok met skuinskant



Die veersimbool



Die Ma'at-beeldjie




Antropomorfe voorstelling van Ma'at

FIG. 2



Die oordeelsaal van Osiris

VOORBEELDE: DIE OFFER VAN MA'AT






FIG. 3

# DIE SOLARE BOOT VAN RE




FIG. 4

ANTROPOMORFE VORM VAN MA'AT




FIG. 5

ANTROPOMORFE VORM VAN MA'AT




FIG. 6

AMENOPHIS IV

FIG. 7

# DIE NUWE TRIADE


DIE ATEN




AKHENATEN, NEFERTITI

# VOORBEELDE VAN GODE-TRIADES






Khnum , Satis and Anukis




Ptah , Sakhmet and Nefertem




Khons , Mut , and Amon (Amon-Re )




FIG. 9



Die farao in die teenwoordigheid van Horus




Die farao in die teenwoordigheid van die godin Seshat



Die farao in die teenwoordigheid van Horus

FIG. 10



AKHENATEN EN NEFERTITI WAT LOFOFFERS BRING

Die kinders is ook teenwoordig

DIE "WINDOW OF APPEARANCE"

FIG. 11




FIG. 12



AKHENATEN EN NEFERTITI AFGEBEELD TERWYL HULLE HANDE HOU

FIG. 13



REALISTIESE VOORSTELLINGS VAN DIE KONING

## 9. BIBLIOGRAFIE


Aldred, C. 1968. **Akhenaten - Pharaoh of Egypt : A New Study.** Londen: Thames and Hudson.

Armour, R.A. 1986. **Gods and Myths of Ancient Egypt.** Cairo: American University Press.

Assmann, J. 1989. State and Religion in the New Kingdom. In: Simpson, W.K. et at (red.) **Religion and Philosophy in ancient Egypt.** (Yale Egyptological Studies 3) New Haven: Yale University Press, 55-82.

Assmann, J. 1992a. **Akhanyati's Tehology of Light and Time.** Jerusalem: Leshon Limudim.

Assman, J. 1992b. When Justice Fails: Jurisdiction and Imprecation in Ancient Egypt and the Near East. **Journal of Egyptian Archaeology** 78, 149-162.

Assmann, J. 1995. **Egyptian Solar Religion in the New Kingdom: Re, Amun and the Crises of Polytheism.** Londen/New York: Kegan Paul.

Baikie, J. 1926. **The Amarna Age: A Study of the Crises of the Ancient World.** Londen: A & C Black.

Baines, J & Malek, J. 1984. **Atlas of Ancient Egypt.** Oxford: Phaidon.

Baines, J. 1991. Society, Morality, and Religious Practice. In: Shafer, B.E. (red.) **Religion in Ancient Egypt: Gods, Myths, and Personal Practice.** Ithaca/Londen: Cornell University Press, 127-195.

Bille de Mot, E. 1966. **The Age of Akhenaten.** Londen: Evelyn, Adams & Mackay.

Breasted, J.H. 1934. **The Dawn of Conscience.** New York/Londen: Scribner.

Campbell, E.F. (jr.) 1964. **The Chronology of the Amarna Letters: Coregency of Amenophis III and Akhenaten.** Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Černy, J. 1957. **Ancient Egyptian Religion.** New Haven, Connecticut: Greenwood Press.

Cornelius, I. 1996. The Many Faces of God: Divine Images and Symbols in Ancient Near Eastern Religions. In: Van der Toorn, K (red.) **The Image and the Book.** Leuven: Peeters, 21-43.

David, A.R. 1982. **The Ancient Egyptians: Religions, Beliefs and Practices.** Londen: Archaeological Survey of Egypt.

Davies, N de G. 1963. **Scenes from some Theban Tombs.** Oxford: Oxford University Press.

Derchain, P. 1981. Egyptian Rituals (Vertaal deur G. Honigsblum). In: Bonnefoy, Y. (red.) **Mythologies Vol. 1.** Chicago: University of Chicago Press, 106-110.

Desroches-Noblecourt, C. 1964. **Tutankhamen.** Londen: Reader's Union.

Foster, J.L. 1995. The Hymn to Aten: Akhenaten Worships the Sole God. In: Sasson, J.M. (red.) **Civilizations of the Ancient Near East.** New York: Scribner, 1751-1761.

Fox, M.V. 1995. World Order and Ma'at: A Crooked Parallel. **Journal of the Ancient Near Eastern Society of Columbia University** 23, 37-48.

Frankfort, H. & Pendlebury, J.D.S. 1933. **The City of Akhenaten.** Part II. Londen: Egyptian Exploration Society.

Frankfort, H. 1948. **Ancient Egyptian Religion.** New York: New York University Press.

Frankfort, H. 1978. **Kingship and the Gods.** Chicago: University of Chicago Press.

Gardiner, A. 1966. **Egypt of the Pharaohs: An Introduction.** Oxford: Clarendon.

Hari, R. 1985. **New Kingdom Amarna Period: The great Hymn to Aten.** Leiden: E.J. Brill.

Hayes, W.C. 1951. Inscriptions from the Palace of Amenhotep III. **Journal of Near Eastern Studies 10,** 77 - 159.

Hayes, W.C. 1978. **The Sceptre of Egypt. A Background for the Study of Egyptian antiquities in the Metropolitan Museum of Art.** New York: The Metropolitan Museum of Art.

Helck, W. & Otto, E. 1956. **Kleines Wõrterbuch der Aegyptologie.** Wiesbaden: Otto Harrassowitz.

Hornung, E. 1982. **Conceptions of God in Ancient Egypt. The One and the Many.** Londen: Cornell University Press.

Hornung, E. 1992. **Idea into Image; Essays on Egyptian Thought.** New York: Timken Publishers.

James, T.G.H. 1982. **Excavating in Egypt: The Egypt Exploration Society 1882 - 1982.** Chicago: University of Chicago Press.

Keel, O. 1978. **The Symbolism of the Biblical World: Ancient Near Eastern Iconography and the Book of Psalms** (Vertaal deur T.J. Hallett). Londen: SPCK.

Kitchen, K.A. 1962. **Suppliluliuma and the Amarna Pharoahs.** Liverpool: Liverpool University Press.

Kurpershoek, W.L. 1996. Afrika-sinkretisme, Gereformeerde Prediking en Pastoraat. **In die Skriflig: Navorsingsartikels 30, nr 2.** Potchefstroom: Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, 241-262.

Leprohon, R.J. 1995. Royal Ideology and State Administration in Pharaonic Egypt. In: Sasson, J.M. (red.) **Civilizations of the Ancient Near East.** New York: Scribner, 273-286.

Lichtheim, M. 1976. **Ancient Egyptian Literature: A Book of Readings** (3 Volumes). Los Angeles: University of California Press.

Lichtheim, M. 1992. **Ma'at in Egyptian Autobiographies and Related Studies.** Freiburg/ Göttingen: Universitätsverlag Freiburg/Vandenhoeck & Ruprecht Göttingen (Orbis Biblicus et Orientalis 120).

Lorton, D. 1995. Legal and Social Instructions of Pharaonic Egypt. In: Sasson, J.M. (red.) **Civilizations of the Near East.** New York: Scribner, 345-362.

Manniche, L. 1988. **The Wall Decoration of Three Theban Tombs.** Copenhagen: University of Copenhagen Press.

Millar, B.T. 1989. **The Provenance and Development of The Aten Icon: An Iconographic Approach.** Ongepubliseerde M.A. Tesis. Universiteit van Stellenbosch.

Morenz, S. 1973. **Egyptian Religion** (Vertaal deur A.E. Keep). Londen: Methuen.

Mutwa, V.C. 1965. **Indaba, My Children.** Johannesburg: Blue Crane Books.

Osman, A. 1990. **Moses Pharaoh of Egypt: The Mystery of Akhenaten.** Londen: Resolved Grafton Books.

Redford, D.B. 1965. Some observations on Amarna chronology. **Journal of Egyptian Archaeology** 51, 34-37.

Redford, D.B. 1984. **Akhenaten: The Heretic King.** Princeton: Princeton University Press.

Ringgren, H. 1947. **Wisdom and Word: Studies in the Hypostatization of Divine Qualities and Functions in the Ancient Near East.** Lund: Hakan Ohlssons Boktryckeri.

Seligman, C.G. 1961. **Races of Africa.** Londen: Oxford University Press.

Shafer, B.E. (red.) 1991. **Religion in ancient Egypt: Gods, Myths, and Personal Practice.** Ithaca/Londen: Cornell University Press.

Shaw, I. & Nicholson, P. 1995. **British Museum Dictionary of Ancient Egypt.** Londen: British Museum Press.

Shupak, N. 1992. A New Source for the Study of the Judiciary and Law of Ancient Egypt: "The Tale of the Eloquent Peasant". **Journal of Near Eastern Studies 51** nr 1, 1-18.

Silverman, D.P. 1991. Divinity and Deities in Ancient Egypt. In: Shafer, B.E. (red.) **Religion in Ancient Egypt: Gods, Myths, and Personal Practice.** Ithaca/Londen: Cornell University Press, 30-87.

Spangenberg, I. 1991. Resensie van Assmann: "Ma'at, Gerechtigkeit und Unsterblichkeit im Alten Ägypten". **Old Testament Essays 4**, 277-280.

Tobin, V.A. 1989. **Theological Principles of Egyptian Religion.** New York: Peter Lang.

Trigger, B.G.; Kemp, B.J; O'Connor, D.; Lloyd, A.B. 1983. **Ancient Egypt: A Social History.** Cambridge: Cambridge University Press.

Van Rensburg, K.A.J. 1995. **Die opvattings oor Sonde Skuld Straf en Verlossing onder 'n aantal Xhosasprekende Gevangenisse uit Sionistekerke in die Wes-Kaap.** Ongepubliseerde M.A. Tesis. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Velikovsky, I. 1960. **Oedipus and Akhenaton: Myth and History.** Londen: Bradley Simpkins.

## 10. OPSOMMING

Gedurende die 18de Dinastie vind daar in Egipte veranderinge op sosiaal-godsdienstige gebied plaas, wat ongekend is in die Egiptiese samelewing. Met die bewindoorname van Akhenaten word daar beweeg van 'n politeïstiese godsdiens na 'n monoteïstiese godsdiens. Waar gode vantevore antropomorf voorgestel is, word die monoteïstiese god van Akhenaten, die Aten, ook abstrak voorgestel.

Hierdie veranderinge sou noodwendig 'n invloed hê op die sosiaal-etiese aspek van die samelewing. Die godin wat hierdie aspek verteenwoordig het, was die godin Ma'at. In hierdie studie word daar gekyk na wat met die godin Ma'at gebeur het in hierdie periode. Ma'at word eers gedefinieer sodat presies vasgestel kan word wie sy was, wat haar verhouding met ander gode was en wat sy in die samelewing verteenwoordig het. Daar word na soortgelyke begrippe, in ander kulture gekyk. Dit word vasgestel dat hoewel begrippe elders voorkom wat soortgelyke sake aanspreek, Ma'at tog 'n eg Egiptiese term was met wortels in die mitiese beeld van die faraoniese staat en religie.

Daar bestaan hoofsaaklik twee gedagterigtings oor wat met Ma'at gedurende hierdie monoteïstiese geloofstydperk gebeur het. Die een gedagterigting wil dit hê dat Ma'at gedurende hierdie periode verdwyn het, terwyl ander die voortgesette bestaan van Ma'at veronderstel. Enkele geleerdes het 'n versigtige middeweg probeer volg deur te beweer dat Akhenaten se bewind van so 'n korte duur was, dat die veranderings wat deur Akhenaten aangevoor is, nie eintlik 'n impak gehad het op die samelewing nie.

In die soeke na 'n meer bevredigende teorie word vasgestel dat die voortbestaan van gode afgehang het van hulle gewildheid by hulle aanhangers, en dat gode in Egipte tog van tyd tot tyd kon verdwyn. Dit was ook nodig om die redes te ondersoek waarom die koning Akhenaten, juis hierdie ingrypende veranderinge implementeer het.

Dit word bevind dat Ma'at die orde in die kosmos en samelewing verseker het, en dat 'n verdwyning van Ma'at chaos tot gevolg sou hê. Hoewel diegene wat wil beweer dat Ma'at verdwyn het, juis aanvoer dat chaos geheers het, en dit die rede was waarom Akhenaten as ketter verklaar is en 'n "Reformasie Stele" opgestel is wat Ma'at weer sou herstel, is daar geen bewyse vanuit die geskiedenis dat daar wel chaos in Egipte in hierdie tyd geheers het nie. Vanweë die monoteïsme van Akhenaten kon Ma'at egter nie as godin bly voortbestaan nie,

maar is dit tog duidelik vanuit die studie dat die begrip Ma'at en wat dit verteenwoordig het, in die samelewing bly voortbestaan het.

## ABSTRACT

The 18th Dynasty in Egypt was characterized by events that influenced the social and religious scene. These changes were foreign to the Egyptian lifestyle. When Akhenaten became king he changed the State religion from polytheism to monotheism. Gods were traditionally portrayed as anthropomorphic beings, but the Aten of Akhenaten was an abstract and universal god.

The assumption is made that these changes must have influenced the social and ethical aspects of the society. Ma'at was the goddess who represented these aspects in society. In this study we try to find out what happened to this goddess during that period. In our defenition of Ma'at we show who she was, what her relationship with other gods was and what her role in society was. The possibility that there may be parallel concepts in other cultures was explored, but it was found that Ma'at was a typical Egyptian term with roots in the mythological view of the Egyptian state and religion.

There are primarily two schools of thought as to what happened to Ma'at during this period. The one opinion is that Ma'at disappeared completely, while the other opinion states that Ma'at survived throughout the whole period. Some tried to explain that the period of Akhenaten's reign was so short that these changes did not have any major effect on Egyptian society.

In the search for a more adequate theory it was found that the survival of the gods was dependant on their popularity with their followers and that Egyptian gods could indeed disappear from time to time. It was also necessary to investigate the reasons why Akhenaten implemented these changes.

It was found that Ma'at was responsible for order, and that without Ma'at there would have been chaos. Those who advocate the disappearance of Ma'at do believe that there was chaos and that that was the reason Akhenaten was declared a heretic and the Reformation Stela, which claims that Ma'at was reinstated, erected. There is, however, no evidence of chaos in Egypt in this period. Due to the monotheistic religion of Akhenaten Ma'at could not continue to exist as a deity but Ma'at continued to exist as a principle representing order.

## 11. TIEN SLEUTELWOORDE

1 Akhenaten

2 Amarna himne

3 Amarna Periode

4 Amarna religie

5 Amun

6 Aten

7 Isfet

8 Ma'at

9 Orde

10 Reformasie Stele

**AFRICANA**

Author: VAN WYK, B. P.
Title: MA AT IN EGIPTE- EN VERANDERINGE IN DIE AMARNA
Call No.: 299.31 VANW

| Date | Signature Student no. | Time | Staff |
|---|---|---|---|
| 8/3/05 | 2558780 | 10:11 | [illegible] |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

| Date | Signature Student no. | Time | Staff |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |